

ENKELE SIKLIESE ASPEKTE IN DIE WELGEVONDEN-TRILOGIE

deur

ETIENNE LEROUX

Marie Shona Mouton

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

DEPARTEMENT AFRIKAANS EN NEDERLANDS

van die

UNIVERSITEIT VAN NATAL

Durban

Junie 1976

INHOUDBladsyHoofstuk I

Ruimtelike Plasing	1
1. Fisiese Kern	2
A. Die Welgevonden Landgoed	2
B. Die Welgevonden Stigting	6
C. Oita, die shopping centre	12
2. Geestelike Kern	16
A. Die Welgevonden Landgoed	17
B. Die Welgevonden Stigting	23
C. Oita, die shopping centre	26
3. Samevatting	30

Hoofstuk II

Karakters in die Welgevonden-trilogie	32
1. Hoofkarakters in die Welgevonden-trilogie	36
A. Henry van Eeden se Individuele	36
B. De Goede se soektog na die Sondebok	48
C. De Goede se Individuele in <u>Die Derde Oog</u>	57
Gudenov se Individuele in <u>Die Derde Oog</u>	65
Samevatting	72
2. Nuwe-karakters in die Welgevonden-trilogie	73
3. Samevatting	93

Hoofstuk III

Sikliese aspekte	96
Summary	114
Bibliografie	115

Doelstelling

Die doel van hierdie ondersoek was om die wysigings en herhalings wat in die drie romans waaruit die Welgevonden-trilogie bestaan, te ondersoek, om vas te stel of hulle as sikliese elemente funksioneer binne die bestek van die trilogie, en indien wel, in hoe 'n mate hulle tot die hegtheid van struktuur van die trilogie bydra.

Die uitgangspunt is die drie struktuurelemente wat volgens Wolfgang Kayser¹⁾ so belangrik is in die epiese vorm, nl. figuur, ruimte en gebeure. Ons het met 'n ondersoek na die ruimtelike plasing in die drie romans begin en daarna ondersoek ingestel in die karakters om vas te stel wat hul bydrae is tot die sentrale tema. 'n Aparte bespreking van die gebeure as struktuurelemente is uitgelaat, aangesien die handeling al in die besprekings van die figure betrek is. 'n Roman kan nie slegs karakters bevat en geen handeling nie, en op dieselfde manier kan daar geen handeling sonder karakters wees nie. Die twee hang saam.

Die volgende afkortings word deurgaans gebruik:

- SD. = Sewe Dae by die Silbersteins
- AZ. = Een vir Azazel
- DO. = Die Derde Oog

1) Volgens Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 3

HOOFSTUK I

Ruimtelike Plasing

In elkeen van die drie romans waaruit die Welgevonden-trilogie bestaan, vervul die agtergrond waarteen die gebeurtenisse afspeel, 'n uiters belangrike funksie. Die Welgevonden landgoed, die Welgevonden Stigting en Oita, die shopping centre, is belangrike simbole in die romans.

In verband met die simbool sê C.G. Jung: "The living symbol shapes and formulates an essential unconscious factor, and the more generally this factor prevails, the more general is the operation of the symbol; for in every soul it touches an associated chord. Since, on the one hand, the symbol is the best possible expression of what is still unknown — an expression, moreover, which cannot be surpassed for the given epoch — it must proceed from the most complex and differentiated contemporary mental atmosphere. But since, on the other hand, the living symbol must embrace and contain that which relates to a considerable group of men for such an effect to be within its power, it must contain just that which may be common to a large group of men. Hence, this can never be the most highly differentiated or the highest attainable, since only the very few could attain to, or understand it; but it must be something that is still so primitive that its omnipresence stands beyond all doubt. Only when the symbol comprises this something, and brings it to the highest possible expression, has it any general efficacy. Therein consist the potent, and at the same time redeeming, effect of a living, social symbol."¹⁾

Volgens Etienne Leroux is die simbool "'n geleier waarvolgens psigiese energie oorgaan tot een of ander kultuurhandeling" m.a.w. dit is 'n "transformator van energie."²⁾ Dit ontstaan spontaan "deur 'n outonome proses van simboolvorming in die diepste lae van die Kollektiewe Onbewuste deur die argetipes."³⁾

J. Jacobi sê dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die argetipes of oerbeelde van die kollektiewe onbewuste wat vanuit die dieptes van die menslike psige

1) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, Staub de Laszlo, V. (ed.), pp. 276 en 277

2) Smuts, J.P. en H.D. Büttner (red.): Woordwêreld: "Die mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite" deur E. Leroux, p. 73

3) Ibid., p. 73

voortspruit en wat gelaai is met numinositeit en die argetipes van die kollektiewe bewuste wat verteenwoordigend is van die tipiese norme, sienswyses en gewoontes wat in 'n spesifieke gebied heers. Eersgenoemde verteenwoordig die spontane manifestasie van hul outentieke, essensiële geaardheid, terwyl laasgenoemde flou en afgewaterde namaaksels is van die onbewuste argetipes. Wanneer hierdie flou namaaksels saamgroepeer, wanneer 'n groot aantal gemiddelde opinies hulself opstel as reëls van psigiese gedrag, ontstaan die gevaar dat allerhande -ismes kan voorkom wat die mens kan oorweldig en hom van sy instinktiële grondslag kan vervreem. Hierdie -ismes het ook 'n argetipiese grondslag, want hulle ideale was eers ook numineus, maar mettertyd is dit vervang deur program, doktrine ens. Anders as die egte simbool wat ons hele wese aangryp, mislei en verlei die sisteem, teorie, doktrine, program ens. ons verstand, sonder om dit te verhelder.¹⁾

Simbole kan ook nie ewig bestaan nie. F.I.J. van Rensburg stel dit so: "'n Simbool gee sinvol uiting aan die behoefte van die Onbewuste in 'n bepaalde tyd. Wanneer die behoefte bevredig is, is die nut van die simbool afgedaan en moet dit plek maak vir 'n nuwe, want die kenmerk van die Onbewuste is dat dit ewig uitreik na nuwe vergestaltung."²⁾ Simbole kan nooit permanent wees nie. "Ordes moet gedurig wyk sodat die mites waaraan hulle gestalte probeer gee, hul ewigheid kan behou."³⁾

In die Welgevonden-trilogie het ons te doen met drie sentrale simbole, maar hulle is simbole wat hul numinositeit verloor het en waarvan die inhoude geleidelik uitgeput geraak het. Dit het geskied hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die mens self deur sy denke en rede die simbole vernietig het. As gevolg daarvan moet nuwe, lewegewende simbole gevind word.

1. Fisiese Kern

In al drie romans word die innerlike gees en atmosfeer wat in die bepaalde gemeenskappe heers, in 'n groot mate deur die uiterlike weerspieël.

A. Die Welgevonden Landgoed

Welgevonden, Jock Silberstein se spogplaas, is 'n hoogs gemeganiseerde plaas,

1) Jacobi, J.: Complex / Archetype / Symbol in the Psychology of C.G. Jung, pp. 112

2) Van Rensburg, F.I.J.: "Etienne Leroux as Siklusbouer," Standpunte, Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972, p. 14

3. Ibid., p. 15

waar die heel modernste boerderytegnieke suksesvol toegepas word. Tegnies gesproke is dit 'n modelplaas, met die aanhoudende gedreun van vragmotors, masjinerie en mensestemme. As dié geluide ophou, begin die dieselmasjien, die "hart van Welgevonden"¹⁾ klop.

Die klem lê op die aktiwiteit en werkywer op Welgevonden. "Die trekkers raas, die brouery dreun, die vragmotors brul, die melkkanne klater, die waters murmel, die voëltjies kwetter, Welgevonden se werksmense sing."²⁾ Dit is egter grotendeels meganiese aktiwiteit wat in baie opsigte onnatuurlik en kunsmatig is. Tussen al die geluide kan die doodskreeu van 'n pou gehoor word — 'n aanduiding dat natuurlike dinge op die plaas besig is om te verdwyn.³⁾

Weerskante van die ingangspoort van Welgevonden strek witgeverfde ringmure tot teenaan die horison. Die teerpad na die opstal kronkel tussen "ou Kaaps-Hollandse Jonkheerhuise aan die een kant en ou Kaaps-Hollandse stalle aan die ander kant"⁴⁾ met stinkhoutdeure, grasdakke en versierde gewels. Daar is 'n verskeidenheid bome langs die pad en wit mure waaroor bougainvillae rank. Dié beeld van Welgevonden weerspieël nie net die welgesteldheid van die Silbersteins nie, maar beklemtoon ook die statigheid en grasie van die ou Kaap wat Jock op Welgevonden probeer herskep. Soos hy aan Henry verduidelik: "Ons probeer 'n leefwyse hier vestig — soos in die ou Kaap. 'n Liberale leefwyse, beskaafd en prikkelend."⁵⁾ (my kursivering)

Tog, te midde van al hierdie "volmaaktheid", is daar ook tekens van verwaarloosing: die tennisbaan met sy vertoingde net en verweerde strepe, die toegegroeiende pagoda en die vergiftigde put waarvan die handpomp met brandnekels toegegroei is, en wat met groen skim aangeslaan is. Hierdie tikkie onvolmaaktheid wat in die volmaakte aanwesig is, kom ook voor in Brutus, die manjifieke tweekleurige teelbul wat 'n klein, wit kolletjie, die grootte van 'n tiekie, tussen die ore het. Dries van Schalkwyk se woorde in verband hiermee is ook van toepassing op die spogplaas, Welgevonden. "Nou is die geheim verklap; die bekende geheim van Brutus; die tikkie afwyking wat perfektheid verydel."⁶⁾

1) SD., p. 13

2) SD., p. 13

3) Kannemeyer, J.C.: Op Weg na Welgevonden, p. 24

4) SD., p. 9

5) SD., p. 12

6) SD., p. 65

Tydens hul oggendwandeling op Welgevonden, kom Jock en Henry op asbesdakhuisies af wat in die bos weggesteek is. Jock noem hulle die "Accademia d'amore"¹⁾ — tog is hulle in die werklikheid huise van ontug. Henry sien ook die massiewe rondawel waar verskillende rassegroepe bymekaarkom, asook die swembad, gebou volgens Olimpiese standaarde. Gekleurde ligte is tussen die bome, blomme en struie langs aan aangebring.

Jock wys vir Henry die pronkstuk van Welgevonden, 'n tuin "waar Hollandse tulpe 'n binneplaas simmetries tweekleurig verdeel. Die geel aan die een kant en die rooi aan die ander kant vlam presies ewe hoog in die son en is 'n toonbeeld van estetiese noukeurigheid."²⁾ Elke plant is volmaak en gesond as gevolg van jare se studie gewy aan die perfekte plant. "Daar is eenderse aartjies in elke blom om hulle: 'n ligte groen bepaal deur die eweredige verspreiding van die blommesap. En die kleure is egalig rooi en egalig geel."³⁾

Hierdie blomtuin verbeeld die hele strewe en doelstelling van Welgevonden: volmaaktheid; 'n volmaaktheid wat teweeggebring is deur middel van orde en wetenskaplike beplanning. Soos Jock dit stel: "Ons moet die ewewig kry, die balans — ietsie van die masjien in die mens."⁴⁾

Henry word deur Jock op 'n toer van die wynkelders geneem en hulle word deur 'n bewaarder voorgekeer wat op een of ander vorm van identifikasie aandring. Nadat dit afgehandel is, loop hulle met 'n gang af en hul voetstappe klink hol teen die aangeklamde mure wat met groen mos bedek is. Hulle sien witgeklede wetenskaplikes wat hulle met die fermentasie-proses besig hou. (Hierdie proses bring Jock in verband met die individuasiëproses of die suiwering van die menslike siel wat in 'n latere hoofstuk volledig behandel sal word.)

Hulle kom by 'n kelder uit waar die wyne verouder. In 'n groter kelder word die volkome geïntegreerde wyn gehou. Hulle besoek ook die laboratoriums, die kamer waar die wyn gebottel word en die saal waar die etikette deur ysterhande op die bottels aangeplak word, wat op onderskeie bande uit tonneltjies in die muur aangeseil kom.

1) SD., p. 119

2) SD., p. 71

3) SD., p. 72

4) SD., p. 72

Op pad na die reuse staaltenk waarin die stookwyn opgeberg word, "kom talle vragmotors verby met kissies wyn en brandewyn piramiedvormig daarop gestapel. Al die vragmotors is groen, van presies dieselfde fabrikaat, en die bestuurders is in eenderse geel uniforms geklee. Die naam 'Welgevonden' is op alle beskikbare skryfruimte aangebring."¹⁾

Welgevonden is 'n modelplaas waar alles uiters funksioneel en doeltreffend is. In Een vir Azazel staan: "... dit was nog altyd die beleid op Welgevonden om die funksionele agter 'n estetiese uiterlike weg te steek."²⁾ Maar ten spyte van die oënskynlike volmaaktheid, is daar malinge en woelinge onder die oppervlakte wat dreig om los te bars. Die orde is broos. In die natuurlike-lokasie op die plaas dreig daar 'n staking. 'n Kerk, 'n skool en 'n administratiewe gebou word afgebrand, maar op hierdie stadium word sulke rampe nog in 'n sekere mate met welslae uit die organisme uitgesuiwer en die orde word weer herstel. Tog is dit net tydelik, want die orde kan enige oomblik weer in duie stort, die groot uitbarsting moet nog kom.

By die veelrassige partytjie kyk Henry vas "in die koue aangesig van 'n desintegreerende beskawing, in 'n museumstuk wat gevoelloos die blik van toeriste ervaar"³⁾: kommentaar op die leefwyse op Welgevonden.

Die funksie van die plasing van die handeling op die Welgevonden Landgoed

Vroeër het boerdery altyd 'n nou verwantskap getoon met gelowe en rituele handeling wat noodsaaklik was om die sukses van die onderneming te verseker, m.a.w. daar was 'n sekere magiese eienskap aan boerdery.

Volgens J.E. Cirlot⁴⁾ is die boer die bewaarder van rituele handeling in verband met landbou, want hy sien die "ou jaar" uit en die "nuwe jaar" in. "In spiritual terms, this means that the farmer appears as the catalyst of the forces of regeneration and salvation, forces which join every beginning to every end, forging links which bind time together, as well as the successive

1) SD., p. 27

2) AZ., p. 13

3) SD., p. 86

4) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 97

seasons and nascent vegetation."¹⁾

In Sewe Dae by die Silbersteins is daar nog steeds in 'n sekere mate 'n magiese eienskap aan die boerdery verbode, bv. die wynbedryf wat in verband gebring word met die suiwering van die menslike siel. In Jock se woorde: "In hierdie kelders vind miskien iets soortgelyks plaas as wat met die misteries van Eleusis in die grotte plaasgevind het, of in die Attis-Kubeliëse misteries, of in die ware gewoone met die volkome beleving van sy simbole, of in die kunstenaar met sy oomblikke van visie, of in die siel van die mens wanneer hy in volmaaktheid van insig die versoeningspunt bereik, die complexio oppositorum begryp in die conjunctio oppositorum, die lewe in God ervaar."²⁾

Tog is daar reeds aanduidings dat, as gevolg van die streng wetenskaplike metodes wat toegepas word, die helende krag wat die boerdery op die gemeenskap behoort uit te oefen, besig is om verlore te gaan. Namate die spesialisasie en wetenskaplike tegnieke op Welgevonden toeneem, word die mens al hoe verder vervreem van die egte natuurprosesse en raak hy al hoe meer betrokke by kunsmatige, plaasvervangende prosesse.

B. Die Welgevonden Stigting

Tussen die gebeurtenisse in Sewe Dae by die Silbersteins en Een vir Azazel is daar 'n tydsprong van 18 jaar waarin baie verander het. Salome en Henry het getrou en uit wat 'n ideale huwelik moes gewees het, is die swaksinnige reus, Adam Kadmon, gebore. Na Salome se dood het Jock die grootste gedeelte van die huis en die hele landgoed aan die Stigting geskenk en dit het groot veranderinge tot gevolg gehad.

Welgevonden, die eertydse spogplaas van die Silbersteins, verkeer in Een vir Azazel in 'n toestand van verwaarloosing en agteruitgang. Van die uitspattigheid en welgesteldheid van weleer bly daar niks oor nie. Onder die Stigting het nugtere rede in so 'n mate toegeneem dat daar nie meer plek is vir die irrasionele nie. Dit is 'n gemeenskap waarin niks meer verborge is nie. Spesialisasie het 'n hoogtepunt bereik, maar die orde het, as gevolg hiervan, tot blote organisasie vervlak en die gevoel van desillusie en desintegrasie wat heers, word in 'n groot mate in die uiterlike verbeeld.

1) Cirlot, J.E. : A Dictionary of Symbols, p. 97

2) SD., p. 49

As gevolg van vloedwaters is die Stigting van die buitewêreld afgesonder. Volgens dr. Johns is dit "die ideale afsondering, die verbreekte verbindingskanale, die kasteel in die bos, die ontwrigte paradys."¹⁾ Dit kontrasteer met die verkeer tussen die buitewêreld en Welgevonden in Sewe Dae by die Silbersteins, die partytjies wat elke aand gehou is en wat deur mense van alle lae van die bevolking bygewoon is.

As ons die uiterlike beskrywing van die Welgevonden landgoed vergelyk met die beskrywing van die Stigting 18 jaar later, is die veranderinge opvallend.

"Anderkant hierdie deur het die Stigting alles oorgeneem. Ek vertrou dat jy die verskil dadelik sal opmerk," sê dr. Johns.²⁾

"Daar is tekens van herehuise, maar dis moeilik om sonder hulp die oorspronklikes uit te ken. Openbare Werke het op kenmerkende wyse dit reggekry om deur toevoegings en aanbouings alle stylvorme ongedaan te maak. Hier en daar het die monumentekommissie hulle bronswapen aangebring om die outentieke te identifiseer vir 'n dankbare nageslag: 'n mooigevormde oewerbalk hier, 'n kantlaagmuur dáár. Die groen bronsstekens (en hulle wemel in hierdie doolhof) toon ou-Kaapse argitektoniese eilande in die amptelike roesemoes aan."³⁾ (my kursivering)

Vanaf 'n grasperk wat die huis omring, kan dr. Johns en De Goede die veranderinge en toevoegings beter sien. "Hier het die Stigting totaal oorgeneem en in so 'n mate aangebou dat Openbare Werke se boustyl, van die Ou-Kaaps-Hollandse las bevry, uiteindelik tot sy reg gekom het. Daar is orals bruin kossyne, die verf in ses of sewe lae aangebring om die materiaal geheim te hou. Dis dof, swaar en solied en laat mens dink aan stasiegeboue of daardie baksteenkleurige konstruksies op proefplase. Die bome voor die vensters is skaars en inheems en groei omtrent 'n halfduim 'n jaar om oor driehonderd jaar 'n trotse skaduwee te gooi. Die blomme in die beddings is volkome geregimenteer — maar op 'n ander wyse as in die ou dae van Welgevonden. Daar is nie meer die matematiese vrolikheid nie; die sieklike kwyn siekliker langs die sterkes wat sterker word, albei onder die wakende oë van botaniste wat in altwee rigtings spesialiseer en groei en verval ewe fassinerend vind."⁴⁾

1) AZ., p. 74

2) AZ., p. 54

3) AZ., p. 54 (Sien beskrywing van die pad wat na die huis lei — SD., pp. 9-10)

4) AZ., p. 55

Op die grasperk gaan staan hulle voor nuwe geboue wat soos 'n Amerikaanse Paradise Township lyk, ontwerp deur jong argitekte wat in die buiteland verkeer het. Die mure is verskillende kleure, die staalrame eenvormig, een kamer reg teenoor die ander, en die inwoners "geskei deur groot glasvensters en grasperkies, leef na buite en vir mekaar."¹⁾ Die kamers is beplan vir waarneming van buite, en soos De Goede in sy sakboekie skryf: "Net soos visse in 'n akwarium, verkeer die mens in die waan dat hy onsigbaar is."²⁾

Die ry spierwit asbesdakhuisies, elkeen met 'n vierkantige tuintjie voor en 'n kleinhuisie agter, wat 18 jaar tevore huise van ontug was, het nou 'n anachronisme geword, want hulle vervul nie meer daardie funksie nie. "... daardie besondere bevrediging word deesdae binne die maatskappy verkry met die verligte samewerking van vrouens van alle stande."³⁾

Die voorste deel van die Silbersteins se spoghuis word nog deur die Silbersteins bewoon, maar die grootste gedeelte is aan die Stigting geskenk. Die plek is volgeprop met meubels wat teen mekaar geskuif is en onbewoonbaar gerangskik is. Driekwart van die oudhede vergaan in stoorkamers. Tog is daar in die voorkamer met die yslike meubels wat selfs die uitsig versper "ten spyte van alles, geen gehawendheid nie. Die ontbinding is toegepoleer, die verkrummeling tot stilstand gebring met vernis en lak."⁴⁾ Dié beskrywing het inderdaad betrekking op die hele Stigting.

Die groot saal, voorheen bymekaarkomplek, is nou 'n pakhuis. Die massiewe rondawel is nou 'n reusagtige rondawelkerk wat in protes afgebrand word as Julius Jool, aartskommunis, onder huisarres geplaas word.

Die beton van die swembad is "droog en verkrummel. Barste trek swart strepe tussen die aangekalkte wande... Onkruid en brandnekels groei op die vloer;

1) AZ., p. 56

2) AZ., p. 132 (Vergelyk dit met Jock se teleskoop wat hy gebruik om in die kamers van die huise te loer. SD., p. 27)

3) AZ., p. 123 (Vergelyk SD., p. 119, "'Accademia d'amore,' sê Jock, en die meisies verskyn: die witlippige, donkerogige dogters van God-weet-wie, met dun, swart rokkies wat die wit rondings van hulle bene blootstel vir almal uit alle stande.")

4) AZ., p. 46

daar is die ontlasting van mense en diere in een van die hoeke; slik brander teen die eerste muur. Alles is klam na die onlangse reën en alles broei in die na-reënse hitte. Die suur reuk van aktiewe ontbinding slaan teen hulle aan."¹⁾

Dr. Johns neem De Goede op 'n toer deur die wynkelders, waar daar ook talle ander besoekers is. Al wat nodig is om in te gaan is 'n toegangsvorm wat van 'n tandelose inwoner verkry word en deur hom geteken word.²⁾

Hulle stap deur druppende tunnels wat na die kelders afdaal. "Die wande is begroei met mos en die geluid van hulle voetstappe slaan dof teen die mure. Daar is orals lê vaatjies in die opeenvolgende kamers waarin wyne eertyds verouder het. Die hele plek is 'n museum waar die volledige proses van druiwesap-deur-fermentasie-tot-wyn voorgestel word. Die name is netjies op plakkate aangebring; die geskiedenis is stap vir stap en kamer tot kamer op biljette aangedui; ál die houters en geheel die raamwerk is daar: net die inhoud kom kort. Dit is soos daardie vertoonkaste in 'n antropologiese museum waar skedels, handwerk en implemente die eeue oorbrug, en slegs die lewe ontbreek."³⁾

In die bottelary kom 'n enkele ry bottels op 'n band aangesail en nadat hulle gevul is, verdwyn hulle deur 'n tunnel. In die bottels is "Glutamic acid en Thiamin"⁴⁾ — middels teen drankmisbruik.⁵⁾ Hulle sien die saal waar etikette op die bottels geplaas word en verskeie inwoners allerhande takies verrig, "ge-

1) AZ., p. 39 (Vergelyk SD., p. 32. Die swembad se water is "helder blou. 'n Hele aantal meisies, effens bedek deur bikini's, lê eenkant in die son.")

2) Vergelyk SD., pp. 47 en 48. Jock en Henry word "deur 'n bewaarder voorgerekeer wat onverbiddelik aandrang op 'n persoonskaart of een of ander alternatiewe vorm van identifikasie By gebrek aan persoonskaarte moet hulle vorms invul. Daarna bel die bewaarder 'n sekere nommer Meteens luister hy aandagtig, lees sekere besonderhede op die ingevulde vorms voor en lê die gehoorbuis terug op die staandertjie. Stadig, omslagtig en versigtig vul hy 'n toegangspaspoort in, gluur na hulle onder donker wenkbroue en beduie dat hulle maar kan gaan."

3) AZ., p. 108 (Vergelyk SD., p. 86. "Hy (Henry) kyk vas in die koue aangesig van 'n desintegreerende beskawing, in 'n museumstuk wat gevoelloos die blik van toeriste ervaar, in 'n geskiedenisboek met snaakse prentjies, in 'n meubelstuk op 'n stowwerige solder, in die stof wat tot stof terugkeer.")

4) AZ., p. 111 (Vergelyk SD., p. 73. "In hierdie saal word al die rooi- en witwyne gebottel.")

5) Grové, A.P.: Resensie van Een vir Azazel, Die Vaderland, 9 Okt. 1964

kleed in die uniforms van Welgevonden."¹⁾

Besoekers stroom op en oor die platform van die reuse staaltenk, maar onder hulle brand die leë tenk in die son. Die gids beskryf die besienswaardighede en nooi die besoekers om te spoeg om te sien of hulle die grond kan bereik, en hulle spoeg "totdat hulle saliva deur die wind gedra 'n fyn motreën word wat die grond nooit bereik nie en ontbind in die lug."²⁾

Vragmotors in groen en geel raas by dr. Johns en De Goede verby. "Agter op die bakke, op bankies en ingehok deur tralies, sit 'n menigte mense in die manies-depressiewe staat van pieniekgangers"³⁾ wat hulle kwartaallikse piekniek by die forellemeer gaan hou. Aan die een kant van die vragmotors staan in groot geel letters "The Welgevonden Foundation" en aan die ander kant, "Die Welgevonden Fondasie."⁴⁾

In die begraafplaas is die vorige inwoners van Welgevonden onsamehorig ter ruste gelê. ".... daar is die onbekende, weggevalle grafte met leisteenkopstukke van God weet wie.... Groen raffia simuleer 'n grasperk tussen die klei, kalkklip en swart turf. (Die grond dáár is uiters ongeskik vir verbouing) '.... kunsblomme verewig hulle illusie in onverganklike plastiek."⁵⁾

Die beton opdamningsmure, gebou deur Italiaanse gevangenes tydens die Tweede Wêreldoorlog, bevat uitgekapte beelde van tragiese maskers wat met groen mos bedek is en waarteen allerhande kleure met verloop van tyd aangeslaan het. Hulle het verweer en is nooit herstel nie.

-
- 1) AZ., p. 111 (Vergelyk SD., p. 73. "Aan die kant van die witwyn is 'n reeks Kleurlingmeisies in wit, en aan die kant van die rooiwyn is 'n reeks blanke meisies in bruin uniforms geklee." In die kamer waar die bottels gewas word is naturellemans "in blou uniforms geklee.")
 - 2) AZ., p. 87 (Vergelyk SD., p. 30 waar Henry en Jock albei in die staaltenk spoeg.)
 - 3) AZ., p. 63 (Vergelyk SD., p. 27. Talle vragmotors kom verby "met kissies wyn en brandewyn piramiedvormig daarop gestapel.")
 - 4) Vergelyk SD., p. 27. "Al die vragmotors is groen, van dieselfde fabrikaat ... Die naam 'Welgevonden' is op alle beskikbare skryfruimte aangebring." Die kontras tussen die voorkoms van die vragmotors in Sewe Dae by die Silbersteins en Een vir Azazel is 'n onuitgesproke kommentaar op die beleid van die Stigting om alles wat oorbodig is te snoei en weg te laat en slegs die funksionele te behou. Dit is opvallend dat in teenstelling met die versobering, die naam nou in albei landstale aangebring word.
 - 5) AZ., pp. 28 en 29

Die fontein is oortrek met waterlelies en bevolk met plastiekswane.

Die funksie van die plasing van die handeling op die Welgevonden Stigting

Dit is dus duidelik dat Welgevonden onder die Stigting baie agteruitgegaan het en die verwaarlosing en desintegrasie waarvan daar orals tekens is weerspieël die gevoel van desillusie en leegheid wat die inwoners ervaar.

Spesialisasie en rasionalisasie het 'n hoogtepunt bereik en alles word objektief en nugter beoordeel en uitgeredeneer. Dit is te wyte hieraan dat die boerdery se tradisionele magiese eienskappe en krag heeltemal verlore gegaan het, soos blyk uit die omskakeling van die wynkelders in 'n museum en die wynbedryf in 'n fabriek wat Glutamic acid en Thiamin vervaardig.

Dit word ook in die patetiese bulletjie, Brutus III¹⁾ verbeeld, wat 'n verenging is van sy kragtige en kolossale voorganger in Sewe Dae by die Silbersteins. Die kommentaar op die museum nl. dat die raamwerk bestaan, maar die inhoud en lewe ontbreek, is ook waar van die Stigting.

In die Stigting is niks meer verborge nie en die inwoners word beskerm teen gevare van buite en ook van binne, maar onder die oppervlakte is daar onsigbare magte werksaam wat in die moord op Lila kulmineer.²⁾ Die orde is net 'n illusie.

Leroux se gebruik van die plaas, Welgevonden, nou onder beheer van die Stigting, is dus funksioneel binne die bestek van die betrokke roman, en net soos in Sewe Dae by die Silbersteins is die uiterlike beskrywing van die Stigting 'n beeldende kommentaar op die gees wat daar heers.

Beide Sewe Dae by die Silbersteins en Een vir Azazel het dieselfde ruimtelike plasing maar soos uit die voorafgaande bespreking gesien kan word, is daar wesenlik groot veranderinge wat gedurende die 18 jaar ingetree het. Alhoewel elkeen van die romans in sy eie reg bestaan en volkome onafhanklik van die ander is, vorm die milieu 'n skakel tussen die twee en die verandering dien om die kontras te beklemtoon.

1) AZ., p. 82

2) AZ., p. 108

C. Oita, die shopping centre

In teenstelling met die plaas, Welgevonden, is Oita, die shopping centre, in die middestad. Die straatjies van die voorstad loop tussen skakelhuisies en is reguit straatjies "wat nie wentel nie, maar reghoekig tog 'n matematiese doolhof vorm."¹⁾ Hulle is so eenders dat 'n mens maklik daarin kan verdwaal. Die skakelhuisie is presies dieselfde gemeubileer, met chroomstaalstoele langs bruin baksteenkaggels. Die tuintjies stem ook presies met mekaar ooreen. Hierdie skakelhuisies toon 'n duidelike ooreenkoms met die ry spierwit asbesdakhuisies "elkeen met 'n vierkantige tuintjie aan die voorkant en 'n klein-huisie aan die agterkant"²⁾ waarvan daar in Sewe Dae by die Silbersteins en Een vir Azazel melding gemaak is.

Boris Gudenov se shopping centre, gebou van glas, staalchroom en sement, is helder verlig. Dit is "nie alleen 'n argitektoniese droom nie, maar 'n toonbeeld van verbeeldingryke organisasie. 'n Mens kan daar gebore word, jou ten volle uitleef en sterf sonder om die komplekse gebou te verlaat. Life beskryf dit as 'n modelstad binne 'n gebou."³⁾

In die shopping centre is daar verdiepings na bo en na onder. "... klaterstringe gedrapeer in kringe tussen papier-maché-goud; roltrappe wat die weg vergemaklik na die vervrolikte put van handelware; en daar is die altyd aanwesige musiek wat wanklinkend 'n kakofonie van schmaltz, ligte opera, tienerballades, cowboyliedere, atonale jazz, stemmingsmusiek en volkswysies laag op laag in almal se koppe trommel.'

'Dis 'n orkes van wanklanke."⁴⁾

Departemente vertak in alle rigtings vanaf 'n middelpunt op elke verdieping. "... dit lyk asof daar geen einde is nie aan die mensgemaakte afgrond waar die onsigbare tieners die tromme slaan en die snare tokkel."⁵⁾ Oita kan in alle behoeftes voorsien. "Daar rus geen verpligting op die klant nie en hy kan, indien hy dit so verkies, sy hele lewe lank hier rond dwaal sonder om iets te

1) DO., p. 66

2) AZ., p. 123

3) DO., p. 19

4) DO., p. 75

5) DO., p. 105

koop"¹⁾ want "die Huis van Gudenov is groot en daar is baie kamers."²⁾

Daar is 'n massa verbruikersgoedere wat te koop aangebied word. De Goede sien 'n man wat te min geld het om die dinge te koop wat hy wil hê. "Hy kan moord pleeg weens die frustrasie van sy dagdrome, die visioene opgetower van homself op 'n woelige strand met daardie krawat om sy nek, daardie Onyx-geur in sy nabyheid, daardie mansjetknope aan sy wit moue — wat hom sal verhef bo die alledaagsheid van sy bestaan."³⁾

Laer in Oita is die ligte dowwer, die atmosfeer vreemder en dit is asof die mense meer word.

Daar is talle konferensiekamers en talle apteke wat voorbehoedmiddels verkoop. "Daar is advertensies teen die mure, dobbelsale, op-art en pop-art, roulette-tafels, vertoonkamers van motors wat die tonmyl kan slaan, kunsblomme, verkyskers, fotometers, oudhede, potteware, vals hare, sigarethouers, bolpenne, rolpenne, vrugte, groente, kaas, knope, kunsnaels, troeteldiere, reisplanne, vlae, kruie, koperware, raket, gholfballe, messe, gewere, speelgoed, purgeermiddels, anti-suurtablette, bier, wyn, brandewyn, boeke, borsspelde, diamante, pêrels, batikwerke, krulpenne, valhelms, ruitveërs, koeëllaers, beeldhouwerk, verf, muurpapier, oorbelle, koerante, blomme, varings, mos, kersbome, manspakke, dasses, rybroeke, tuinstoele, sambrele, tente, speelgoed, onderbroeke, tange, skêre, krane, bidets, seep, barometers, teaterkaartjies, skryfpapier, bosbaadjies, grysmalvas, rooiwildekastaiing, Jerusalemblomme, berglelies, opwasbakke, yskaste, vlugsout, vliegpapier, sandpapier, suiker, sykouse en siphunculata onder glas."⁴⁾ Daar is selfs "'n tak van die burgerlike regspleging waar gematigde amptenare toegelaat word om huwelike te voltrek."⁵⁾

F.I.J. van Rensburg sê Leroux se werk bied "die aanskyn van 'n onuitputlike panorama van die moderne wêreld. Dit lê ten grondslag aan die tallose inven-

1) DO., p. 105

2) DO., p. 109. Dit is 'n ironiese sinspeling op die Bybelteks in Johannes 14:2: "In die huis van my Vader is daar baie wonings." Oita is 'n hemel op aarde.

3) DO., p. 118

4) DO., p. 150

5) DO., p. 151

tarisse wat daar periodiek in sy boeke voorkom — enumerasies van die inhoud van strate, winkels, strande, reistasse, wat nie al nie. Dis asof hy die bo-laag van sy tweeledige werklikheid (die ander is die onderwêreld van mite en Onbewuste) so swaar moontlik wil laai as balanserende teëgewig vir die onder-laag. Dis 'n baie gedateerde en periode-gestempelde wêreld. Van hieruit die onversadigbare eienaam- en datumkoppeling aan voorwerpe en gebeurtenisse wat so gereeld in sy werk voorkom."¹⁾ Volgens A.S. van Straten: "Richter sê verder dat die moderne mens 'n behoefte het 'to obtain a proof of his own existence through the medium of the object, because the subject, man himself, is lost."²⁾

Daar is 'n aanhoudende lawaai in Oita; 'n geraas, 'n "atonaliteit wat nooit ophou nie"³⁾ en 'n aanhoudende stroom mense.

Die funksie van die plasing van die handeling in Oita

Oita is 'n magtige organisasie wat in al die moderne mens se materiële behoeftes voorsien. Dit is gebore uit die mens se behoeftes en "het 'n simbool geword van die dekadente lewe wat deur almal veroordeel maar deur niemand verwerp word nie."⁴⁾ Uit die opnoeming van die verbruikersgoedere blyk dit dat die voorwerp belangriker geword het as die mens self. Dit is 'n gemeenskap wat behep is met materiële dinge, maar wat uiters gefrustreerd en doelloos is. Die simbool het sy magiese eienskap verloor.

Die plasing van die gebeure in Die Derde Oog teen die agtergrond van die shopping centre milieu het dus 'n spesifieke funksie in die betrokke roman. Dit beeld, net soos in die ander twee romans waaruit die Welgevonden-trilogie bestaan, die gees en atmosfeer uit wat in daardie spesifieke gemeenskap op daardie tydstip heers.

Dit is ook funksioneel binne die bestek van die trilogie. In 'n sekere sin is daar 'n sterk parallel tussen Oita en die Welgevonden landgoed wat o.a. geleë

1) Van Rensburg, F.I.J.: "Etienne Leroux as siklusbouer," Standpunte, Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972, p. 18

2) Van Straten, A.S.: "Die Derde Oog sien Amerika hier by ons!" (Deel 2), Tydskrif vir Letterkunde, V:3, Aug. 1967, p. 66

3) DO., p. 151

4) DO., p. 74

is in die aktiwiteit, gejaagdheid en lawaai. Tog is dit by nadere ondersoek net oënskynlik 'n parallel. Dit is eerder 'n kontras wat dien om indirek kommentaar te lewer op Oita. In Sewe Dae by die Silbersteins kry ons 'n maling en woeling van besige werkers, 'n werkywer en gedurige aktiwiteit. Dit is 'n doelgerigte bedrywigheid en produktiwiteit. In Een vir Azazel ontbreek die aktiwiteit en werkywer en die geluide van produktiwiteit. Dié depersonalisasie word 'n stap verder gevoer in Die Derde Oog met die doellose en futiele beweging van mense wat "willens en in 'n sekere sin ook willoos"¹⁾ deur Oita stroom. Daar is 'n "wriemelende, malende, warrelende draaitol van mense"²⁾, maar die doelgerigtheid van die werkers op die Welgevonden landgoed ontbreek.

Op die Welgevonden landgoed is daar 'n aanhoudende gedreun van masjinerie, mensestemme en 'n gewerskaf. Tog is dit 'n harmonieuse lawaai wat nie hinderlik of oorweldigend is nie. In Een vir Azazel is die oorheersende lawaai dié van die maskers wat water uitspuug. "... in die nag is jy bewus van die maskers alhoewel jy hulle nie kan sien nie."³⁾ In Oita is die lawaai oorweldigend en selfs buite die glasdeure van Oita kan die musiek gehoor word. Dit word te reg 'n wanklinkende kakofonie, "'n orkes van wanklanke"⁴⁾ genoem. Die mensestemme word heeltemal oorweldig deur die oorverdowende musiek wat dwarsdeur Oita weergalm.

In Sewe Dae by die Silbersteins sê Jock: "Hierdie plek leef. Iets, iets leef... Iets leef, en solank as wat daar lewe is, leef Welgevonden."⁵⁾ In Een vir Azazel sê dr. Johns: "Lewe is beweging.... Ons staan nooit stil nie: ons is gedurig op pad,"⁶⁾ maar soos alreeds aangedui is, ontbreek die tekens van "lewe" in die Stigting. "Lewe" is ook orals in Oita aanwesig, maar die kontras met die "lewe" op die Welgevonden landgoed word opgesom deur die Brigadier se woorde: "Hulle het eenkeer vir Borges gevra wat die dood is En Borges het gesê: 'Die dood is 'n stad.'"⁷⁾

-
- 1) DO., p. 74
 - 2) DO., p. 151
 - 3) AZ., p. 13
 - 4) DO., p. 75
 - 5) SD., p. 12
 - 6) AZ., p. 61
 - 7) DO., p. 126

2. Geestelike kern

In elkeen van die drie sentrale simbole wat tot dusver bespreek is, nl. die Welgevonden landgoed, die Welgevonden Stigting en Oita, word die huidige wêreldtoestand uitgebeeld; die toename van rasionalisasie en spesialisasie wat die verlies van lewegewende eienskappe en effektiwiteit van die mite tot gevolg het; die geleidelike verdwyning van die individu met die toename in kollektiwiteit wat in die moderne massamens kulmineer; en die tevergeefse pogings om die orde te beskerm teen aanslae van buite.

Volgens C.G. Jung beweeg die libido of psigiese energie in twee rigtings: na die Bewuste (progressie) en na die Onbewuste (regressie). Die progressiewe stadium het te doen met die mens se aktiewe aanpassing by die omgewing en in hierdie stadium ondervind die mens 'n skeppingsdrang en gevoel van opgewektheid. Die regressiewe stadium het te doen met die individu se aanpassing by sy innerlike behoeftes en gedurende hierdie stadium kan die enkeling 'n tydperk van angs en ontwrigting ervaar.¹⁾

In elkeen van die romans in die Welgevonden-trilogie word die regressiewe stadium uitgebeeld en in elkeen word die regressiewe neigings 'n stap verder gevoer. In Sewe Dae by die Silbersteins het ons nog met die oorskakeling van 'n progressiewe na 'n regressiewe stadium te doen, volgens die wet van enantiodrama. Die gemeenskap het hulle uiterlik by hul omgewing aangepas, en daar is aanduidings dat hulle 'n stadium begin ervaar waarin die geestelike aanpassing, wat agterweë gelaat is tydens die progressiewe stadium, al hoe belangriker begin word.

In verband met hierdie verskynsel, sê C.G. Jung: "... we have plunged down a cataract of progress which sweeps us on into the future with ever wilder violence the farther it takes us from our roots. Once the past has been breached, it is usually annihilated, and there is no stopping the forward motion. But it is precisely the loss of connection with the past, our uprootedness, which has given rise to the 'discontents' of civilisation and to such a flurry and haste that we live even more in the future and its chimerical promises of a golden age than in the present, with which our whole evolutionary background has not yet caught up. We rush impetuously into novelty, driven by a mounting

1) Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, pp. 18 en 19

sense of insufficiency, dissatisfaction, and restlessness. We no longer live on what we have, but on promises, no longer in the light of the present day, but in the darkness of the future, which, we expect, will at last bring the proper sunrise. We refuse to recognise that everything better is purchased at the price of something worse; that, for example, the hope of greater freedom is cancelled out by increased enslavement to the state, not to speak of the terrible perils to which the most brilliant discoveries of science expose us. The less we understand of what our fathers and forefathers sought, the less we understand ourselves, and thus we help with all our might to rob the individual of his roots and his guiding instincts, so that he becomes a particle in the mass, ruled by what Nietzsche called the spirit of gravity."¹⁾

Dit geld ook vir die geestelike kern van Sewe Dae by die Silbersteins, Een vir Azazel en Die Derde Oog. Die volgende opmerking van Jung het ook betrekking op die moderne samelewing wat in die drie romans uitgebeeld word: "Whether from the intellectual, the moral or the aesthetic viewpoint, the undercurrents of the psychic life of the West present an uninviting picture. We have built a monumental world round about us, and have slaved for it with unequalled energy. But it is so imposing only because we have spent upon the outside all that is imposing in our natures — and what we find when we look within must necessarily be as it is, shabby and insufficient."²⁾

A. Die Welgevonden landgoed

Op hul toere van Welgevonden verkondig Jock telkens sy lewensopvatting aan Henry en daarmee die beleid op Welgevonden.

Welgevonden is 'n "super-masjien"³⁾ waarin niemand onontbeerlik is nie. "Ons is 'n groot organisme, 'n super-demokrasie wat tegnies perfek werk. Die enkele menslike geval het 'n kliniese begrip geword; die menswees is 'n abstraksie; ons werk almal as span saam in die laboratorium," sê Jock vir Henry.⁴⁾

Jock is besig om 'n nuwe orde te skep waarin die Nuwe Syn gesigloos is. Soos

1) Jung, C.G.: Memories, Dreams, Reflections, p. 263

2) _____, : Modern Man in search of a Soul, p. 247

3) SD., p. 31

4) SD., p. 31

hy sê: ".... ons belangstelling is nie meer in die enkeling en die gesig wat hy vir almal voorhou nie; dis die anonieme mensheid as geheel Ewige waarhede word nie van tydperk tot tydperk outomaties oorgedra nie — in elke epog moet hulle van nuuts af gevind word. Daar is elke keer 'n nuwe Self en ons s'n is gesigloos Daar word nie tyd verspil op die persona wat jy vir jou familie, vriende en kennisse voorhou nie. Nee, boeta. Daar is geen illusies meer nie. Ons het van die vrug van kennis geëet die laaste dekade. Jy, ek, Salome en ons almal aanvaar die enkele persoon etiketsonthalwe, maar ons soek agter die gemeenskaplike masker. Ons vra op 'n ander manier: wie is ons? Die nuwe era het begin. Die manjifieke enkeling lê dood op die ashoop. Die karnaval is verby."¹⁾

In verband met die gesigloosheid van die Syn, sê Jock ook: "Dis omdat die enkeling sy dramatiese beeld verloor het. Daar is te veel mense in die wêreld. Daar is 'n wesentlike onverskilligheid oor die lot van die enkeling, daar is slegs 'n deernis vir die groep, die groter eenheid Daar is nie meer enkele karakters nie; ons is almal bloot geleibuisse."²⁾

"Niemand stel werklik belang in die enigheid van die ander se karakter nie. Ons is 'n samestelling van gesigte en ons besef die futiliteit om iets wys te word van die veelsydige patrone. Die ware self is totaal, is deel van die naamlose menigte. Elkeen van ons is bloot 'n geleibuis van die stroom van opgegaarde kennis. Dis 'n benouende gedagte. Ons het geen enkele beeld meer van enige aard nie Dink aan die ontsettende ramp van die verdwyning van die enkele mens hoe nader ons aan die wesenswaarheid kom! Voel jy die eensaamheid, die alleenheid? Weet jy wat hierdie alleenheid en eensaamheid is? Dis net die presiese teenoorgestelde. Ons is nie alleen nie. Ons besef aldag meer en meer ons gesamentlike aandeel in die lot van die mensheid. Die eensaamheid is die verlange, die pyn by aanskouing van die valse beeld van die enkeling wat stuksgewys met ons nuwe insig verdwyn. So verlang ons altyd na die vorige tyd wanneer ons in die nuwe tyd gebore word," aldus Jock.³⁾

'n Rukkie later beklemtoon Jock dit weer. ".... ons het ons beelde verloor.

1) SD., pp. 31 en 32

2) SD., p. 52

3) SD., p. 53

Daar is geen enkelinge nie. Daar is net die karikatuur van Jock, Salome, al die ander en jouself!"¹⁾

As Jock en Henry deur 'n denneplantasie loop, sê Jock: "Hoe heerlik afgesonderd is dit nie En hoe skaars is afsondering nie! Dis net jou badkamer, 'n enkele bos, 'n moeilik bekombare plek wat jou 'n uitvlug bied. Mens word vandag gedwing om met jou medemens te lewe."²⁾

Hierdie verlies van identiteit en oorgawe aan die abstraksie en gepaardgaande kollektiwiteit word onder andere deur Henry, die tuinier en Sir Henry Mandrake, uitgebeeld.

Gedurende sy sewedaagse inisiasie op Welgevonden verloor Henry sy individualiteit en gaan geleidelik op in die kollektiwiteit en anonimiteit. Dit word o.a. verbeeld in Henry se verkeerde keuse van klere elke aand vir die partytjies, behalwe op die laaste aand wanneer hy in dieselfde kleredrag as die ander gaste verskyn.

Die tuinier verloor ook geleidelik sy identiteit in die loop van die roman. J.C. Kannemeyer wys daarop dat die tuinier in baie opsigte Henry se dubbelganger is. Soos hy in die geheim van die nuwe masjiën ingewy word, word Henry ingelyf by die wêreld van Welgevonden. Dit gaan om die aflegging van identiteit en die opgaan in iets wat hulle nie ten volle begryp nie en waarvoor hulle die geloof nodig het om dit vir hulleself sinvol te maak.³⁾

Die verdwyning van die individu, Henry van Eeden, vind ook 'n parallel in die sterwe van Henry Mandrake, Henry se naamgenoot.⁴⁾

In hierdie gemeenskap wat strewe na vakmanskap en spesialisasie is die volkome mens "afgetakel in al die skerwe van sy vroeëre samestelling — pure skoonheid, pure verstand, pure krag, pure gees en pure liggaam. Weg vir altyd is die gevoel wat alles omvat. Ons weet te veel. Die kritiese enkele sel in die organisme is gou by om die valsheid van 'n troebele geheel te bewys. Ons kyk na me-

1) SD., p. 53

2) SD., p. 30

3) Kannemeyer, J.C.: Op Weg na Welgevonden, pp. 27 en 28

4) Sien p. 42 van hierdie verhandeling vir bespreking hiervan

kaar uit ons gespesialiseerde hoekies. Ons wag op die vermoë om 'n nuwe sintese te vind."¹⁾

In hierdie gemeenskap, wat in die rigting van vakmanskap, spesialisasie en anonimiteit beweeg, word die albino verhef tot ideaal. Die albino het hom "as deel van die groter eenheid gesien; sonder rasgenote, sonder land, sonder taal, sonder stamgode het hy in hierdie groter eenheid gevoel dat hy hoort en teenstrydiglik in die alomvattendheid die emosie ervaar wat ten grondslag lê van apartheid."²⁾ Volgens Jock is volkome apartheid, ten spyte van wêreldopinie, nader aan die gees van die tyd as wat mense dink. "Dis 'n individuele bydrae tot die geheel, 'n bewaring van die onderliggende identiteit ter bereiking van die algemene doel."³⁾

Met Henry en Salome se troue sal dit "die finale oorgawe wees: die mensheid sonder tooisel van ras, die volkome anonimiteit."⁴⁾

Volgens Jock is professor Dreyer die "man van die nuwe syn."⁵⁾ Sy liefde is beperk tot slegs die wese. "As hy na die wyn kyk is dit nie skakerings van goud en barnsteen wat hy sien nie maar 'n gekleurde vloeistof, volmaak volgens sy aard, met 'n skoonheid wat gedistilleer is tot 'n abstraksie."⁶⁾ Professor Dreyer, "met die kort baadjie, die vaal das, die vaal vel en die vaal oë wat seksloos, seksvergete, seksontdaan" is,⁷⁾ sien net die suiwerheid raak.

"Professor Dreyer het 'n eie taal — 'n reeks esoteriese simbole wat alleen sy mede-vakman kan verstaan. Dit het die voordeel dat dit akkuraat, juis en on-dubbelsinnig is. Maar daarbuite is hy 'n kind, belas met die cliché's van algemene spraak."⁸⁾

As professor Dreyer by Jock kla oor die boewe wat by sy laboratorium ingebreek

1) SD., p. 120

2) SD., p. 91

3) SD., p. 73

4) SD., p. 34

5) SD., p. 71

6) SD., p. 70

7) SD., p. 79

8) SD., p. 99

het, is daar "niks meer oor nie van die afsydigheid waarmee hy in sy eie wêreld van navorsing tog 'n waardigheid gekry het, eiesoortig aan mense wat deur volkome oorgawe aan hulle taak alle onbenullighede uitskakel en oor hulle kleinmenslikheid triomfeer. Henry sien nou vir professor Dreyer sonder sy gespesialiseerde bekwaamheid Hy sien die onvolledigheid, helaas, van die onvoltooide mens, die produk van spesialisasie, die genialiteit van die tegnoloog 'n toevallige eienskap in die samestelling van 'n andersins doodgewone, gegriefde man."¹⁾

Ten grondslag van die abstrakte lê die orde, en die hele samelewing beweeg in die rigting hiervan. Volgens Jock is die orde noodsaaklik vir die hergeboorte. "Die orde sal altyd deel van ons wees; dis onafskeidbaar van die nuwe wese van dinge. Dit lê selfs ten grondslag van die abstrakte kuns en al die eksperimente van die avante garde op alle gebiede."²⁾ Tog is hierdie orde broos en dit kan enige oomblik desintegreer, want agter die skynbaar rustige uiterlike beweeg daar bese magte.

Jock besef dit ook en hy sê: "Dis hierdie stilte waarna die hele wêreld beweeg: die beskerming van spesialisasie en orde. Dis natuurlik tydelik en die uitbarsting sal kom."³⁾

Na die uitbarsting op die plaas, loop Henry met Jock rond. "Jock Silberstein se fabriek, sy hele plaas, lyk onbeduidend. Enige oomblik kan hulle tot as verkrummel Die orde is broos: dit kan enige oomblik in duie stort. 'n Baaierd van geweld en bloedige vernietiging kan oornag alles uitwis. Nuwe ordes kan oorneem om weer op 'n onbenullige dag die slagoffer te word van nog 'n verduistering. Waarvoor veg en streef ons?"⁴⁾

Alhoewel rampe nog in 'n sekere mate op Welgevonden uit die organisme uitgesuiwer word, is dit net tydelik, want selfs Jock het begin besef dat die boosheid begin toeneem het en dat dit al hoe moeiliker word om tussen Goed en Kwaad te onderskei.

"Daar is 'n oplaaiing van die bese en dis in wese vormloos," sê Jock.⁵⁾ Hy sê

1) SD., p. 100

2) SD., p. 76

3) SD., p. 75

4) SD., p. 95

5) SD., p. 93

ook dat met die dieper besef van die ware syn, die abstrakte werklikheid, die duiwel anoniem geword het. Die gevaar wat dit inhou is dat 'n onsigbare Satan more die mens se onsigbare God kan word.¹⁾

Soos regter O'Hara dit stel: "Ons glo dat dit beter is om Satan soos die Middeleeuse mens te sien as om onsigbaar deur hom oorval te word."²⁾

Dit kan dus gesien word dat die Welgevonden landgoed 'n gemeenskap uitbeeld waarin die individu besig is om te verdwyn namate die kollektiwiteit en anonimiteit toeneem. Daar is 'n strewe na spesialisasie en orde. Die orde word nog gehandhaaf, maar die bese begin in so 'n mate toeneem dat dit moeilik begin word om tussen Goed en Kwaad te onderskei. In hierdie gemeenskap begin die mens al hoe meer verlore en eensaam voel.

"Ons het nog beelde," sê Jock. "Ons aanbid hulle outomaties dag na dag. Maar dis gebruikte beelde. Beelde só gebruik dat hulle vals geword het, dat hulle hulle betekenis verloor het, en dat ons slegs oorbly met die abstraksie waarvoor ons van vooraf 'n beeld moet soek."³⁾

Die baas van Welgevonden is onsigbaar en die kompleksiteit van die organisasie op Welgevonden kan gesien word in Jock se woorde: "Daar is 'n oorspronklike rede vir elke regulasie. Hoe kompleksier die sisteem, hoe moeiliker om die presiese rede vir elke regulasie te bepaal. Regulasies word naderhand dogmas, waarhede waaroor daar nie meer te redeneer is nie."⁴⁾

Om saam te vat, gee die volgende woorde 'n aanduiding van die heersende toestand op Welgevonden. By een van die partytjies hoor Henry stukkie en brokkie uit gesprekke en by elkeen is die tema dieselfde — "'n bykans patologiese aanbidding van wat gekleur of swart is, 'n obsessie omtrent die suiwerende effek van armoede, 'n afsku in die orde, 'n oorgawe aan die lewenskragtige anargie soos gesimboliseer in die rou ontwaking van die swartman in die gestilleerde Weste, 'n verlange na die durf van chaos, die intensiteit van geweld, die prikkeling van die primitiewe teen die verniste huid van die beskawing.

1) SD., pp. 97 en 98

2) SD., p. 128

3) SD., p. 98

4) SD., p. 48

Hulle dra in hulleself die skuldgevoel ten opsigte van hulle eie versadigde kultuur; die nihilisme voor die ruïnes van hulle verkrummelde gode; die goddeloosheid in die stilte van die Groot Swye; die vormloosheid by die graf van die heengegane Nuwe Tyd; die onsekerheid voor die aard van die Syn."¹⁾

B. Die Welgevonden Stigting

Onder die Stigting het die beweging na spesialisasie en vakmanskap verder gevorder as in Sewe Dae by die Silbersteins. Henry besef dat hy orals in die Stigting vryheid vind: "Die vryheid van gespesialiseerde hoekies: die klein ruimtes waarin jy jou kan uitleef Dis 'n gevoel van alleenheid wat mens na die Stigting toe dryf Die hunkering en die eensaamheid. Dis nie wat hier gebeur nie, maar die moontlikheid dat iets insiggewends sal gebeur, dat mens hier weg sal kom van die onomvatbare abstraksie van die wêreld binne jou."²⁾

Dr. Johns se verduidelikings aan De Goede van die beleid en die lewensopvatting onder die Stigting kan in hierdie bespreking nie in ag geneem word nie, aangesien dit onbetroubaar is, bv. in sy verduideliking van die "terug-na-die-bodem beleid, 'n teorie dat daar 'n magiese eienskap, 'n helende hoedanigheid aan die hele boerderiywese verbonde is"³⁾ en die teorie dat psigiese materiaal in die sirkelgang van die natuur aanwesig is en dat vormgewing daarvan op die Welgevonden Stigting plaasvind. Sy opmerkings in verband hiermee is heeltemal teenstrydig met die ware toedrag van sake op die Stigting, want die magiese eienskap het juis verlore gegaan (soos verbeeld is in die omskepping van die wynkelders in 'n museum en die wynbedryf in 'n fabriek wat middels teen drankmisbruik vervaardig). Dr. Johns het kontak met die werklikheid van die Stigting verloor en self betrokke geraak in die "onomvatbare abstraksie van die wêreld binne jou."⁴⁾

Kollektiwiteit het in Een vir Azazel heeltemal oorgeneem en menslike privaatheid is iets van die verlede. Omdat die personae of beelde waaragter mense gewoonlik skuil, verdwyn het, is die karakters eerder karikature.

1) SD., p. 44

2) AZ., p. 127

3) AZ., p. 85

4) AZ., p. 127

Die aftakeling van die mens word in die figuur van pastoor Williams uitgebeeld. Hy het onvoorbereid vir die storm op die Stigting aangekom en moes op die Stigting bly nadat dit deur vloedwaters afgesonder is. Pastoor Williams se sweterige onderklere, vuil boordjie, deurweekte skoene en die tekens van 'n stoppelbaard "bring verwoesting in sy predikersbeeld geskoei op Billy Graham. Die benadering-deur-gehawendheid hoort tuis by 'n ander volkse, populêre, gesellige tipe — en in daardie rol voel hy hom vreemd. Daarom stry hy, nie sonder waardigheid nie, die stryd, getrou aan homself, terwyl hy stelselmatig deur omstandighede volkome buite sy beheer afgetakel word."¹⁾

As hy met dr. Johns en De Goede praat, "slaan hy oor tot 'n predikerstrant om sy eiewaarde te behou te midde van die ineenstorting van sy uiterlike persoon."²⁾ Na sy leë retoriek maak hy aanstalties om te loop, "volkome hernieu, sy mondering ten spyt."³⁾

Later bestyg pastoor Williams die trappe van die reuse staaltenk. Hy "rys gehawend in die dun lug op en loop met brandende voete oor die warm yster tot by hulle, sy baadjie verkreukel, sy boordjie vuil, sy baard misleidend manlik."⁴⁾ In die ekstatiiese oomblik wanneer hy van die platform af spoeg, bevind hy hom sonder sy baadjie, wat deur die lug sweef.

Na hulle besoek aan die lokasie, gewaar die gaste 'n man met 'n lang baard wat uit die bosse gekom het — pastoor Williams. Hy is sonder hemp en skoene en almal kyk verstom na hom, maar hy behou tog sy waardigheid en verduidelik dat sy hemp gesteel is terwyl hy in die meertjie geswem het. Hy bied aan om vir die gaste sekere interessante aspekte van die rondawelkerk, waar hy dikwels in die verlede gepreek het, te verduidelik, maar hulle bereik dit net te laat, want die kerk slaan aan die brand.

Later sukkel 'n groep gaste onder leiding van 'n gids by dr. Johns en De Goede verby — 'n enkele mistroostige figuur is besig om uit te sak en dit is die pastoor. Hy kyk verlangend na dr. Johns en De Goede, pluk moedeloos aan 'n

1) AZ., p. 64

2) AZ., p. 64

3) AZ., p. 65

4) AZ., p. 87

suikerkan en gooi dit dan weg. Sy bolyf is kaal en hy is blou van die koue. Hy vroetel met sy tone in die modder en sy broek is papnat. Daar is trane in sy oë, wat deur woede vervang word, as hy vir dr. Johns en De Goede vra waar hy skuiling kan kry. Dr. Johns beduie in die rigting van die "cottages".

'n Ruk later gewaar dr. Johns en De Goede iemand langs een van die maskers, 'n bibberende figuur wat homself agter die spuitende bek versteek totdat al die gaste en besoekers verby is. Hy wend nie die minste poging aan om hul aandag te trek nie. Sy broek is papnat, sy wit bolyf gemerk met rooi kolle asof kookwater op hom geval het, wat inderdaad die geval is, want mev. Dreyer het kokende tee op hom gegooi.

"Hy probeer ook nie meer sy waardigheid behou nie. Die stryd is gewonne gegee: hy voel selfs eienaardig tuis op Welgevonden waar hy so stiefmoederlik behandel word."¹⁾

In die figuur van die pastoor kan gesien word hoe die mens geleidelik afgetakel word en gedwing word om die kollektiwiteit en anonimiteit te aanvaar en die masker of persona opsy te werp.

In die Stigting het die boosheid heeltemal oorgeneem, en Goed en Kwaad is albei heeltemal onsigbaar. Dr. Johns wys op die volmaakte geslepenheid van Satan. "Juis deur hom te berus in sy onsigbaarheid, noudat God ook onsigbaar is, is hy moeilik te onderskei van God. Hy is 'n baasplanner op die terrein van die vormlose."²⁾

Die bose magte in die Stigting kulmineer in die moord op Lila, wat weereens die desintegrasie van die orde beklemtoon.

Henry wy sy hele lewe aan die beskerming van die orde teen verdere verval van binne, deur dit so heg moontlik van buite te maak. Al besef hy dat die reëls van die orde waardeloos geword het en dat die waardes anachronisties en onprakties geword het, veg hy nog steeds om alles te behou — ter wille van die ewige waardes. Hy erken tog aan dr. Johns dat as die ewige waardes nie meer ewig en prakties is nie, daar vir jou niks meer oorbly nie tensy bewys kan word dat die

1) AZ., p. 129

2) AZ., p. 66

oermagte van chaos oorgeneem het in die naam van die orde, en 'n sondebok gevind word.¹⁾

Dr. Johns wys daarop dat die hedendaagse neiging is dat die mens minder verantwoordelikheid vir sy sondeneigings aanvaar."²⁾

"Hoe meer hy self sy eie wil tot orde aanwend, hoe verder word hy verwyder van die bodem waarin hy wortel skiet," sê dr. Johns in verband met die gemeenskap.".... sy wilskrag word 'n bron van oortreding teen sy diepgewortelde instinkte. Hy het 'n kruisiging in sy dilemma nodig, iemand om namens die chaos te sterf, 'n soenoffer om hom te beskerm teen die primitiewe magte wat dreig om sy orde te vervals."³⁾

'n Sondebok moet gevind word om die gemeenskap te reinig en geestelik te hernieu.

C. Oita, die shopping centre

Ondanks Oita se materialistiese maatskappy, waarin tegnologie, nywerheid, spesialisasie en vakmanskap 'n hoogtepunt bereik het en die massamens heers, is daar simptome van onsekerheid en onrus wat onderkant die oppervlakte aanwesig is.

Daar is 'n gedurige stroom mense wat deur Oita beweeg "asof hulle die plek met sy onbeskaamde uitbuitery haat, maar ook nie daarsonder kan klaarkom nie; asof die soort lewe wat hulle deel is, met sy gejaagdheid en onbestendige waardes, 'n vrees sowel as 'n onverstaanbare drang tot deelname by hulle wek. Boris Gudenov se Oita, met van alles en wat, soos alle instellings wat uit hulle eie behoeftes gebore is, het 'n simbool geword van die dekadente lewe wat deur almal veroordeel maar deur niemand verwerp word nie. Daar is nie één van dié wat deur die hek gaan wat nie die organisasie van die twintigste eeu haat nie: die kollektiewe, steriele narcissisme, die ongevraagde pro-

1) AZ., p. 91

2) Dit word in Die Derde Oog 'n stap verder gevoer. Vergelyk DO., p. 153 waar die eendstert sê dat niks reg of verkeerd is nie, behalwe in verhouding tot die situasie, en pp. 148 en 149 — ".... alles word onmiddellik herlei tot die vergewensgesinde etiek van die situasie wat alles verklaarbaar en verskoonbaar maak."

3) AZ., p. 112

duk wat sielkundig aan jou afgesmeer word, die toelaarbare losbandigheid wat weersin by jou wek, die leefwyse wat die angs in jou laat oplaai, die dinge wat jy vrees maar gedurig na verlang."¹⁾

In Oita word konsepwette en regulasies gebore "terwyl individuele regte ligweg sterf."²⁾ 'n Tydperk van sekularisasie heers en soos die gewyde eendstert dit ironies stel: "God is dood. Ons ken nie meer die Gewyde, Onskendbare nie. Daar is niks. Daar is niks nie behalwe ons aardse verpligtings en Christelike liefde vir alles en almal."³⁾ In hierdie gemeenskap word alles herlei "tot die vergewensgesinde etiek van die situasie wat alles verklaarbaar en verskoonbaar maak."⁴⁾ Dit is 'n gemeenskap waarin ouers "hulle kinders alles veroorloof. In die onverstaanbare wêreld onder die skaduwee van die paddastoelwolk het alles gangbaar geword."⁵⁾

In verband hiermee maak H.J. Vermeulen die opmerking dat die ou tradisies dood is en 'n nuwe kontemporêre sosiaal-humanistiese mite besig is om vorm aan te neem.⁶⁾ Daarom is dit heeltemal aanvaarbaar dat 'n staatsamptenaar in die figuur van die Brigadier aan die einde Oita oorneem. 'n Kenmerk van die wêreldtoestande vandag is die oornam van privaatsake deur regerings in belang van die gemeenskap bv. die sosialistiese bedeling in Brittanje.

Die man in die wit jas vorm 'n parallel met Henry van Eeden en die tuinier in Sewe Dae by die Silbersteins. Al drie besit geloof. Hulle glo vas aan iets. Henry glo aan die "beeld van die waarheid in gelid van die liefde."⁷⁾ Die tuinier glo vas daaraan dat as hy die fopknoppie van die groot masjien druk, 'n hele oes in die proses behels word.⁸⁾ Die man in die wit jas is verantwoordelik vir die verheerliking en opheffing van Bee-Bee-Doo.

1) DO., p. 74

2) DO., p. 149

3) DO., p. 115

4) DO., pp. 148 en 149

5) DO., p. 89

6) Vermeulen, H.J.: "Die Derde Oog as Ghoeroe", Standpunte 98, Jg. 25, nr. 2, Des. 1971, p. 8

7) SD., p. 156

8) SD., p. 148

"Môre sal hy van vooraf, soos deur al die dae, maande en jare, die beeld van Bee-Bee-Doo verduidelik — en hy sal die relaas oordra met oorgawe en oortuiging en opregtheid en openhartigheid, al is ontnugtering en vereensaming die produk. Want hy het geloof in sy ware, in Bee-Bee-Doo wat sy eie geword het. Hy glo daarin soos sy voorvaders in hulle godsdiens geglo het."¹⁾ Maar dit is geloof in 'n simbool wat onvrugbaar is. Die vervanging van die godsdiens deur mensgeskepte simbole, soos die Bee-Bee-Doo kultus, kan net ontnugtering en desillusie tot gevolg hê.

In Die Derde Oog het die enkeling hom heeltemal oorgegee aan die anonimiteit en gesigloosheid van die kollektiwiteit en opgegaan in die massa — selfs die toekoms het uitsigloos geword. Die tycoon, Gudenov, het net "'a face in the crowd' geword verdwerg en verslaaf deur die omgang van sy sakebelange."²⁾ Volgens A.S. van Straten: "...soos Fred Cook sê van Amerika se groot geldmanne: '.... they have become submerged behind the facades of their innumerable corporations and foundations. This is a relatively new world — a world of infinite and impersonalized bigness in which the institution, not the man, sets the standards.' (The Corrupted Land, bl. 13)"³⁾ Gudenov is "vêr verheewe bo plaaslike vertakkings van sy finansiële netwerk."⁴⁾

Die outomatiese en verbeeldinglose massamens word deur die ses sprekers, kandidate van die winkelwerknemersvakbond wat op 'n nominasiedag saam optree, uitgebeeld. "Hulle is uitgevat in winkelklere: rooigewaste, blinkgeskuurde outomate gevorm na die neo-middelklaspatroon. Hulle groet links en regs soos bokkers wat 'n kryt betree en gee hulle oor aan die entoesiastiese gedonder asof daar in die kakofonie 'n belangrike boodskap is; hulle reageer op elke applousbetoon asof die gebrul van die monstermassa vir elkeen 'n persoonlike hulde is. Hulle sien nie die individuele gesigte raak nie, maar dans 'n vuurdans voor die draak met duisend koppe en soek naarstiglik in die cliché's van welsprekendheid die één magiese woord wat die monster sal tem. Ses mannetjies gedwing tot opportunisme; ses draadpoppe wat eendag die monster, die meester, sal oorheers."⁵⁾

1) DO., p. 147

2) Van Straten, A.S.: "Die Derde Oog sien Amerika hier by ons", (Deel 1), Tydskrif vir Letterkunde, V:2, Mei 1967, p. 70

3) Ibid., p. 70

4) DO., p. 50

5) DO., p. 107

Die enkeling het in hierdie gemeenskap gedegenerereer tot 'n draadpop wat hom gebonde voel en hom geen vryhede mag veroorloof nie. Ons sien dit ook in die buskondukteur, A.C. Theron. Na die insident met De Goede gaan die bus voort en die kondukteur ervaar 'n eienaardige gerusstelling elke keer as hy die klok lui. "Elke gedweë nuwe passasier wat sy bevele gehoorsaam, smeer die krakies toe; elke reaksie van die dieselmotors op sy klokke laat die onaangename herinnering vervaag — en spoedig is hy weer deel van die orde wat geen vryheid duld nie Hy was 'n oomblik vry en dit was genoeg om hom sy gebondenheid te laat waardeer."¹⁾

Die Derde Oog bied ook insig in die broosheid van die oënskynlike orde. By die stembusse heers daar 'n feestelike stemming "maar die moontlikheid van geweldpleging lê net onder die oppervlakte. Die geringste stembuiging of dubbelsinnige woord kan 'n argument begin of 'n struweling ontketen. Daar is 'n kokende rivier, diep aan die een kant waar die waters opborrel uit die onbekende dieptes van die menslike psige, en vlak aan die ander kant waar dit lou brandings vorm van liggeraaktheid en menslike ergernis."²⁾

Die taak van die D-diens, onder leiding van die Brigadier, is om die gemeenskap te beskerm "teen misdade van die gees, teen 'n verwording van die self, teen 'n subtiele aanslag op die orde, teen vervreemding van stabiele personifikasies, teen die gevaar van desintegrasie van die simboliese heelal en die gevolglike persoonlike desintegrasie wat hom openbaar in allerhande dade van sabotasie, in verwording en oorname deur demoniese en vernietigende magte."³⁾

Die D-diens is geslepe en pas hulle by die omgewing aan, boots die tydsges na, smelt saam met die milieu en dan slaan hulle toe.

Die Brigadier en sy D-diens, die beskermhere, neem aan die einde Boris Gudenov se rol oor, wat 'n onuitgesproke kommentaar is op die ononderskeibaarheid, in hierdie stadium, van Goed en Kwaad. Die nuwe beleid wat die Brigadier aankondig is een van groter begrip, groter vryheid en naasteliefde. Tradisie en oerbelevens is dood en die mens kan nou sy lewe suiwer vorm ten opsigte van die Christe-

1) DO., p. 70

2) DO., p. 117

3) DO., p. 17

like moraal. Seks is seks, liefde is liefde en waarheid is waarheid soos elkeen dit op daardie spesifieke oomblik sien.¹⁾

3. Samevatting

In al drie boeke in die Welgevonden-trilogie word 'n spesifieke stadium in die ontwikkeling van daardie bepaalde gemeenskap uitgebeeld.

Die verdwyning van die individu en die mens se oorgawe aan die kollektiwiteit kom in al drie boeke voor. In Sewe Dae by die Silbersteins tref ons nog die enkeling aan bv. Sir Henry Mandrake, maar die enkeling is besig om te verdwyn. Daar bestaan nie meer plek vir hom in die gemeenskap nie. In Een vir Azazel het die kollektiwiteit toegeneem en die individu het heeltemal verdwyn. Daar is geen menslike privaatheid oor nie en die verlies van die beeld of persona gaan met die toename in kollektiwiteit gepaard. Die karakters is nou karikature. In Die Derde Oog bereik die kollektiwiteit 'n hoogtepunt in die massamens en massakultuur. Persoonlike vryheid is heeltemal vernietig en die mens vind slegs 'n sekere mate van gerusstelling in sy gebondenheid.

In elkeen van die drie romans word die regressiewe beweging 'n stap verder gevoer, deurdat die mens al hoe verder wegbeweeg en vervreem word van sy essensiële, religieuse aard.

In Essays on Contemporary Events sê C.G. Jung dat die opbreek van tradisie, hoe noodsaaklik dit ook mag wees, 'n sekere verlies en gevaar tot gevolg het. Dit stel die menslike psige in gevaar, omdat die instinktiewe lewe self in tradisie uitgedruk word. As die tradisionele gewoontes, wat diep in die instinkte gewortel is, verlore gaan, word die psige van die instinkte geskei en die Bewuste val terug in die Kollektiewe Onbewuste. Dit versterk die energie van die Onbewuste en laat dit oorvloei in die bewuste inhoude wat op daardie tydstip heers en in so 'n stadium kan die ontwortelde toestand van die Bewuste 'n gevaar word wat 'n oordrewe selfbewustheid of minderwaardigheidsgevoel tot gevolg kan hê. Die ewewig is in elk geval versteur en dit laat die individu maklik 'n slagoffer word van psigiese besering.²⁾

In al drie romans word die Bose al hoe gevaarliker en al hoe meer gelyk aan die

1) DO., pp. 170 en 171

2) Jung, C.G.: Essays on Contemporary Events, p. 22

Goeie, en in al drie romans word die pogings om die orde te beskerm al hoe nutteloos en tevergeefs.

In Sewe Dae by die Silbersteins is dit reeds moeilik om tussen Goed en Kwaad te onderskei en die onsigbare bese magte is alreeds op die agtergrond. Bese elemente word nog in 'n mate uit die organisme uitgesuiwer, alhoewel Jock waarsku dat dit net tydelik is; die uitbarsting kom nog.

In Een vir Azazel neem die Kwaad toe en die bese magte is aktief besig om die orde aan te val. Die uitbarsting waarteen Jock waarsku het, kom met die moord op Lila. 'n Sondebok moet daarna gesoek word om die gemeenskap te reinig en geestelik te suiwer.

In Die Derde Oog het die bese so toegeneem dat Goed en Kwaad ononderskeibaar is van mekaar; hulle tree albei op dieselfde vlak op, soos gesien kan word in die Brigadier se aanvaarding van Gudenov se beleid en sy oornam van Oita. In elkeen van die drie romans neem die dekadensie en die perversiteit toe.

Op ideëvlak is daar dus 'n definitiewe skakeling van die drie boeke met mekaar. Die kerngedagtes is dieselfde, maar in elke boek word hulle verder gevoer — elkeen is 'n verdere stap in die agteruitgang.

Wat die geestelike kern betref, kry ons in die Welgevonden-trilogie 'n aaneengeskakeldheid as gevolg van progressie in die tema wat op sigself 'n sikliese eienskap is.¹⁾ Dit word versterk deur parallelle karakters wat in al drie romans voorkom en wat dien om 'n sekere idee uit te beeld. Professor Dreyer in Sewe Dae by die Silbersteins vind byvoorbeeld 'n parallel in pastoor Williams in Een vir Azazel, wat op sy beurt 'n parallel vorm met die ses nominasiedagsprekers in Die Derde Oog. Die kerngedagte nl. die man van die nuwe Syn, die tipiese produk van die heersende gemeenskap, word in die karakters uitgebeeld, maar soos al aangedui is, is daar ontwikkeling, omdat elkeen eintlik 'n vernouing en verenging van die vorige is.

1) Deudney, E.: "Die Siklus as Literêre Soort", Standpunte 104, Jg. XXVI, nr. 2, Des. 1972, p. 15

HOOFSTUK II

Karakters in die Welgevonden-Trilogie

Uit die vorige hoofstuk oor die ruimtelike plasing in die drie romans, blyk dit dat, onder andere, die simboliese kern 'n belangrike struktuur- en simboliese element is. In 'n studie van die karakters wat in elkeen van die boeke voorkom, is dit, myns insiens, belangrik om vas te stel wat die karakters se funksie is ten opsigte van die sentrale simboliek.

E.M. Forster deel karakters in twee soorte: plat en ronde karakters. Kenmerkend van eersgenoemde is dat hulle in hul suiwer vorm om 'n enkele idee of kwaliteit gekonstrueer is. Hulle word soms tipes of karikature genoem. Wanneer daar meer as een faktor in hulle aanwesig is, neig hulle na die ronde toe. Plat karakters toon gewoonlik geen ontwikkelingslyn nie en hulle word nie deur omstandighede geraak nie.¹⁾

In die Welgevonden-trilogie word dit duidelik gestel dat die karakters karikature is, wat pas by die uitbeelding van die enkeling wat gestroop is van sy masker of beeld en wat gesigloos geword het. Jock sê dat daar nie meer enkele karakters is nie, want elkeen is bloot "'n geleibuis van die stroom van opgegaarde kennis"²⁾ en "Daar is net die karikatuur van Jock, Salome, al die ander en jouself!"³⁾ Dit het ook betrekking op die karakters in Een vir Azazel en Die Derde Oog.

Soos H.C.T. Müller dit stel: "Leroux werk in die eerste plek met idees, en nie soseer met karakters nie. Dit is selfs 'n fout om by hom van 'karakters' te praat. Hy skryf naamlik nie die 'tradisionele' realistiese roman waar karakters haarfyn-psigologies ontleed word, uit direkte waarneming 'n sosiale toestand geskilder word, ens. nie. Sy kuns hou verband met die werklikheid soos ons dit ken, ja — het baie raakpunte daarmee — maar in die werk word dit dan 'n doelbewus gestileerde werklikheid waarin doelbewus gestileerde figure optree. Hierdie persone verteenwoordig sekere idees, ens, soos hulle hulle gedra, hulle met mekaar en hul omgewing in aanraking kom, artikuleer hulle 'n sentrale tema

1) Forster, E.M.: Aspects of the Novel, pp. 65-67

2) SD., p. 53

3) SD., p. 53

— waarop dan al die waardes en idees wat hulle verpersoonlik, betrekking het."¹⁾

Leroux skep nie karakters in die realistiese tradisie nie, maar eerder tipes en meer spesifiek — argetipes. Dit blyk soms duidelik uit — om net twee te noem — die naam-epitheta wat hy gebruik:²⁾ "die twee vaal Misses Silberstein", wat hulle kleurloosheid beklemtoon en die "slank" Mrs. Silberstein, wat net op haar figuur en skoonheid gesteld is. Soms word die tipe deur die karakter se van of naam aangedui bv. Henry van Eeden, wie se van 'n aanduiding gee van sy onskuld en reinheid wat dwarsdeur die roman onaangetas bly, en De Goede wat al die goeie deugde van die mensdom verteenwoordig. In hierdie hoofstuk sal die karakters as tipes vollediger bespreek word.

J.P. Smuts wys op 'n opvallende verskynsel in Leroux se werk nl. die feit dat die sentrale karakters uiters nie-kommunikatief is, terwyl die meeste van die randkarakters weer buitengewoon kommunikatief is. Die sentrale karakters sê selde iets, terwyl persone soos Jock Silberstein, regter O'Hara en dr. Johns, onder andere, feitlik altyd aan die woord is as hulle op die toneel verskyn. Tog is hulle, ten spyte van hulle kommunikatieweiteit nooit direk selfopenbarend nie. "Hulle is voortdurend besig om idees te verkondig wat grootliks daarop gemik is om die sentrale karakters te beïnvloed, maar in die proses gee hulle min van hulself prys."³⁾

Die argetipes

In verband met argetipes sê C.G. Jung: "Whatever we say about the archetypes, they remain visualizations or concretizations which pertain to the field of consciousness what we mean by 'archetype' is itself irrepresentable but has effects which make visualizations of it possible, i.e., the archetypal images and ideas"⁴⁾ en "Archetypes are complexes of experience that come upon us like fate, and their effects are felt in our most personal life."⁵⁾

-
- 1) Müller, H.C.T.: Resensie van Een vir Azazel, Kriterium 7, Jg. 11, nr. 3, Okt. 1964, p. 28
 - 2) Sien van Rensburg, F.I.J.: "Etienne Leroux as Siklusbouer", Standpunte, Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972, p. 24
 - 3) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 156
 - 4) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, p. 84
 - 5) Ibid., p. 314

Die argetipes, waarvan die vernaamste opponerende pare die persona en skaduwee, anima en animus, wyse ou man en argetipiese groot Moeder, en die argetipe van die Self is, kom voor as aktiewe persoonlikhede in drome en fantasieë en dit is hierdie soort argetipes wat ons as figure in Leroux se romans aantref. Volgens C.G. Jung is daar ook 'n ander soort argetipe nl. die argetipes van transformasie — nie persoonlikhede nie, maar tipiese situasies, plekke ens. wat dié soort transformasie versimboliseer. Hierdie argetipes is, soos die persoonlikhede, egte simbole wat nie geïnterpreteer kan word as tekens of allegorieë nie. Hulle is dubbelsinnig, bevat 'n half raakgesiende betekenis en is onuitputlik. ".... the one thing consistent with their nature is their manifold meaning, their almost limitless wealth of reference."¹⁾

In die latere bespreking van die newe-karakters sal die vernaamste onderliggende argetipes vollediger bespreek word. In karakters wat in al drie romans voorkom, kry ons 'n vergestaltung van hierdie basiese argetipes of oerbeelde. Dit is egter belangrik om C.G. Jung se woorde in verband met die argetipes in gedagte te hou: "Clear-cut distinctions and strict formulations are quite impossible in this field, seeing that a kind of fluid interpenetration belongs to the very nature of all archetypes. They can only be roughly circumscribed at best. Their living meaning comes out more from their presentation as a whole than from single formulation. Every attempt to focus them more sharply is immediately punished by the intangible core of meaning losing its luminosity. No archetype can be reduced to a simple formula. It is a vessel which we can never empty, and never fill. It has a potential existence only, and when it takes shape in matter it is no longer what it was. It persists throughout the ages and requires interpreting ever anew. The archetypes are the imperishable elements of the unconscious, but they change their shape continually."

'It is a well-nigh hopeless undertaking to tear a single archetype out of the living tissue of the psyche; but despite their interwoven meanings the archetypes do form units that are accessible to intuition."²⁾

Die Individueasieproses

Die individueasieproses of soektog na die Self vorm 'n kerntema in die Welgevonden-

1) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, p. 322

2) Jung, C.G. and C. Kerenyi: Introduction to a Science of Mythology, pp. 135 en 136

trilogie en in elkeen van die romans word dit vanuit 'n ander invalshoek uitgebeeld.

F. Fordham het opgemerk dat C.G. Jung se studies van die Kollektiewe Onbewuste hom tot interessante gevolgtrekkings gelei het, waarvan die belangrikste is dat die mens van nature diep religieus is en dat sy psigiese gesondheid en stabiliteit van die uitdrukking van hierdie natuurlike religieuse drang afhang.¹⁾ Die ervaring van die God-beeld of argetipe van die Self, is die kragtigste en oorweldigendste wat met 'n mens kan gebeur.²⁾ Die lewendige kerk het altyd hierdie anker verskaf. Dit het die mens teen die volle krag van 'n ervaring wat verwoestend kan wees, beskerm, deur hom aan 'n ritueel te laat deelneem wat 'n suiwerende effek gehad het.³⁾

In die Weste het die kredo en ritueel so deurwroeg en verfyn geword, dat hulle nie meer die psigiese toestand van die gewone mens uitdruk nie en godsdiens self het tot uiterlikhede en formaliteite gestol.⁴⁾

Die antwoord op die vraag watter oplossing daar is vir diegene wat in die Kerk geen bevredigende uitdrukking van hulle behoeftes vind nie, het C.G. Jung geleidelik uitgewerk en die naam individuasie hieraan gegee. Dit is die soektog na eenheid — die soektog na God binne-in die mens, of die volle ervaring van die argetipe van die Self.⁵⁾

"We could translate individuation as 'coming to selfhood' or 'self realization'."⁶⁾

Die pad na die Self is nie reguit nie, maar is eerder in die vorm van 'n spiraal, vol kronkelgange en draaie. Op hierdie psigologiese reis sal die reisi-ger eers sy skadu ontmoet en daarmee versoen moet raak, want die insig in die Self kan nie bereik word sonder aanvaarding van teenoorgesteldes nie. C.G. Jung

1) Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 69

2) Ibid., p. 73

3) Ibid., p. 72

4) Ibid., p. 74

5) Ibid., p. 76

6) Jung, C.G.: Memories, Dreams, Reflections, Glossary, p. 414

noem hierdie ontmoeting met die skadu "'the apprentice-piece' in the individual's development."¹⁾ Die reisiger sal daarna die argetipes van die Kollektiewe Onbewuste ontmoet en die gevaar van oorweldiging daardeur moet weerstaan. Hy sal met die anima versoen moet word, 'n ontmoeting waarna C.G. Jung verwys as die "masterpiece" in die individu se ontwikkeling.²⁾ Eers nadat hy tot 'n vergelyk gekom het met sy anima, word dit moontlik om 'n argetipe te ervaar wat tot daartoe agter die anima geskuil het nl. die argetipe van betekenis. Uiteindelik sal hy die Goue Blom, die lapis, die argetipe van die Self ervaar.

Dit is hierdie individuasieproses wat in al drie romans in die hoofkarakters uitgebeeld word.

1. Hoofkarakters in die Welgevonden-Trilogie

In al drie romans word daar letterlik gewandel.³⁾ In Sewe Dae by die Silbersteins neem Jock Silberstein elke oggend vir Henry van Eeden op 'n toer van Welgevonden. In Een vir Azazel vergesel dr. Johns vir De Goede, wys hom die Welgevonden Stigting en stel hom aan al die inwoners voor. In Die Derde Oog begelei die eendstert De Goede deur die verskillende verdiepings van die shopping centre. Hierdie letterlike wandeling wat in al drie romans voorkom, vergestalt die geestelike wandeling wat al drie hoofkarakters onderneem.

A. Henry van Eeden se individuasie in Sewe Dae by die Silbersteins

As Henry op die ouderdom van 27 op Welgevonden aankom, is hy 'n "vlekkelose klein robot"⁴⁾ wat behoorlik gekondisioneer is. Hy is alreeds "vasgevang in 'n patroon waaroor hy geen beheer het nie en waaroor hy geen beheer begeer nie. Behalwe aan liefde glo hy in alles: die waarde van godsdiens, skoonheid, die invloed van die natuur op die mens, die staat, die liberale gewete, die toekoms van die mensheid, die onverganklikheid van simbole, die goeie orde, wellewendheid, liefdadigheid, sekuriteit en die mens as die kroon van die goddelike skep-

1) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, p. 313

2) Ibid., p. 313

3) Volgens F.I.J. van Rensburg in "Etienne Leroux as Siklusbouer", Standpunte, Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972, p. 17: "Die proses van tot insig kom in eie psige (die individuasie-proses) vind sy natuurlike bou-ekwivalent in die peregrinasiestruktuur van die meeste van sy boeke. In 'n hele paar van sy boeke word daar gewandel."

4) SD., p. 13

ping."¹⁾

Henry ontmoet die hele Silberstein familie behalwe Salome, sy aanstaande verloofde, en by die partytjie vir die rykes dié aand ontmoet hy onder andere die karakters wat by elke partytjie aanwesig is gedurende sy verblyf op Welgevonden. (Sien latere bespreking van die newe-karakters in die drie romans en die argetipes wat hulle verteenwoordig.) Dr. Johns en regter O'Hara is ook by al die partytjies aanwesig en dit is opvallend dat hulle die aand van die eerste partytjie met Henry 'n gesprek aanknoop oor melaatsheid en die purifikasie daarvan, wat verband hou met Henry se latere pogings om hom te reinig van die boosheid wat hy telkens teëkom.

Die heel eerste aand op Welgevonden begin Henry 'n vae aanduiding van die doodsbesef kry,²⁾ maar dit wek geen gevoel van vrees by hom op nie. Vrees en liefde is die twee emosies wat Henry die minste ken. "Angs, wel: daardie gevoel wat jou soms beetpak sonder rede, wat diep uit die onbewuste wêreld voortkom, wat geen sin maak nie — dit, maar nie vrees nie, want vrees het 'n gevaar-voorwerp nodig en, as jy beskermde grootgemaak is, vry is van ambisie, omring is deur die sekuriteit van aardse besittings, gerugsteun deur jou verstand, beskerm deur jou God, dan kan jy al die gevaarvoorwerpe vermy."³⁾ In 'n sekere sin is Henry nog so onskuldig soos 'n kind.

Jock verduidelik aan Henry dat hy gedurende sy sewedaagse verblyf sy onskuld sal moet verloor. " dis die tragedie van volwassenheid dat jy jou onskuld moet verloor, en eerder ten gronde moet gaan in die kwaad as om in onskuld te leef, dat jy die duiwel eers moet leer ken voor jy die poorte van die hemele kan ingaan."⁴⁾ "Jy moet die katarsis van die geheel ondergaan, die versoening van chaos en orde begryp, met vrees en kennis hergebore word."⁵⁾

By die kaperjolle van die kunstenaars wandel Henry en die gemaskerde Salome "in harmonieuse swye deur die betowerde landskap."⁶⁾ Dit is ook die enigste

1) SD., p. 13

2) Volgens J.E. Cirlot: A Dictionary of Symbols, p. 74, verteenwoordig die dood ook die simboliese einde van 'n epog.

3) SD., p. 21

4) SD., p. 29

5) SD., p. 75

6) SD., p. 37

maal dat Henry gedurende die sewe dae op Welgevonden, Salome vir 'n kort rukkie vind.

Henry se geleidelike inisiasie begin net hierna, want 'n emosie wat 'n samestelling is van angs en jaloesie begin in hom posvat. Dit is 'n vreemde kombinasie van gevoelens vir hom en hy skep selfs 'n mate van behae daarin.

Die derde oggend van Henry se verblyf besoek hy en Jock die wynkelders en Jock bring die wynfermentasieproses in regstreekse verband met die individuasieproses.

In 'n sygangetjie kom hulle op witgeklede wetenskaplikes af "wat met ingetoë toewyding soos priesters in 'n tempel meedoen aan die ritueel van fermentasie en volbring, wat met pipette, glasies, barometers en die ander heilige instrumente van hulle amp die siel van die wyn lei tot uiteindelijke individuasie."¹⁾
(my kursivering)

In die eerste kelder vergelyk Jock, "met die toewyding van sy priesters"²⁾ die gisting van die mosto³⁾ met die Calvinistiese siel van die mens; sommige is bestem tot volmaaktheid en ander tot ondergang.

Die tweede kelder noem Jock die Criadera, of kinderkamer, waar elke soort wyn volgens sy natuur verouder nadat die fermentasieproses voltooi is. "Mens kan dit so stel," sê Jock, "dis die hemel. Die wrang vrug is nou uitgeskakel. Hier lê elke siel volgens die aard van sy perfektheid."⁴⁾

In die derde kelder is die volkome geïntegreerde wyn. "Dit is die uiteindelijke bereiking, die versoening van al die bestanddele, die middelpunt van balans, die ware Self in elke geval"⁵⁾ wat op die hele doelstelling van die individuasieproses betrekking het.

"In hierdie kelders vind miskien iets soortgelyks plaas as wat met die misteries van Eleusis in die grotte plaasgevind het, of in die Attis-Kubeliese

1) SD., p. 48

2) SD., p. 48

3) Kannemeyer, J.C. : Op Weg na Welgevonden, p. 44: "Die gistende druiwe staan aanvanklik bekend as mosto."

4) SD., p. 49

5) SD., p. 49

misteries, òf in die ware gelowige met die volkome beleving van sy simbole, òf in die kunstenaar met sy oomblikke van visie, òf in die siel van die mens wanneer hy in volmaaktheid van insig die versoeningspunt bereik, die complexio oppositorum begryp in die conjunctio oppositorum, die lewe in God ervaar."¹⁾

Volgens S. Spencer: "The Eleusinian Mysteries find their centre in the enactment of the myth of Demeter, die Earth-goddess, and her daughter, Kore, the Corn-maiden, who was identified with Persephone It is agreed that through their fellowship with Demeter and Persephone the initiates found the assurance of a blessed immortality. Classical writers recognize, moreover, that the Mysteries brought men a certain moral elevation. Through their contact with the unseen powers presented in the myth, they gained the sense of a higher destiny in life and death. The initiate, says W.F. Otto, was 'received into the sphere of the acts and sufferings of the goddesses — into the immediate reality of their being. His vision was no mere looking on. It was a sublimation to a higher existence, a transformation of his being.' The re-enactment of the myth and the culminating revelation to which it led may thus have been to some, at least, a means by which their consciousness was raised beyond things seen to the perception of divine Reality."²⁾

Spencer meld dat "The Great Mother cult (the cult of Cybele) centred in the myth of the Mother-goddess and her lover, Attis, who died and was restored to life by the goddess. Like the myth of Dionysus and of Osiris, it symbolized originally the decay and death of vegetation in the winter and its revival in the spring; but in the Mystery-religion it stood for the experience of the initiate, who in his union with the god died to the old life and was reborn to a higher and immortal being."³⁾

Daarna neem Jock vir Henry na sy "kamer van afsondering"⁴⁾ waar volkome stilte

-
- 1) SD., p. 49. J.E. Cirlot meld in A Dictionary of Symbols, p. 6, dat conjunctio die vyfde stap in die alchemistiese proses is — "conjunction symbolized the joining of opposites (the coincidentia oppositorum, identified by Jung with the close union, in Man, of the male principle of consciousness with the female principle of the unconscious)."
 - 2) Spencer, S.: Mysticism in World Religion, pp. 123 en 125
 - 3) Ibid., p. 155
 - 4) SD., p. 50

in die gedruis van die stoom ervaar word en hy nooi Henry om sy protes teenoor alles ook hardop te skree, "want hier praat jy direk tot jou Skepper Dis jou reg, as mens, om met alles in jou vermoë jou protes aan te teken in die tussenwêreld van stilte wat nie stilte is nie."¹⁾

In die stilte wat uit die eenklank gebore is, sien Henry hoe Jock se hele liggaam sidder in sy geluidlose ontboeseming en dan begin iets in Henry ontwaak — "'n gevoel van ganse alleenheid, asof hy in 'n verlate landskap staan, in die eensaamheid van die wildernis, en in die afsondering van diep binne hom die oerkreet opwel, die verlange, die ontketende protes teen die magteloosheid, die weeklag van sy verlatenheid, die vrye, gans ander formulering van sy diepste begeertes, die ontlediging van sy hart self. Hy voel 'n klammigheid op sy wange en besef dat dit tranes is. Hy vee hulle met sy hand af en ontdek in die proses dat sy mond wawyd oop is. Daar is iets wat in sy keel prikkel, iets in sy bors, iets in sy longe, en hy besef dat hy homself ook oorgegee het. Nou eers begin hy dink en die aard van sy versugtings en protes formuleer, maar spoedig besef hy dat die gewone formulering nie nodig is nie. Sekere woorde, sekere begrippe, sekere geluide, waarvan hy self nie seker is nie, skreeu hy ten hemele; slegs die kern van gevoel du op, die halfgebore gedagtes kom en gaan en niemand weet wat te voorskyn kom nie. Dis meer as die stilswyende wens, verlange of weeklag, want dit is geartikuleer sonder die beperktheid van gewone artikulasie. Dis 'n volkome vrye uiting sonder die bande van selfoordeel, want hy weet nie wat hy sê nie. Dis die grootste, die alleromvattendste kommunikasie met die Almagtige wat hy nog ooit ervaar het."²⁾ Hierna voel Henry uitgeput maar volkome gereinig.³⁾

Op die vierde middag van sy verblyf op Welgevonden, "die laaste dag vir die goeie",⁴⁾ word Henry in sy slaap weggevoer na 'n allesoorweldigende niks waar-

1) SD., p. 51

2) SD., p. 51. In The Basic Writings of C.G. Jung, p. 22, meld Jung dat daar twee soorte denke is: gerigte denke wat van taalelemente gebruik maak met die uitsluitlike doel van kommunikasie, en droom- of fantasiedenke wat natuurlik en ongedwonge voortspruit. Laasgenoemde werk spontaan met inhoude wat byderhand lê en word deur onbewuste dryfvere gelei.

3) Vergelyk Brutus se geluidlose bulk. SD., p. 124

4) SD., p. 70

in daar tog iets is — iets wat, alreeds gebore, op die lig wag. "Daar is stemme, gedagtes en vorme in 'n magiese tussenwêreld wat alleen die profetiese blik kan begryp Daar is 'n nuwe chaos wat kook in die pot. Daar is die frisheid van 'n nuwe orde en die tinteling van 'n nuwe verset.'

'Maar dis vir iemand soos Henry. En die vluggende Salome."¹⁾

Na die opstand in die naturelle woonbuurt, stap Henry en Jock op Welgevonden rond. "Dis 'n drukkende atmosfeer en Henry voel soos iemand wat in 'n oomblik van neerslagtigheid tot die gevolgtrekking kom dat die mens in 'n vrye wêreld leef, dat al die mooi dinge die valse gesig van 'n onaangename werklikheid was, dat die lewe hardvogtig is, dat alles betekenisloos is (of dat die betekenis te groot is om te verstaan.)"²⁾

Dit is 'n aanduiding dat Henry begin twyfel aan al die dinge waaraan hy voorheen vas geglo het, dat hy begin besef dat sy paradyslike bestaan slegs 'n illusie was. Hy het nou die stadium bereik waar hy die volgende stap in sy inisiasieproses moet onderneem as hy die boosheid (in homself) moet aanvaar.

Die aand sterf Sir Henry Mandrake en dit is Henry se eerste kennismaking met die dood en ook 'n uitbeelding van die vernietiging van Henry se individualiteit. Sir Henry verbeeld die persona.

Die beskawingsproses van die mens lei tot 'n kompromis tussen die individu en die gemeenskap oor wat hy behoort te wees en hoe hy behoort op te tree, en dit lei tot die opbou van 'n masker waaragter die mens skuil. C.G. Jung noem hierdie masker die persona.³⁾ Die gemeenskap is 'n ineenskakeling van rolle en omdat die mens aan die verwagtinge en oordele van ander blootgestel word, skep hulle beelde wat op die verwagtinge van die gemeenskap berus. 'n Sekere gevaar ontstaan wanneer iemand in so 'n mate met sy beeld identifiseer dat hy self pure masker word. So 'n mens se gedrag word meganies en wat onderdruk word, is 'n psigiese gevaar.⁴⁾

1) SD., p. 80. Volgens J.E. Cirlot: A Dictionary of Symbols, p. 219, is die oosterse begrip van "nothingness" nie 'n absolute negasie of dood van alle dinge nie — maar die afwesigheid van konflikte en kontraste en dus die verbanning van pyn en dinamisme. Rabbi Joseph ben Shalom (13de eeu) stel voor dat in elke transformasie van die werklikheid, in elke krisis of oomblik van lyding, in elke metamorfose of vormverandering, die afgrond van "Nothingness" oorbrug word en vir een mistieke oomblik sigbaar gemaak word, "for nothing can change without making contact with that region of absolute being which the oriental mystics call Nothingness."

2) SD., p. 95

3) Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 47

4) Degenaar, J.J.; W.A. de Klerk en M. Versveld: Beweging Uitwaarts, p. 75

" it (the persona) is only a mask for the collective psyche, a mask that feigns individuality, and tries to make others and oneself believe that one is individual, whereas one is simply playing a part in which the collective psyche speaks"¹⁾ en " it (the persona) is a compromise between individual and society as to what a man should appear to be."²⁾

Sir Henry Mandrake identifiseer homself in so 'n groot mate met sy persona dat hy die ware beeld van homself verdruk. Die vryheid en die uitbundige lewe sonder perke wat hy voorstel, is tog immers 'n illusie, want hy handel streng volgens voorskrif. Hy tree op soos van hom deur sy vrou, wat hierdie beeld van hom geskep het, en ook die gemeenskap, verwag word. Sy gedrag het bloot meganies geword soos uit die volgende woorde gesien kan word: "Sir Henry beweeg moeilik, die glimlag vir die onverskillige gaste (wat hom nie ken nie) is 'n grynslag van pyn teen wil, van wil in stryd met pyn, 'n tragedie van wil wat tevergeefs teen pyn stry. Hy mik na die meisies met die prismatiese oë, swaai die towerstaffie van die verleidelike woord, buig sy oumansflirtasies met moeite, gaan deur 'n groteske mime van die bon vivant."³⁾

Sir Henry se sterwe is dus 'n voorspel tot dit wat met Henry ook gaan gebeur nl. die aflegging van sy individualiteit en die verlies van sy persona of masker. Met Sir Henry se dood verdwyn die beeld van die enkeling finaal. J.P. Smuts sê: "Na sy dood gee lady Mandrake aan Henry 'n ring met 'n flambojante steen ter herinnering aan die individualis wat vir haar en Henry simboliese waarde het. Die ring is ook die simbool van kontinuïteit: lady Mandrake hoop sir Henry se beeld sal voortleef in Henry. Dit is egter juis wat nie gebeur nie."⁴⁾

Die sesde dag vergesel Henry vir Jock na die huise van ontug en hy word deur 'n prostituut ingewy. Die verteller besin oor Henry se gedagtes terwyl dit plaasvind. "Is daar 'n verlange na 'n tyd waaraan hy miskien slegs 'n oorgeërfde herinnering het, na die sekuriteit van 'n waarneembare patroon van goed en kwaad wat soms sigbaar, soms voelbaar hulle ewige tweestryd voer — terwyl

1) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, p. 138

2) Ibid., p. 138

3) SD., p. 108

4) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 165

hy nou volkome afsydig bloot die tegniese sy van liefde ervaar? Besef hy dat mens nooit kan terugkeer nie, dat 'n volkome transformasie nodig is, dat nuwe lewegewende simbole vir ou waarhede gevind moet word?'

'Miskien al hierdie dinge, want jou diepste gevoelens en verlanges is onbegryplik (net soos jou bewuswording van die bese wat die hele wêreld betrek sonder dat jy jou vinger op iets kan lê). — Al hierdie dinge, miskien, terwyl sy hom, selfs teen sy sin, dwing tot ekstase."¹⁾

Net voor die Walpurgisnag rus Henry. "Iets begin in hom roer. Op die skoon vel begin 'n kriptiese skrif; deur 'n poreuse skeiding vind 'n osmose plaas. Dis te vroeg om te sê wat dit beteken. Hy begin alreeds die gemis voel van 'n staat van grasie wat in die proses van verbygaan is. Hy is besig om iets anders te word — iets onvermydeliks wat hy nog altyd kon vermy deur doelbewuste onkunde. Hy besef dat die proses aan die gang is, dat die skoon blad sy gevul word met allerhande figure, dat daar iets in hom is wat streef om die figure kenbaar te maak. Dit is met verlange dat hy probeer terugdink aan die verlore paradys, waar alles onsubstansieel was — die ylheid van blou lug, die volkome betekenisloosheid van oneindigheid."²⁾ Hy voel alreeds die beperkings wat vir die eerste keer grense aan sy waarnemings bring. Hy treur oor die verlies van sy eensaamheid. Hy verwelkom die slaap wat hom oorweldig en wat in die toekoms die plek van sy verlore paradys sal inneem. Hy ondergaan alreeds, sonder dat hy dit weet, die sondeval: die verlies van genade, die geboorte van bewuswording, die skemering van besef, die vloek van onderskeiding."³⁾

Voor die Heksesabbat sê Jock dat God die Groot Onbewuste is. "Daar veg die

1) SD., p. 120

2) J.E. Cirlot: A Dictionary of Symbols, p. 238, sê in verband met die verlore paradys: "It is found in symbolic traditions all over the world, and it is here that its true beginnings should be looked for. As a symbol of the spirit, it corresponds to that state which is above all queries and quibbles The 'lost' characteristic, which gives the symbol of Paradise its particular symbolic direction, is connected with the general symbolism of the feeling of abandonment and fall."

3) SD., pp. 126 en 127

argetipiese beelde teen mekaar. Die hemel en hel lê in onself, en verder terug, in die oneindigheid. Die antichris is die skaduweekant wat wraakneem, vervorm deur die kompleksiteit van ons psige."¹⁾

Vir die eerste keer in sy lewe begin Henry die eerste aanduidings van vrees voel. Regter O'Hara sien dit raak en sê: "Onthou, Henry alles vind binne jouself plaas. As jy te vrees het, het jy jouself te vrees."²⁾

Henry voel die prikkelings van 'n onbekende avontuur. "Diep binne hom het tog iets gebeur sonder dat hy daarvan bewus is"³⁾ en net daarna begin 'n doodsvrees Henry beetpak. "Vir 'n enkele oomblik word hy vernietig en ervaar hy 'n ander soort alleenheid. Hy betree die poorte van 'n hel in homself. (my kursivering) Hy is in 'n kamer waar daar geen weerklank is nie. Daar is geen oordeel en geen redding nie. Daar is volkome afsydigheid. Daar is geen psigiese strome wat teen mekaar beur nie. Daar is net 'n kosmiese stilte. En, ergste van alles, 'n gedurige bewustheid. Dis asof hy, in die verbygaande oomblik, 'n algehele vernietiging in homself ervaar: die onmoontlike EK IS NIE.'

'Maar dit duur slegs 'n gedeelte van 'n sekonde, en dan kom die reddende ekstase wat ten grondslag lê van die bese. Daardie insig van 'n oomblik gelede verdwyn voor die verbranding wat nou plaasvind — die gevoel dat hy deur die lug sweef, oor bosse en mere, oor die hele wêreld,⁴⁾ en dan tintelend tot stilstand kom op die plek van ooreenkoms. Die uitbundige gevoel is so vreugde-

1) SD., p. 129

2) SD., p. 129

3) SD., p. 129

4) J.E. Cirlot sê in A Dictionary of Symbols, p. 19: "The symbolism of ascension or ascent has two main aspects: externally a higher level in space signifies a higher value by virtue of its connexion with the symbolism of space and height; and, secondly, it pertains to the inner life, the symbolism of which concerns the 'upward impulse' rather than any actual ascent. As Mircea Eliade has observed: 'Whatever the religious context, and whatever the particular form they may take (shamanist or initiation rites, mystic ecstasy, dream-vision, heroic legend), ascensions of all kinds, such as climbing mountains or stairs or soaring upwards through the air, always signify that the human condition is being transcended and that higher cosmic levels are being attained' But, according to a more straightforward interpretation based upon the concept of energy, the action of rising expresses an increase in intensity, whether it concerns domination or the lust for power, or any other urge whatsoever."

vol uitspattig dat hy bereid is om die alreeds vergete gevoel van alleenheid as prysgeld aan te bied. Klein Henry Faustus gaan 'n verbond met die duiwel aan om van sy negatiwiteit ontslae te raak."¹⁾

Nadat die ritueel afgehandel is, bly Henry agter in die saal. "'n Gevoel van verlange, heimwee, verdriet en magteloosheid het saamgevloei tot iets wat hy op die oomblik nie kan bepaal nie, maar wat hy in die toekoms in 'n toenemende mate sal voel. Die vrees van 'n rukkie gelede het gou verdwyn, maar die naklank daarvan leef nog in hierdie gevoel. Die skerp pyn van vrees het verbrand in die ekstase daarna, en nou, volgende op die ekstase, is daar hierdie smeulvuur wat netnou koud sal word."²⁾

Na hierdie kennismaking met die hel binne homself en sy ervaring van vrees, is Henry voorbereid vir die laaste stadium in sy inisiasieproses — sy ontmoeting met Salome. (Die bespreking van Salome as anima-figuur volg in die afdeling oor die newe-karakters.)

"Hy het die vormloosheid gevoel; die stilte en die vrees. Daarmee sal hy nou moet lewe. In die een of ander stadium, onverwags op 'n onverhoede oomblik, sal dit weer kom. Sy onskuld was 'n gebrek aan kennis; sy gebrek aan kennis 'n valse onskuld. Hy kan nou sien, maar dit bevredig hom nie. Maar die feit dat hy kan sien, verskaf tog 'n sekere mate van sekerheid."³⁾

Intussen moet Henry hom voorberei op die finale stryd en sy vyand ook leer ken, al is hy gekamofleer. "Jy moet 'n geslepenheid ontwikkel: jy moet nooit, nooit hierdie vyand in ware gedaante aandurf nie. Geslepenheid is die woord, vormloos soos hy — en jy moet jou kragte put uit iets wat in hierdie tyd ook sy vorm verloor het. Daar is geen kontak, geen kommunikasie met iets wat jy geken het nie."⁴⁾ Jy moet 'n wantroue ontwikkel in dinge waaraan jy geglo

1) SD., p. 130

2) SD., p. 138

3) SD., p. 141

4) C.G. Jung sê in Memories, Dreams, Reflections, p. 377: "The man, therefore, who, driven by his daimon, steps beyond the limits of the intermediary stage (of individuation), truly enters the 'untrodde, untreadable regions', (Faust Part II) where there are no charted ways and no shelter spreads a protecting roof over his head. There are no precepts to guide him when he encounters an unforeseen situation — for example, a conflict of duties."

het; maar jy moet geloof hê, sterker as ooit, in 'n magsvoorwerp wat nog 'n gedaante moet vind en net soos jy in volle simpatie met jou die stryd voer. Dit moet jy glo, anders bly daar niks oor nie."¹⁾

Henry gewaar tydens sy wandeling 'n vroue-figuur teen die horison gesilhoeëteer. "Dis 'n vrou, gesigloos soos in jou drome, en 'n samestelling van alle vroue. (my kursivering) As dit Salome moet wees, dan is hierdie naderende ontmoeting soos hy verwag het, 'n stadige uitkristallisering, die geboorte van vorm uit die vormloosheid"²⁾ wat 'n aanduiding is dat Salome Henry se anima is. Die vrou wat hy gesien het is nie Salome nie, maar Lady Mandrake.³⁾

As Henry verder stap, dink hy aan alles wat hy in die loop van die week gehoor het en waarvan hy so min onthou, en hy besef dat daar 'n algehele kleurlose niks in die middel van alles is. "Maar onder die oppervlakte is daar 'n maling en 'n woeling, 'n gedurige spanning van iets teen iets. Solank jy net daarvan weet, solank jy net nie mislei word deur die kleurloosheid nie. En dan is daar Salome. Hy voel die tinteling wat die vooruitsig meebring. Vanmiddag of vanaand sal hy haar sien. Hy is volkome gekompromitteer. Saam met haar, teen hierdie gevaarlike neutrale agtergrond, sal hy die vyand probeer vind. Hy sal ten minste nie alleen wees nie. En hy sal die liefde in gelid van die vrees, wat hy alreeds ken, ervaar."⁴⁾

Die middag van die laaste dag lê Henry wakker en neem traag afskeid van elke sekonde wat hom nader bring aan die een geleentheid wat onontkombaar is, waar hy die sigbaarheid van sy beminde moet aanvaar. "Want dit is onmoontlik, dink hy, dat selfs die liefde ook onsigbaar is."

'In sy worsteling met die slaap dink hy aan God wat vrees en liefde as twee onafskeibare vereistes stel.'

'In sy stryd teen die gedagtes wat hom sy slaap ontsê, kom hy steeds tot die ontdekking van nuwe 'waarhede' wat hy tog wantrou. Wanneer eindig bewuste denke? Wanneer begin die oerbeelde wat uit die voerslaap kruip? En wanneer is

1) SD., pp. 141 en 142

2) SD., p. 145

3) Sien p. 78 van hierdie verhandeling vir verklaring hiervan

4) SD., p. 147

die mens die naaste aan die wesenswaarheid?"¹⁾

Dié aand is daar geen twyfel by Henry oor sy kleredrag nie — "die sewende aand is die deftige finale, die drang tot 'n hoogtepunt wat eie is aan die natuur van die mens, die klimaks wat alle beweging aanvaarbaar maak."²⁾ (my kursivering)

Wanneer die tyd aanbreek vir sy ontmoeting met Salome, verskyn Salome en haar gevolg agter in die saal en hulle beweeg stadig vorentoe en Henry ervaar vrees en saam daarmee 'n gevoel wat die liefde moet wees. "Dis 'n enorme vormlose wolk daar voor sy oë, 'n brander wat op die punt is om te breek, 'n huiwering voor die groot slag wat die geheel sal verbrokkel tot veelvuldige skerwe Jy moet jou volkome kan oorgee aan die geheel, die brander inwag, die enkele druppel gryp as dit styg bo die sprei.'

'Jy moet natuurlik geloof hê. Dit is eenvoudig so. Jy moet jou toewyding aan die onsienlike maak."³⁾

In sy "uniform van die engele"⁴⁾ stap Henry vorentoe en met vertroue wag hy op die beeld van waarheid in gelid van die liefde.

Gepaard met Henry se geestelike suiwering gaan die reinigingsritueel. J.C. Kannemeyer wys daarop dat dit duidelik na vore kom in die wyse waarop Henry bad.⁵⁾ Henry begin met warm en koue water, voeg later badolies van verskillende geure by, terwyl hy later die hele orkes van krane nodig het om hom te suiwer. Volgens J.E. Cirlot simboliseer die badritueel ook purifikasie en hergeboorte.⁶⁾

In Een vir Azazel ontmoet ons Henry 18 jaar na Salome se dood. Henry erken dat hy nie werklik genoeg van haar gehad het nie," en toe ek in 'n stadium kom dat ek amper alles begryp het, gaan sy dood."⁷⁾ Dit is 'n aanduiding dat Henry

1) SD., p. 152

2) SD., p. 153

3) SD., p. 155

4) SD., p. 156

5) Kannemeyer, J.C.: Op Weg na Welgevonden, pp. 15 en 16

6) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 22

7) AZ., p. 89

tog, ten spyte van die verwagtings wat aan die einde van Sewe Dae by die Silbersteins opgewek is, hom nie volkome met sy anima kon versoen nie en die laaste stap in die individuasieproses is hom ontsê nl. die ervaring van die argetipe van die Self.

Volgens J. Jacobi: "But he who comes through (the individuation process) safe and sound, who is 'reborn', will return, full of knowledge and wisdom, equipped for the outward and inward demands of life"¹⁾ en C.G. Jung sê: ".... the patient in the second half of life must learn to experience his own inner being. Social usefulness is no longer an aim for him, although he does not question its desirability."²⁾ Dat Henry nie die wysheid en kennis het van 'n persoon wat die insig in die Self ervaar het, blyk duidelik uit sy gesprek met dr. Johns waar hy 'n hele paar keer prontuit erken dat hy haat. Henry is besig om sy hele lewe aan die Stigting te wy omdat hy daarin die orde sien wat hy met Salome assosieer.

B. Demosthenes H. de Goede se soektog na die sondebok, Adam Kadmon Silberstein, in Een vir Azazel

Die tragiese in Een vir Azazel is dat daar geen blaam gewerp kan word vir die desintegrasie van die orde nie, en juis daarom moet 'n sondebok gesoek word om die gemeenskap te reinig.

Die soektog na Lila se moordenaar word deur speurdersersant Demosthenes de Goede onderneem. Hy verteenwoordig die orde, die etiese lewensbeskouing van die gemeenskap en as kampvegter vir die gemeenskap is dit sy taak om die sondebok te soek.

De Goede is 'n patetiese beeld van 'n speurder, want pleks daarvan dat hy self leidrade soek en tot sy eie gevolgtrekkings kom, word sy keuse van die sondebok deur dr. Johns en ander karakters op die Welgevonden Stigting beïnvloed. De Goede is egter 'n "produk van een van ons beste polisiekolleges"³⁾ — atleties,

1) Jacobi, J.: Complex / Archetype / Symbol in the Psychology of C.G. Jung, p. 186

2) Jung, C.G.: Modern Man in Search of a Soul, p. 81

3) AZ., p. 40

fiks en fisies sterk, maar verbeeldingloos en bot. Goed gekondisioneer en gedissiplineerd,¹⁾ is De Goede, "die atletiese jong god,"²⁾ tog 'n patetiese beeld van die argetipiese helde-figuur (wat op sy beurt kommentaar lewer op die soort gemeenskap wat sy stryd in so 'n kampvegter projekteer).

Dr. Johns stel De Goede se taak soos volg: "Dis die taak van die held om die donker te oorwin Die triomf van die bewuste oor die groot en gevaarlike onbewuste. Die gemeenskap wil sy eie stryd projekteer in die stryd van sy kampvegter."³⁾ Dit stem volkome ooreen met C.G. Jung se siening van die taak van die held — " to overcome the monster of darkness: the long-hoped-for and expected triumph of consciousness over the unconscious."⁴⁾

Volgens C.G. Jung is die held se eerste taak die oorwinning van homself, maar dit kom slegs in 'n geringe mate in Een vir Azazel voor, want De Goede se primêre taak is die soek na die sondebok.

As ons J.E. Cirlot se definisie van 'n held as "the representative of the 'true' man, not, that is, of the 'mass man' but of the individual who stands out as the mark of the progressive evolution of the species and of the spirit"⁵⁾ in ag neem, blyk dit duidelik dat De Goede uiters ongeskik is om die helde-tipe te verteenwoordig. Hy is volkome ingestel op die fisiese, met die gevolg dat die geestelike aspek, wat net so belangrik is in 'n goed afgeronde persoon, agterweë gelaat is.

Die keuse van 'n sondebok val op Adam Kadmon Silberstein, die groteske 8'4" kolos met die gesig van 'n 18 jaar oue seun. In verband met die naam Adam Kadmon, sê C.G. Jung dat die sogenaamde homo philosophicus die tweede Adam is. "He is the spiritual man, Adam Kadmon, often identified with Christ. Whereas the original Adam was mortal, because he was made of the corruptible four elements, the second Adam is immortal, because he consists of one pure and incorruptible essence."⁶⁾ In Mysterium Coniunctionis sê C.G. Jung: "As the inner

1) Vergelyk dit met Henry van Eeden — die "vlekkelose klein robot." SD., p. 13

2) AZ., p. 59

3) AZ., p. 112

4) Jung, C.G. and C. Kerenyi: Introduction to a Science of Mythology, pp. 118 en 119

5) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 326

6) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, p. 520

man, however, he is the totality of the individual, the synthesis of all parts of the psyche, and therefore of the conscious and the unconscious."¹⁾

Volgens J.E. Cirlot sinspeel die diepste en oudste betekenis van die mite van die reus op die veronderstelde bestaan van 'n enorme, primordiale wese, deur wie se opoffering die skepping voortgebring is. Die reus is, in sigself, nòg goed, nòg sleg, maar slegs 'n kwantitatiewe vergroting van die gewone. Een implikasie van die reus is die verpersoonliking van die kollektiewe Man of van die lewe van die gemeenskap.²⁾

Dat Adam Kadmon twee teenstrydige elemente in sy natuur bevat nl. die onskuldige en die primitiewe, blyk uit Jock se woorde: "Hulle haat hom Daar is 'n ongeskondenheid omtrent hom; iets wat die hele natuur omvat, wat niks te doen het met die rede nie, wat die natuurkragte verpersoonlik. As hulle dit maar net wil besef As hulle hom maar net as 'n kind sal sien, hulpe-loos en magteloos in hulle wêreld, maar vervul met al die oerkrag van die instink en die ontembaarheid van die natuur."³⁾

Dr. Johns sê dat die reus 'n oerkind is "wat in sy ongeskondenheid die hele natuur behels 'n magtige wese met die onmag van 'n kind. Dit beskik oor al die kragte van die vrye natuur: primitief en ongebonde."⁴⁾

In die afdeling, "Deur die oog van die luiperd", kom die verband tussen Adam Kadmon en sy Onbewuste duidelik na vore. "(Beeld van lig en skaduwee, van blare wat roer, van waters, van mensefigure, van flikkerings in die donker; beelde wat kom en gaan sonder rasonale verband. Half natuur, half gedagtegang, half gevoel. Sub-menslike waarneming van diep uit die onbewuste: die gedifferensieerde ek wat loer oor die skeiding en telkens terugsink in vormlose primordialiteit. Vlakke van gedagte-energie wat deur al die lae van die bewussyn sink tot by die houtskool, tot daar verby, dieper en verder terug waar alles vormloos is, om dan, waaghalsig, die vormgewende stap te doen, déúr al die lae na bo te skiet en met omvattende waarneming in die bewussyn te

1) Jung, C.G.: Mysterium Coniunctionis, p. 414

2) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, pp. 112 en 113

3) AZ., pp. 108 en 109

4) AZ., p. 112

ontploff. 'n Sintese van teenoorgesteldes, 'n mistieke ervaring wat onbeskryflik is, 'n oomblik van huiwering tussen die hemelse en die demoniese en dan 'n grootse, onkommunikeerbare ondervinding as jy uit die kloue van die hel die gevoel van eenheid ervaar in die hemelse eenwording.")¹⁾

Adam Kadmon voer 'n paradyslike bestaan en lewe in 'n fantastiese wêreld van sy eie. "Daar is in jou idiotebrein iets wat hierdie paradys vir ewig verseël; jy ken net die vrees vir indringers, vir iemand wat jou ontydig wegneem, vir hulle wat met betekenislose woorde en onverstaanbare takies die oorweldigende vrede, rus en ekstase verstoort. Maar, al neem hulle jou weg, jy dra die paradys onsigbaar saam met jou — én die aanduiding van die chaos vlak langsaanjy ervaar twee wêrelde orals en hulle kan jou nie uitsluit nie."²⁾

Adam Kadmon is die argetipe van die Self of die Kind-argetipe. C.G. Jung stel dit soos volg in die hoofstuk "The Psyche of the child archetype": "The 'child' is born out of the womb of the unconscious, begotten out of the depths of human nature, or rather out of living Nature herself. It is a personification of vital forces quite outside the limited range of our conscious mind; of possible ways and means of which our one-sided conscious mind knows nothing; a wholeness which embraces the very depths of Nature. It represents the strongest, the most ineluctable urge in every being, namely the urge to realize itself. It is, as it were, an incarnation of the inability to do otherwise, equipped with all the powers of nature and instinct, whereas the conscious mind is always getting tied up in its supposed ability to do otherwise."³⁾

"In the individuation process, it (the child-archetype) anticipates the figure that comes from the synthesis of conscious and unconscious elements in the personality. It is therefore a uniting symbol which unites the opposites; a mediator, bringer of healing, that is, one who makes whole."⁴⁾

En voorts volgens Jung: "The 'child' emerges as a symbolic content, manifestly separated or even isolated from its background (the mother) Nothing in all

1) AZ., p. 33

2) AZ., p. 34

3) Jung, C.G. and C. Kerenyi: Introduction to a Science of Mythology, pp. 123 en 124

4) Ibid., p. 115

the world welcomes this new birth, although it is the most precious fruit of Mother Nature herself, the most charged with the future, signifying a higher stage of self-realization. That is why Nature, the world of the instincts, takes the 'child' under its wing: it is nourished or protected by animals.'

'Child' means something evolving towards independence. This it cannot do without detaching itself from its origins: abandonment is therefore a necessary condition, not just a concomitant symptom."¹⁾

In Adam Kadmon word die Bewuste en Onbewuste verenig. Hy is die middelaar wat die teenoorgesteldes verenig — die argetipe van die Self wat volgens Jung gesimboliseer word deur 'n kind, mandala, sirkel, vierkant ens.²⁾

Waar Adam Kadmon die geestelike en instinkmatige verteenwoordig, is De Goede verteenwoordiger van die liggaamlike aspek van die mens. Hy is die man van daad. Adam Kadmon bevat juis sekere kwaliteite in hom wat De Goede nie het nie. Adam Kadmon is 'n ideale sondebokfiguur, want die inwoners van die Welgevonden Stigting haat hom met die oervrees vir die monster.

In die kamer van bieg, waar Jock en Henry geestelike suiwering ervaar het, voel Adam Kadmon hoe hy in die spookmis skreeu, maar hy verstaan niks nie. "Sy verstand gryp tevergeefs na die woorde wat hy nie hoor nie. Iets binne-in hom is doodstil, sonder geluid. In die kamer van bieg het hy woorde gekry maar helaas geen gedagtes nie"³⁾ en hy aanvaar die geluide gelate, soos hy elke dag die geluide om hom ervaar.

Sonder gedagtes word woorde bloot sinlose geluide en die feit dat Adam Kadmon hulle gelate aanvaar, soos wat hy gewoonlik doen, dui daarop dat hy gewoonlik in beelde dink — beelde wat direk uit sy Onbewuste voortspruit en wat heeltemal spontaan en ongedwonge is.

Dit is De Goede se taak om hierdie Reus, in wie beide die paradys en die chaos verenig is, as die sondebok aan te wys. Tog is die held se eerste taak die oorwinning van homself en dit geskied in die kamer van bieg, waar dr. Johns en De Goede probeer om die geestelike verligting wat Henry en Jock daar ervaar

1) Jung, C.G. en C. Kerenyi: Introduction to a Science of Mythology, pp. 120 en 121

2) Jung, C.G.: Memories, Dreams, Reflections, Glossary, p. 417

3) AZ., p. 157

het, na te volg.

" die volgende oomblik is hulle angswekkend alleen in 'n onsigbare wêreld wat hulle eensamer laat voel as mense wat op 'n berghang in die mis verdwaal het. Die aanhoudende geluid word harder, die mis gloei wit asof dit 'n bron van lig op sigself is Daar is 'n demoniese geloei in hierdie afgryslike eensaamheid: dis 'n ander soort hel as wat mens jou voorgestel het; dis vreemd aan jou begrip van donkerte en die bekende vreesbeelde. Dit is iets onbeskryflikes nuuts, dié: 'n Hades sonder monsters, 'n Hades bleek sonder inhoud, 'n Hades wat jou gevangene hou in 'n streep betekenislose klank. Dis nie 'n kamer van bieg en geestelike verligting nie, dis 'n kamer van bomenslike foltering, en speurdersersant Demosthenes H. de Goede voel hoe hy een kreet van angs na die ander die niks instuur.'

'En meteens voel hy dat sy tong los is, dat suiwer, helder woorde, wat hy nie kan hoor nie, sy alleenheid en sy vrees beskryf. Speurdersersant Demosthenes H. de Goede — op daardie presiese oomblik dat hy vrees voel soos hy dit nog nooit op polisiekollege en in sy gevaarlike loopbaan gevoel het nie, waar hy in hierdie onderwêreld veg teen 'n vyand wat hy nog nooit tevore teengekom het nie — raak tydelik ontslae van daardie gebrek wat hom sy hele lewe belas het. Sy silwer tong formuleer sy angs in die heerlikste taal; hy beskik meteens oor 'n vermoë wat hom nog altyd ontsê is: om helder uiting aan sy diepste gevoelens te gee. Op hierdie oomblik van onuithoudbare lyding beleef hy ook sy diepste wensvervulling en grootste triomf. Daar is selfs 'n tyd dat hy in sy folteringskrete die lyding verwelkom ter wille van die nuwe vryheid van spraak. Maar dit duur nie lank nie. Stadig maar seker word die angs ondraagliker en word hy gewoon aan daardie begeerde vryheid. Hy is besig om sy siel kontant te verkoop aan die bose gees en hy strompel verwild in die kamer rond om die kontak tot niet te maak."¹⁾

Na hierdie kennismaking met die hel binne-in homself, is die held gereed om die soenoffer tot vergelding te bring. Die einde van die taak is in sig. "In hierdie laaste stadium," skryf De Goede in sy sakboekie, "voel die vervolger hom één met die vervolgte en is hulle albei pionne in die spel."²⁾ Hy skryf

1) AZ., p. 110

2) AZ., p. 152

ook: "Welgevonden is 'n mooi plek. Dis 'n ware Paradys. Wie is ek, onbekwame mens, dat ek my aanmatig om die Paradys vir hulle en vir my geliefde te herwin?"¹⁾

Tydens die gradeplegtigheid word die Reus buitekant gestenig. "Die vergaderde menigte word so sterk soos die Reus self; hulle word as massa gelyk aan die Reus — 'n bron van krag wat krag teen krag sal meet. Die enkele rasionele samehang verdwyn; die enkele vrees word die vrees van almal; die rede verdwyn in die samedromming; 'n oerdrang kom te voorskyn om 'n oerverskynsel te beveg. Die kolossale figuur kom onder die vaandel van die bese, die rooi lint van die demoniese magte; die digte skare kom onder die wit vaandel van die vertrapte maagd. Die kwellende kompleksiteit van hulle lewens word herlei tot 'n eenvoudige waarheid. Al die onverstaanbare botsings binne-in hulle kry meteens die aansien van 'n verstaanbare eenvoud. Deur 'n alchemie in hulle massage-dagtegang word die hoer 'n maagd en die nimfomaan 'n bedreigde nimf. In hulle kollektiewe eenvoud ken hulle slegs 'n digotomie. Die hele komplekse lewe word verstaanbaar in hulle massa optrede Elke klip en elke worp is 'n verdere stap tot vrywording; die terugaarding wat die daad kenmerk, is 'n aanskuiwing wat die rede prikkel."²⁾

In verband met die optrede van die massa, sê C.G. Jung: "There is indeed reason enough why man should be afraid of those non-personal forces dwelling in the unconscious mind. We are blissfully unconscious of those forces because they never, or almost never, appear in our personal dealings and under ordinary circumstances. But if, on the other hand, people crowd together and form a mob, then the dynamics of the collective man are set free — beasts or demons which lie dormant in every person until he is part of a mob. Man in the crowd is unconsciously lowered to an inferior moral and intellectual level, to that level which is always there, below the threshold of consciousness, ready to break forth as soon as it is stimulated through the formation of a crowd...."

"The change of character that is brought about by the uprush of collective forces is amazing. A gentle and reasonable being can be transformed into a maniac or a savage beast."³⁾

1) AZ., p. 153

2) AZ., p. 159

3) Jung, C.G.: Essays on Contemporary Events, p. 77

Die Reus besef vir die eerste keer die vyandigheid van die skare en word seergemaak deur die klippe wat hom tref. Nadat Adam Kadmon deur De Goede geskiet is, struikel hy tot by die eerste masker en omklem dit met sy arms. Vervul met 'n onverstaanbare verlange na die een wat hy liefhet, maar wat hy nie weet waar om te vind nie, laat sak hy hom in die stroom. "Terwyl hy tevergeefs spartel en onder die stroom verdwyn, is hy nog steeds besig om te veg teen dinge wat hy nie verstaan nie."¹⁾

Die opoffering²⁾ is voltrek en die gemeenskap voel die tydelike katartiese verligting en reiniging, en in die oggendlug styg 'n loflied op.

Die sirkelgang van hierdie roman suggereer dat die verligting en bevrediging wat die gemeenskap ondervind net tydelik is en dat die patroon oor en oor herhaal sal word.

Die feit dat Welgevonden deur vloedwaters van die buitewêreld afgesonder is, is ook hier van belang. In verband met die vloed sê J.E. Cirlot dat dit 'n finale stadium in 'n siklus verteenwoordig en juis hierom bevat dit die begin van 'n nuwe siklus m.a.w. dit illustreer simbolies die opoffering wat gaan plaasvind en wat tot 'n nuwe siklus, beginnend met hergeboorte, gaan lei.³⁾

Hierdie middelroman in die trilogie wyk van die ander twee af omdat daar nie eintlik sprake is van 'n doelbewuste individuasiëproses wat een van die karakters moet deurmaak nie. Dit is eintlik 'n besinning oor wat gebeur as die individuasiëproses nie geskied nie. Dit handel dus oor 'n ander aspek van die kern-tema.

Soos J.P. Smuts tereg opmerk, het die offerande die inwoners van Welgevonden nie bevry nie — hulle het nou meer skuld as ooit tevore en die ironie is juis dat dit die Reus is wat eintlik gesuiwer word.⁴⁾ Die gemeenskap se suiwering

1) AZ., p. 167. Volgens C.G. Jung en C. Kerenyi in Introduction to a Science of Mythology, p. 67: "Like the womb of the mother, boundless water is an organic part of the image of the Primordial Child."

2) Shulman, S.: Dreams, p. 69: "The concept of Sacrifice is also archetypal, and can be found in any century and civilisation that one perfect and good being should be destroyed for the greater good."

3) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 75

4) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 177

is slegs van korte duur.

Die held, De Goede, oorwin wel die onbewuste wat deur Adam Kadmon voorgestel word, maar dit is nie 'n innerlike geestelike aanvaarding van die onbewuste inhoude nie, wat juis die hele doel van die individuasieproses is. Dit is bloot 'n uiterlike en tydelike oorwinning wat hier behaal word.

Die ironie is juis dat Adam Kadmon die een is wat, totaal onbewus daarvan, die individuasieproses deurmaak en aan die einde gereinig en hergebore word. J.P. Smuts wys daarop dat die individuasieproses ten nouste saamhang met die alchemistiese proses, en in sy fantasieë elke aand ondergaan Adam Kadmon hierdie proses.¹⁾ Dit blyk duidelik uit die afdeling "Deur die oog van die luiperd" wat begin met 'n beskrywing van die eerste stadium — "die swart chaos (prima materia) (vgl. 'vormlose primordialiteit' — p. 33). Die alchemiste het dit met nigredo, d.w.s. swart, geïdentifiseer. Dit lei tot skeiding (seperatio) (vgl. 'die gedifferensieerde ek' — p. 33). Hierna volg die vereniging van die manlike en die vroulike (coitus) (vgl. 'die hemelse eenwording' — p. 33). In hierdie stadium is Adam Kadmon ekstaties gelukkig; versoen hy orde en chaos; ervaar hy twee wêrelde (vgl. 'jy ervaar twee wêrelde' — p. 34). Die volgende stadium is die vernietiging van die produk van vereniging (mortificatio) (vgl. 'jy wil haar vernietig as jou kragte terugkeer' — p. 35). En dan kom die reiniging (ablutio) (vgl. 'jy was jou in die water' — p. 35). Hierdie stadium is wit (albedo). Dat dit 'n sikliese proses is, word op p. 44 aangedui waar daar verwys word na die Reus wat 'in die stroom by die maskers gaan swem en sy daaglikse ablusie ontvang."²⁾

Dat Adam Kadmon die doelpunt van die individuasieproses bereik, blyk uit die volgende woorde: "Die oog van die luiperd waardeur die swaksinnige idioot en heiliges en digters en skrywers kyk; die mutasie, die breindefek, die afwykende gene wat dieselfde uitwerking het as meskalien, LSD en psilokibien, wat die poorte oopsluit en jou waarnemings groot en intens maak, wat jou innerlik vrymaak. Watter verskil maak dit as die ontsluiting banaal is: die egtheid en die kwaliteit van die gevoel is buite die stigma van die middel. Voor hierdie geestelike ervaring is daar geen verskil in die formaat van die enkeling nie en kan die idioot, die swaksinnige ook die ewige ervaar, kan hy ook."³⁾

1) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 174

2) Ibid., p. 174

3) AZ., pp. 33 en 34

Die tragedie is dat Adam Kadmon nie in staat is om die bereiking van die insig in die Self doeltreffend te benut nie. J. Jacobi beweer: "But he who comes through (the individuation process) safe and sound, who is 'reborn', will return, full of knowledge and wisdom, equipped for the outward and inward demands of life."¹⁾ Dit gebeur nie in Adam Kadmon se geval nie en juis daarom is hy "die tragiese figuur van ons tyd."²⁾

C. Die Individuasieprosesse van De Goede en Gudenov in Die Derde Oog

De Goede se Individuasie

Brigadier Ornassis E. se opdrag aan De Goede is om Boris Gudenov op te spoor, maar dit verkry 'n dieper betekenis as hy daaroor uitwei. De Goede se eintlike taak is "om alles wat weggesteek is tot die lig te bring; om die monster tot die lig te bring Dis om in die onbekende af te daal, in die psigiese substratum, en die bewuste oor die onbewuste te laat triomfeer...."³⁾

Die Brigadier beskryf De Goede se taak as "'n poging tot éénwording van ons wêreld met 'n universele wêreld, waar elke skepsel sy ware aard moet ontdek (my kursivering) in alles wat verborge en vir die rede onbegryplik is."⁴⁾ Hy gaan "om die wêreld te bevry van die verderflike monster wat uit die duister gekom en ons rede in sy kloue het;"⁵⁾ hy gaan "om die mens self te bevry."⁶⁾ De Goede is as argetipiese held daar "om betekenis te gee aan die angsdrome van ons gewone mense en die onverstaanbare visioene van ons skeppende geeste."⁷⁾

Boris Gudenov is dus De Goede se skadu. Die ander kant van die self wat in die Persoonlike Onbewuste gevind word, is die skadu: die minderwaardige wese in onself, die primitiewe, onbeheerbare en dierlike. Die skadu bevat al die primitiewe verlangens en emosies wat teenstrydig is met sosiale norme en ons

1) Jacobi, J.: Complex / Archetype / Symbol in the Psychology of C.G. Jung, p. 186

2) AZ., p. 91

3) DO., p. 20. Volgens J.E. Cirlot: A Dictionary of Symbols, p. 203: "The fight against a monster signifies the struggle to free consciousness from the grip of the unconscious."

4) DO., p. 42

5) DO., p. 42

6) DO., p. 42

7) DO., p. 41

ideale persoonlikheid. Dit is 'n Kollektiewe verskynsel en word dikwels as 'n hond, heks, duivel ens. vergestalt. Volgens C.G. Jung is dit nutteloos om die skadu te ontken of om dit te betuel. Dit is iets waarmee die mens versoen moet word. As 'n mens die skadu bedwing, verkry dit in die Onbewuste 'n sterkte en krag wat des te gevaarliker is wanneer dit moet verskyn, omdat dit die res van die persoonlikheid kan oorweldig.¹⁾

'n Man se skadu word deur 'n ander man verpersoonlik, 'n vrou se skadu deur 'n ander vrou. C.G. Jung se volgende opmerking in verband met die skadu is belangrik: "If it has been believed hitherto that the human shadow was the source of all evil, it can now be ascertained on closer investigation that the unconscious man, that is, his shadow, does not consist only of morally reprehensible tendencies, but also displays a number of good qualities, such as normal instincts, appropriate reaction, realistic insights, creative impulses, etc."²⁾

De Goede se taak is dus om die skadukant van sy persoonlikheid, wat deur Boris Gudenov verpersoonlik word, te soek en hom daarmee te versoen. Die Brigadier waarsku hom dat sy taak nie vry van psigiese gevaar is nie en dat sy hele persoonlikheid op die spel is en dat selfs hý besete kan raak.³⁾

De Goede word eers ingewy in die D-diens tydens 'n geselligheid wat gehou word, soos die Brigadier dit stel: "om jou één met ons groep te laat voel."⁴⁾ In verband met die geheime organisasie sê C.G. Jung: "The secret society is an intermediary stage on the way to individuation. The individual is still relying on a collective organisation to effect his differentiation for him: that is, he has not yet recognised that it is really the individual's task to differentiate himself from all the others and stand on his own feet. All collective identities, such as membership in organisations, support of 'isms', and so on, interfere with the fulfilment of this task."⁵⁾

De Goede, kaptein in die Speurdiens, van sy spraakgebrek genees, is die "be-

1) Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, pp. 49 - 51

2) Jung, C.G.: Memories, Dreams, Reflections, Glossary, p. 417

3) DO., p. 21

4) DO., p. 23

5) Jung, C.G.: Memories, Dreams, Reflections, p. 375

liggaming van elkeen se manne-ideaal."¹⁾ Hy verteenwoordig al die goeie deugde in die mens en is "'n Suid-Afrikaanse heldetipe by uitnemendheid."²⁾ Hy is gekies vir die taak omdat hy so volkome mens is, "so na aan die natuur, so vreemd aan die tydsgees."³⁾

Gudenov, die tycoon, toon 'n duidelike ooreenkoms met De Goede wat naam en voorkoms betref, en dit word uit die Brigadier se volgende woorde duidelik dat De Goede se soektog eintlik die soektog na die skadukant van homself is. Die Brigadier stel dit so: "'n Merkwaardige geval 'n Onafwendbare stryd; die vervolgte gefassineer deur die vervolger; twee aspekte van die persona; twee maskers rondom die ego; Ahab en die walvis in die woelige see van die Onbewuste."⁴⁾

De Goede se soektog begin in die voorstad, en die eerste versperring in die uitvoer van sy taak nl. die prostituut "met die maanhare van 'n wolf"⁵⁾ vind hy hinderlik "omdat sy by hom daardie wil tot chaos, die vryheidswens in homself verpersoonlik."⁶⁾

H.J. Vermeulen wys daarop dat die prostituut beskou kan word as een van die manifestasies van die anima by De Goede en wys ook daarop dat De Goede se soektog in die buitewyke van die stad begin waar hy in sirkels rondbeweeg. Hy beweeg hier nog op die grens tussen die bewuste en onbewuste.⁷⁾

Terwyl hy in die voorstad hopeloos verlore raak, ervaar De Goede meteens 'n ander vrees: "'n verlange na sy vrou en kinders, 'n gevoel dat hy hulle nie weer sal sien nie, dat sy huis waarna hy altyd in die verlede teruggekom het, op 'n geheimsinnige wyse nie meer daar is nie en dat hy vir die res van sy lewe alleen sal wees."⁸⁾

1) DO., p. 11

2) DO., p. 17

3) DO., p. 36

4) DO., p. 23

5) DO., p. 66

6) DO., p. 66

7) Vermeulen, H.J.: "Die Derde Oog as Ghoeroe", Standpunte 98, Jg. 25, nr. 2 Des. 1971, p. 10

8) DO., p. 67

Die eendstert wys De Goede die pad na die middestad en op die bus klap De Goede die buskondukteur, A.C. Theron, wat daarop aangedring het dat hy moes afklim omdat hy nie sy busgeld kon betaal nie. H.J. Vermeulen wys daarop dat De Goede deur hierdie aggressiewe daad, die orde wat hy as polisieman moet dien, versteur, en dit is 'n aanduiding dat hy besig is om sy masker te verloor.¹⁾

Die eendstert, die "Hermes van die shopping centre"²⁾, begelei De Goede deur Oita. In verband met die naam Hermes, meld J.E. Cirlot: "His (Mercury's) Greek name of Hermes signifies 'interpreter' or 'mediator'. Hence it is his task to conduct the souls of the dead to the Lower World Probably it was the alchemists, with their lofty speculations, who penetrated farthest into the archetypal structure of Mercury since Mercury is the planet nearest to the sun (related to gold), the resultant archetype has a double nature (of a chthonian god and a celestial god — a hermaphrodite)."³⁾ Cirlot sê ook: "Psychologically, it must not be overlooked that the concept of hermaphroditism represents a formula (which, like most mythic formulas, is only an approximation) of 'totality', of the 'integration of opposites'. In other words, it expresses in sexual terms the essential idea that all pairs of opposites are integrated into Oneness."⁴⁾ C.G. Jung stel dit so in Mysterium Coniunctionis: "In a psychological sense Mercurius represents the unconscious."⁵⁾

Dit is duidelik dat die eendstert baie vroulike karaktertrekke toon, bv. "Hy word slap en vroulik in sy oorgawe sodra dit by die verdieping van sy gedagtegang kom."⁶⁾ Hy is blykbaar homoseksueel, want hy druk sy gespierde lyfie teen De Goede se liggaam aan en verklaar gegrief, as De Goede hom loswikk

1) Vermeulen, J.H.: "Die Derde Oog as Ghoeroe", Standpunte 98, Jg.25, nr. 2 Des. 1971, p. 10

2) DO., p. 90

3) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 198

4) Ibid., p. 140

5) Jung, C.G.: Mysterium Coniunctionis, p. 491

6) DO., p. 73

uit sy omhelsing, dat Hope 'n hoer is. Volgens J.H. Vermeulen verteenwoordig hy De Goede se anima en daarom word hy De Goede se gids deur die onbekende Onbewuste.¹⁾ Vermeulen wys daarop dat die Onbewuste, volgens Jung, 'n gebied is waar intuïsie die pad moet aandui en intuïsie is 'n "vroulike" karaktertrek.

In sy soektog na Boris Gudenov ontmoet De Goede 'n hele paar argetipes waarvan Bee-Bee-Doo as die sterkste na vore tree. Bee-Bee-Doo is "die Filia Mystica"²⁾ en argetipe van die anima. "Sy het willens en wetens die teenwoordigheid van die onbekende erken en opgegaan in die demoniese en die goeie, in die iets wat kranksinnig maak en tog kan wegvoer tot heerlike ekstase. Sy moes die risiko van kennis aanvaar en het ten gronde gegaan in vrees."³⁾

De Goede ontmoet daarna die modegek en as De Goede hom slaan, kry hy 'n onverwagte karate-kap terug. "Hulle is albei meteens op hulle hoede, instinktief as intellektueel en atleet."⁴⁾ Elke greep van die Kaptein word met 'n teengreep beantwoord, wat 'n perversie van die ware greep is, en uiteindelik verlaat De Goede hom instinktief op die heel primitiefste greep — 'n woedende omhelsing. As die modegek tou opgooi en De Goede opkyk, sien hy Boris Gudenov met Iole, en die vet modegek vou dubbel van die lag.

De Goede probeer dink, maar sy hulpeloosheid maak selfs sy gedagtes stom. "Daar is niks waarop hy hom kan beroep nie behalwe sy krag, en sy krag het in hierdie geval niks bewys nie. Hier is 'n ander dimensie van denke, 'n terrein waar die heroïese optrede en gebaar niks beteken nie."⁵⁾

As De Goede die man met die Rolls Royce sien naderkom en hom oor Boris Gudenov begin uitvra, vra die man, wat Boris Gudenov self is: "Soek jy Boris Gudenov as die hond, die negredo wat ellende, lyding en ondergang voorstel,

1) Vermeulen, J.H. "Die Derde Oog as Ghoeroe", Standpunte 98, Jg. 25, nr. 2, Des. 1971, p. 10

2) DO., p. 86

3) DO., p. 88

4) DO., p. 112

5) DO., p. 113

wat leef in die diepste skaduwees van die melancholie van die siel?"¹⁾ en terwyl De Goede die antwoord oorweeg, kyk hy hulpeloos rond. "Waarom is hy hier? Wat soek hy hier? Hy word vervul met 'n verlange na 'n wêreld wat hy geken het, maar wat voor sy oë verander het."²⁾ Dis asof die Kaptein vir die eerste keer besef dat hy oud word, want daar is iets wat huiwer op die drempel van besef maar waaraan hy geen woorde kan gee nie en waarvan hy geen duidelike, omlynde begrip kan vorm nie. Hy voel meteens alleen en word daarvan bewus dat hy 'n bespotlike figuur slaan. Hy hoor iemand lag. Daar is 'n harlekyn in die skaduwees: dit is hier, dit is daar, en dit volg hom orals. Hy skud sy kop asof hy hom uit die droomwêreld wakker wil skud. Daar is iets wat in die verwarring alleen met 'n geweldige selfdisipline besweer kan word. Om hierdie wesentlike wêreld van fantasie en drome te begryp, moet daar vaste grond onder jou voete wees; daar moet begrip wees anders is jy vir die res van jou lewe gedoem tot leegheid en niks; anders word jy die slagoffer van die outonome magte wat jou met hulle duiwelskuns kan reduceer tot hulle eie niks. Dis die gevaar waarteen die Brigadier hom gewaarsku het — iets moet tot die lig gebring word; iets moet vorm kry om met krag en rede oorwin te word."³⁾

Dan word De Goede meteens kalm as hy uiteindelik die gevare verbonde aan sy taak begin besef. As De Goede na Bee-Bee-Doo se lied luister bring dit "'n heel ander begrip wat net so gedaanteloos is. Iets is in stryd met iets en dit lei onkeerbaar tot algehele vernietiging."⁴⁾ De Goede is op die punt om 'n ingewing te kry wat alles verstaanbaar sal maak, maar dit ontwyk hom en hy sien hoe Gudenov en Iole wegloop. Maar tog bly daar 'n aanduiding oor: ".... iets is hier; iets is mēt my; iets agtervolg my."⁵⁾

1) DO., p. 114. Volgens C.G. Jung in Mysterium Coniunctionis, pp. 520 en 521: "Self-knowledge is an adventure that carries us unexpectedly far and deep. Even a moderately comprehensive knowledge of the shadow can cause a good deal of confusion and mental darkness, since it gives rise to personality problems which one had never remotely imagined before. For this reason alone we can understand why the alchemists called their nigredo melancholia, 'a blacker than black', night, an affliction of the soul, confusion, etc."

2) Vergelyk Henry van Eeden se verlange na die verlore Paradys SD., pp. 126 en 127

3) DO., pp. 114 en 115

4) DO., p. 115

5) DO., p. 115

De Goede beweeg weer tussen die mense in Oita en "is vervul met 'n hunkering na iets wat hierdie mense as ingewydes werktuiglik aanvaar; iets wat hom on-tuis laat voel. Hy begin aan homself twyfel; hy begin twyfel aan die aard van die heroïese wat nog altyd vir hom duidelik was; hy moet hom versoen met 'n begrip wat die omgekeerde van sy denke is, dat volwaardigheid nie meer bestaan in 'n grootse offer vir 'n grootse saak nie, maar 'n deemoedige aanvaarding van geringe dinge, want alles is gering en niks is meer groot nie."¹⁾ In die roesemoes probeer De Goede 'n betekenis sien.

Terwyl De Goede rondstap, neem sy onmag en woede toe, "omdat hy niks kan vind nie behalwe die saaiheid, die verveeldheid, die onvrugbaarheid."²⁾ Al laer in Oita daal hy af "na die bron van klank en die kwellling van alles wat hy nie begryp nie."³⁾

Volgens die D-dienslede het De Goede "verby die sfeer van bewuste emosionele gewaarwording beweeg en ervaar (hy) die eerste aanduidings van oerbelewing."⁴⁾

"Daar is 'n enkele oomblik dat die Kaptein hom wil oorgee aan die moedeloosheid en die katatoniese staat van besluiteloosheid, maar op die laaste oomblik herleef die reinigende woede in hom en hervat hy sy soektog met hernieuwe drif gerig teen die onverstaanbare warboel wat Gudenov is."⁵⁾

In die onderste deel van Oita kom dit vir De Goede voor asof die hele wêreld wat hy ken daar is en hy word deur 'n intense gevoel van swaarmoedigheid oorweldig. Hy begin twyfel aan alles wat hy in die verlede verrig het. "Iets het in die een of ander stadium doodgegaan en daar is niks oor nie."⁶⁾ Iets in homself het tot niet gegaan, 'n gevoel van angs neem besit van hom, en "hy word bewus van 'n hel wat slegs bestaan uit vervreemding, 'n onvermoë om 'n vergelyk te tref met die duidelik waarneembare, met jouself en met jou naaste."⁷⁾

1) DO., pp. 116 en 117. Vergelyk Henry van Eeden wat ook begin twyfel aan alles waaraan hy vroeër geglo het. Sien p. 41 van hierdie verhandeling

2) DO., p. 119

3) DO., p. 120

4) DO., p. 121

5) DO., pp., 145 en 146

6) DO., p. 148

7) DO., p. 149

De Goede staan stil en "voel die chaos wat met 'n enorme bron van energie alles gedurig in beweging hou en waarin hy self met die eenvoud van sy hart en denke iets van die verre verlede word. Hy luister na die lied van Bee-Bee-Doo wat aan sy hartsnare pluk en deel word van die geharwar wat die ritueel bespot. Hy voel die enorme krag van Gudenov wat hom in die stroom wil trek, die ystergreep van die onsigbare hond. Hy voel die angs en die vrees wat van nêrens kom nie, wat leef in geen voorwerp, wat geen vorm, beeld of dimensie het nie. Iets is besig om hom van sy sinne te beroof en hy weet nie wat dit is nie. Hy kyk na die huwelik van die idiote wat voor hom plaasvind en hy hoor die gelag van die harlekyn."¹⁾

Hierdie travestie is te veel vir De Goede. "Iets in hom het gebreek en hy maak hom gereed om alles en almal uitmekaar te slaan; hy sal voor die voet teen die hele shopping centre veg, sonder aansien des persoons, en in die algehele vernietiging ook die onsigbare hond vernietig."²⁾

As De Goede die eendstert skud, is daar "iets in die geweld wat weer sekerheid vir die oomblik bring."³⁾ Hy los die eendstert meteens en kyk met gevaarlike kalmte na die hele shopping centre voor hy begin om wanorde te saai. "Hy is in die greep van 'n mag wat sy ego oormeester het. Hy veg teen dinge wat hy nie kan sien nie en wat hy nie kan verstaan nie, maar hy veg. In die daad probeer hy gestalte gee aan al daardie onsigbare dinge."⁴⁾ De Goede veg teen die gesigte van Satan, die idiote, die drie reuse wat as privaatspeurders die orde in Oita handhaaf; hy veg teen towenaars, bedrieërs en verraaiers en as hy Oita verlaat sien hy die Rolls Royce stadig wegtrek.

"En meteens gaan daar 'n lig vir hom op. Dis die man wat soos hy self lyk! Die hond is iemand soos hy self. Sy verbysterde verstand sien 'n logika daarin; sy ontvreemde denke herken nou die gestalte wat hy nie kon vind nie."⁵⁾

1) DO., p. 151

2) DO., p. 153

3) DO., p. 153

4) DO., p. 154

5) DO., p. 154

Met hierdie insig is De Goede net een stappie verwyder van die voltooiing van sy individuasieproses. Hy moet Gudenov nou net aanvaar as sy skadu, deel van sy persoonlikheid.

De Goede word uiters kalm as hy die Rolls Royce agtervolg. "Die oomblik vir vergelding en wraak het aangebreek. Kaptein Demosthenes de Goede is bereid om sy hele toekoms op die spel te plaas. Daar is één prys wat geen mens sal betaal om te lewe nie. Daar is oomblikke in mens se lewe dat jy op eie rekening moet optree en die gevolge van jou daad moet aanvaar. Dit sal nie 'n blinde aanslag soos flussies wees nie; hy het die vyand nou in sy visier. Dit sal die offer wees wat hy aan die mensheid bring."¹⁾

De Goede volg die Rolls Royce terwyl hy aan sy vrou en kinders dink en hy kry weer die gevoel van angs en weemoed, die gevoel dat hulle vir ewig buite sy bereik is. "... in sy toestand van grootheidswaan"²⁾ besef hy "dat dit een van die offers sal wees wat hy moet bring in hierdie taak, sy grootste, die vernietiging van Boris Gudenov en ook die vernietiging van al daardie onsigbare magte wat die wêreld teister."³⁾ As hy die Rolls Royce opsetlik stamp, ervaar hy "'n waarheidsmoment"⁴⁾ en deur dié berekende daad, bring hy sy vrou en kinders om die lewe.

Hierdie finale insig in die Self is te oorweldigend vir De Goede, wat, in teenstelling met Henry van Eeden, geen geloof het om hom ongedeerd daardeur te bring nie. Hy word heeltemal daardeur oorweldig en sluit sy dae as krank-sinnige op die Welgevonden Stigting, waar hy "vir die res van sy lewe die harmonieuse opset ervaar en ontslae (sal) wees van die vloek van lyding, liefde, leed en skepping."⁵⁾

Gudenov se individuasie

Boris Gudenov, wat die skadukant van De Goede se persoonlikheid verteenwoor-

1) DO., p. 155

2) DO., p. 155

3) DO., p. 155

4) DO., p. 155

5) DO., p. 160

dig, ondergaan ook 'n proses van individuasie. Die belangrikste figuur in Gudenov se individuasie is Iole, wat sy anima verteenwoordig en wat in baie opsigte met Salome in Sewe Dae by die Silbersteins ooreenkom. (Sien latere bespreking van newe-karakters in verband hiermee.) Gudenov se versoening met sy anima gee aanleiding tot die laaste stap in sy individuasieproses, nl. die insig in die Self.

Gudenov, die finansiële genie, was die seun van behoeftige ouers en hy het vir sy armoede gekompenseer deur die najaag van rykdom en mag. Gudenov is "impotent met die impotensie van die suiwer rede — die geslaglose produk van die ongeketende gees."¹⁾ As gevolg van sy ondervinding in Lydia waar hy Omphalia gedien het, het die gerug ontstaan dat hy impotent is, 'n verwyfde swakkeling. Gudenov probeer om innerlike voltooiing te verkry deur seksuele kontak met mooi meisies van geringe stand. Katy word algemeen aanvaar as sy "vrou", maar dit is nie 'n gelukkige huwelik nie. Hulle het 'n seun, Hyllos. As Katy Iole vir die eerste keer sien, sien sy haar ewebeeld van vyftien jaar tevore.

Nadat Gudenov 'n verhouding met Luna Cohn (Bee-Bee-Doo) gehad het, het hy haar — na haar dood — tot seksgodin verhef. Hy het toe 'n verhouding met Iole aangeknoop. Sy was die dogter van Ernest Eurytus, hoof van die Oechalia Publishing Company en voormalige vriend van Gudenov, wat finansieel deur Gudenov vernietig is en wat later selfmoord gepleeg het.

Iole is slank en beeldskoon met 'n afsydigheid wat haar onbekombaar maak. "Sy is stil, sonder om beskeie te wees,"²⁾ hooghartig, "'n enigma vir die liberale groep wat haar in hulle geledere tel."³⁾ Iole is "'n onverstaanbare kontradiksie — die moderne, hoogs gesofistikeerde vrou met die grimeringsmasker van 'n maagd."⁴⁾

In Gudenov vind Iole op haar beurt haar animus. "Iole neem hom (Gudenov) in haar arms. Daar is trane in haar oë as sy deur 'n primitiewe, elementale invoeling die lyding van die tycoon aanvaar en vergewe. Sy is hy; hy is sy, en sy verdra

1) DO., p. 80

2) DO., p. 51

3) DO., p. 51

4) DO., p. 51

die impotente aanslag op haarself in 'n oomblik van mistieke sielsverhuising. Sy duld die pyn en die wraak totdat hy tot bedaring kom en, gekalmeer deur haar onderbewustelike waarneming, orde in die verwarring vind.'

'Hy vertel haar van die einde van Bee-Bee-Doo terwyl hulle albei na die verlore helfte in mekaar se arms soek. Daar is 'n geringe vertroosting dat, verhewe bo die bloot erotiese, heteroseksuele liefde gebaseer is op projeksie — die waarheid van die apokriewe, dat die vrou word soos die man, dat die teenoorgesteldes versoen word, dat die bewuste met die onbewuste verenig."¹⁾

"Iole het Boris Gudenov nog steeds in haar arms en terwyl sy luister word sy met weemoed vervul in die gedagte dat na voltooiing die geprojekteerde liefde van die minnesanger doodgaan en dat jy jou maat na 'n tyd nie meer nodig het nie. Haar hart kan breek in die besef van die tragiese ommekeer wat sy aanvoel; dat die vrou bewus word van die manlike in haar, die man van die vroulike in hom. Terwyl hy praat, skemer dit alreeds deur dat hy verlore sal raak in wyse bespiegeling en sy verder sal wegdryf in die skerpheid van die rede wat haar, selfs op hierdie oomblik, 'n voorgevoel van die onvermydelike gee."²⁾

"Meteens hou hulle op asof hulle van nuuts af bewus word van die tragedie — die tragedie van die een wat weg beweeg van die lig en die een wat na die lig beweeg — die tragedie van tydelike samekoms waar hulle oor en weer van mekaar neem — die tragiese tussenspel van ouer man en jonger vrou, op die paradyslike kruispunt van gelyke sensitiwiteit. En waar hulle 'n oomblik gelede gelag het, word hulle nou met droefheid vervul wat hulle terselfdertyd nader aan mekaar bring, en in die voorgevoel van onvermydelike skeiding, ironies genoeg, die hegtheid van hulle toenemende eenwording laat besef."³⁾

Gudenov vertel van Bee-Bee-Doo se einde asof hy 'n wraakgenot daarin vind. Bee-Bee-Doo vorm 'n duidelike kontras met Iole. Bee-Bee-Doo is 'n ander aspek van Gudenov se anima — die verleidelike prostituut, "'n vrou gebore vir liefde en die prikkeling van 'n man se sinne",⁴⁾ maar in haar het Gudenov nie gekry wat

1) DO., pp. 96 en 97

2) DO., p. 97

3) DO., p. 98

4) DO., p. 96

hy gesoek het nie. "Dis nie Bee-Bee-Doo nie! Dis iemand anders wat daar lê! Dis 'n Myrrha in mirtegroen met oë vol liefde vir iemand oor jou skouer. Daar is 'n ou man wat agter jou wag! Is dit fetisjisme as jy haar dan wil vernietig?"¹⁾

"Dis moeilik om te sê wat Iole van Boris Gudenov begryp as sy hom in haar arms neem. Teenoor die betreklike korte duur van hulle verhouding, wat albei nou as tydelik besef, is hulle volkome anders ingestel. Iole het 'n mistieke boodskap, gebore uit liefde, wat sy binne 'n paar jaar sal omvorm tot presiese opinies; Boris Gudenov is vol weemoed in die besef dat hy haar ook gebruik soos hy deur sy hele lewe almal en alles gebruik het.'

'Maar daar is nou iets — iets wat hom agtervolg, wat gedurig by hom is, wat hom nie met rus kan laat nie. Boris Gudenov, as tycoon, is miskien beter as enigiemand anders bewus van orde en patroon op grond van ekonomiese, biologiese en psigiese wette. Sy pragmatiese oordeel het hom nog nooit in die verlede gefaal nie. Maar hy het meteens 'n verlange, soos nog nooit tevore nie, na iets uit die dae van sy grootvader, die Maggid, weggesteek in die newels van sy jeug."²⁾

As Gudenov oor Iole se skouer na die gordyne kyk, begin gesigte in die abstrakte gordynpatrone vorm. "Hy voel hoe die vrees hom bemeester en hy duld die vrees so lank as wat hy kan, en dis asof hy die oomblik se kranksinnigheid verwelkom totdat die dissipline van sy gees die pluriformiteit van skaduwees en vorms terugdwing tot abstraksies wat slegs diens doen as versiering."³⁾

Gudenov ruk hom reg maar hy besef "die donker, onbekende gedeelte van sy psige is 'n wêreld wat oorwin moet word. Selfs die vrees van flussies is iets wat hy kan beheer; die verlange wat by hom opkom is slegs 'n verbygaande gevoel vir daardie dinge van sy jeug wat nou vir hom vreemd is; dit wat hom agtervolg en hom nie met rus kan laat nie, is iets wat hy tot die lig moet bring en waaraan hy 'n naam moet gee."⁴⁾ Met die soeklig van sy rede kan Gudenov die psigiese

1) DO., p. 96

2) DO., pp. 129 en 130

3) DO., p. 130

4) DO., p. 130

monsters verblind.¹⁾

As Hope in die kamer verskyn, kyk Gudenov versteend na haar. "... dis asof die vreespatrone van sy jeug herleef, want in die skaduwees agter sien hy die beelde van Azazel en, verder terug, die demoonvrou Lilith."²⁾

'Die magtige Gudenov span sy kragte tot die uiterste toe in om die visioene met sy rede te besweer."³⁾

Hy ontvang die buisie van Hope en besluit om die risiko te neem. As Gudenov in die spieël na Iole kyk, kry hy weer "die visioen van die ou man en die jong vrou, Salome in die skaduwee van Elia."⁴⁾

"As tycoon moes hy al telkemale moeilike besluite neem en dan het hy feite teen mekaar opgeweeg en die skaal dikwels laat oorslaan met 'n tikkie voor-gevoel wat nie op rede gebaseer is nie. Vir daardie oomblik was hy altyd in die hande van iets wat outonoom was, iets wat hy toelaat om beheer oor hom te neem, iets uit die diepste lae van sy psige. Deur daardie besetenheid, in daardie oorname, kry hy dan dikwels die antwoord. Maar dis 'n risiko wat iemand soos hy, altyd, sy hele lewe lank, moes aanvaar."⁵⁾

Dit is 'n berekende risiko wat Gudenov nou neem, maar daar is ook die belofte van bevrugting, vervorming en redding wat hom die besluit laat neem. "Dis miskien die meeste wat hy in sy hele loopbaan gewaag het, want hy het ook sy swakheid op die spel geplaas, die siekte in homself wat 'n simbool geword het van ondergang. Dis die lot van iemand soos hy dat die eise al hoër gestel word, dat die ware vonds, ongeag die gevaar, alleen toegelaat word aan die

1) DO., p. 130

2) In 'n voetnoot op p. 220 van Dante se The Divine Comedy, (Part 2, Purgatory), staan: "The Siren is, in fact, the 'ancient witch' Lilith, the fabled first wife of Adam, who was not a real woman of flesh and blood, but a magical imago, begotten of Samael, the Evil One, to be a fantasm of Adam's own desires. (According to Rabbinical legend, God, seeing that 'it was not good for man to be alone' with himself in this fashion, created Eve to be his true other, and to be loved and respected by him as a real person.) In later legend, the magical fantasm of man's own desire is the demon lover called the succubus (or in the case of a woman, the incubus), intercourse with which saps the strength and destroys the life."

3) DO., p. 131

4) DO., p. 133

5) DO., p. 134

een wat die risiko aanvaar."¹⁾ Omring deur sy kosbare besittings word Gudenov betrek in die stryd waaruit hy nie ongedeerd sal kom nie.

As Gudenov Iole die glas Damian aanbied sien hy in haar oë liefde, oorgawe en vertroue. "Sy het haar volkome diensbaar gestel as die houer waarin die heilige transformasie moet plaasvind."²⁾

Na Gudenov se brutale aanranding van Iole, laat hy haar bloeiend daar lê. Hy dink aan al die jare wat verby is, aan sy jeug. Hy verlang na sy verlede maar wil dit ook nie meer terughê nie. Die gevoel van moegheid en vernietiging wat hy ervaar, maak plek vir 'n geleidelike gevoel van opgewektheid. "Die lewe dreun deur hom. Hy voel al hoe sterker die demoniese magte wat hom op hulle vlug kan neem, al weet hy dat die ekstase so kort van duur is as dronkenskap en oomblikke van geïnspireerde insig. Die bietjie menslike verlange wat oorbly, mag jy ook nie meer só aanvaar nie, want dit moet ook deel word van die groot stroom; dit moet ingeweef word in iets wat in die magtige, onontkombare patroon pas, die klank van die piccolo in die groot orkes."³⁾

Gudenov verlang daarna "om die eenvoud te hê van sy vyand, Demosthenes de Goede, wat woedend ook ten gronde sal gaan teen die hoër magte; hy haat die insig wat alles flou maak en hom van sy opgeblasenheid en trots beroof het.'

'Hy verlang na 'n staat van kranksinnigheid wanneer hy onbeholpe in die greep van die oermagte is; hy verkies selfs die vrees vir die duisternis; hy wens dat hy die slagoffer kan word van die onheilspellende iets wat hom agtervolg en wat altyd mét hom is."⁴⁾

Die mou van Gudenov se mantel begin stadig brand en Iole hoor sy kreet waar sy bloeiend en vernietig lê. "Daar is iets wat met homself in stryd is: 'n gevoel dat alles herkonstitueer word; dat in ondergang ook oorwinning is. Sy is self die refraktor; sy het die oorspronklike lig wat besig was om te kwyn, in haarself ontvang en gebreek in haar vroulike vloeistof; sy het die skroeiende hitte uitgewis in haar klammigheid. Sy het haar onsigbare minnaar in staat

1) DO., p. 134

2) DO., p. 134

3) DO., p. 138

4) DO., p. 139

gestel om te sterf. Terwyl sy na die krete in die verte luister, voel sy die bevrediging van weerontkieming na swakheid en onvermoë. Dis asof sy, as jong vrou, met oneindige wysheid in haarself die dieper betekenis begryp, 'n groter waarheid; jy is ek; ek is jy; op die aarde en in die hemel; vir alle tye — ek aan jou linkerkant en jy aan my regterkant — en ons dryf deur die nag en die sterre die dag tegemoet — en die twee helftes word één en iets nuuts word in onself gebore wat man én vrou is en wat tweeledig alles omvat en die tragiese word onthef van die tragiese deur die sekerheid van hergeboorte."¹⁾

Terwyl Gudenov brand²⁾ is daar iets wat "groter pyn verskaf as die afgeskroeiende vlees; daar is 'n groter ekstase as selfkastyding. Dis die numinositeit van die beelde wat van diep en vër kom. Hy kan daardie figure agter die glas vergeeef; hulle skuld of onskuld is nie meer van belang nie. Selfs die ironie van hulle wraak vervaag voor die dieper insig. Hy dink aan alles wat hy bereik het; al die take wat hy verrig het en wat bo die bereik van die gewone mensheid was. Maar hy verban die verwyte en menslike gevoel van selfbejammering wat op hierdie oomblik hulle houvas op hom verloor het. Selfs in die ekstatiëse pyn kan hy die beskerming van 'n dieper ongevoeligheid waarneem, iets groter as menslike reaksies spreek deur hom; 'n grootser kennis distansieer hom nog meer. Die spartelende liggaam, die krete en die uiterlike tekens van foltering weerspieël nie die stilte in homself nie. Hy sien die aaklige beeld van homself in die spieël, maar iets verhef hom bo die wêreldse en die liggaamlike. Die vlam flikker en hy is nie meer vry nie, 'n verhewe eensaamheid kom oor hom, alles word onpersoonlik en iets spreek deur hom.'

'Hy sien die menorah op die staander van gebed, hy sien die vier pilare van

1) DO., pp. 164 en 165

2) Eliade, Mircea: Myths, Dreams and Mysteries, p. 146: "Heat and fire, on the plane of mystical physiology, indicate the awakening of a magico-religious power" en "A saint, a shaman, a yogi or a 'hero' are all apt to feel the supernatural warmth to the degree that, each upon his appointed plane of being, they surpass the profane human condition and become embodiments of the sacred." (p. 149) "Other Tantric texts specify that this 'magical heat' is obtained by the 'transmutation' of the sexual energy." (p. 146)

Jung, C.G.: Mysterium Coniunctionis, p. 227: "In alchemy the fire purifies, but it also melts the opposites into a unity."

die heilige ark en die wyse ou man wat lees uit die heilige boeke. Iets wat die invloed uit die verre verlede geblokkeer het, was weg in die vurige stroom. Hy voel die hoër siel in hom.... Daar is 'n goue ketting wat hom met sy verre, oneindige verlede verbind."¹⁾

En "Boris Gudenov brand in 'n kruis met sy arms na weerskante toe uitgestrek."²⁾ Boris Gudenov bereik uiteindelik die insig in die Self wat die hoogtepunt is in die individuasiëproses.

Samevatting

Die hoofkarakters in die Welgevonden-trilogie vergestalt, soos uit die bespreking tot dusver duidelik gesien kan word, die tema van individuasië en hergeboorte, wat sentraal staan in al drie romans. In elke roman benader Leroux hierdie tema vanuit 'n ander gesigspunt.

In Sewe Dae by die Silbersteins word die individuasiëproses nie voltrek nie, maar die laaste paar bladsye wek die veronderstelling dat Henry se versoening met Salome, sy anima, daartoe aanleiding sal gee. As gevolg van verskeie opmerkings in Een vir Azazel, blyk dit dat dié veronderstelling nooit verwesenlik word nie — Henry bereik nooit die insig in die Self nie.

In Een vir Azazel is daar nie sprake van 'n doelbewuste individuasiëproses nie, aangesien dit primêr oor die soektog na 'n sondebok handel, maar die suiwering en hergeboorte of transformasie wat so 'n belangrike rol speel in die individuasiëproses van 'n enkeling, kom wel voor in die kollektiewe optrede van die massa as hulle die Reus stenig, 'n daad wat geestelike reiniging of katarsis tot gevolg het. Die ironie is dat die individuasië onbewus in Adam Kadmon, die gekose sondebok, voltrek word.

1) DO., p. 166. Volgens J.E. Cirlot in A Dictionary of Symbols, p. 41: "On the cosmic plane it (a chain) is the symbol of the marriage of heaven and earth In a wider sense it is a symbol of social or psychic integration."

2) DO., p. 167. Volgens J.E. Cirlot in A Dictionary of Symbols, pp. 65-68: "Like the Tree of Life, the cross stands for the 'world axis'. Placed in the mystic Centre of the cosmos, it becomes the bridge or ladder by means of which the soul may reach God In sum, the most general significance of the cross is that of the conjunction of opposites; the positive (or the vertical) with the negative (or horizontal), the superior with the inferior, life with death."

In Die Derde Oog onderneem De Goede 'n proses van individuasie, maar hy kan nie met sy skadu tot 'n vergelyk kom nie en hy word heeltemal deur hierdie ervaring oorweldig. In sy grootheidswaan neem hy 'n berekende besluit en deels as gevolg hiervan, sluit hy sy dae as kranksinnige op die Welgevonden Stigting.

Boris Gudenov is die enigste karakter in wie die individuasie voltrek word, al sterf hy op rampspoedige wyse. Hy bereik die insig in die Self en word hergebore. Daarom sterf hy in die vorm van die kruis.

In die drie romans word dus 'n standhoudende element verkry deur die kerntema — 'n tema wat in elkeen van die romans op 'n ander manier benader word. Volgens E. Deudney is dit 'n belangrike sikliese aspek.¹⁾

Individuasie geskied nie sonder vrees nie. Henry, Adam Kadmon, De Goede en Gudenov ervaar almal by tye oomblikke van intense vrees en al vier ervaar 'n onbeskryflike gevoel van ekstase as die demoniese magte vir 'n oomblik beheer oor hulle kry. Kenmerkend van die individuasieproses wat al vier karakters ondergaan is ook die gevoel van verlange na die sekuriteit van 'n wêreld of toestand wat hulle eens op 'n tyd geken het; die gevoel van heimwee en verdriet as hulle besef dat alles, hulleself ook, besig is om te verander en dat dinge nooit weer dieselfde sal wees nie, en die gevoel van intense eensaamheid en alleenheid. By al vier is daar die gevoel dat iets besig is om hulle te agtervolg en dat hulle 'n doelbewuste poging sal moet aanwend om dit kenbaar te maak. Die besluit om tot die finale stap oor te gaan nl. die blootstelling aan die argetipe van die Self, is 'n berekende aanvaarding van die risiko daaraan verbonde.

Die hoofkarakters toon dus sekere duidelike ooreenkomste wat die stappe en kernfases in die individuasieproses betref en hulle vergestalt hierdie kerntema.

2. Neuwe-karakters in die Welgevonden-Trilogie

A. Die Anima

'n Belangrike argetipe wat deur verskillende karakters in die Welgevonden-trilo-

1) Deudney, E.: "Die Siklus as Literêre soort." Standpunte 104, Jg. XXVI, nr. 2, Des. 1972, p. 15

gie uitgebeeld word, is die anima. Verskillende aspekte van die anima word onder andere deur Salome, Lady Mandrake, Mrs. Silberstein en die tuinier se kleindogter in Sewe Dae by die Silbersteins verpersoonlik; in Een vir Azazel tref ons dit in Lila en in 'n sekere mate in Hope en Prudence aan; en in Die Derde Oog kom dit in Iole, Katy, Hope en Bee-Bee-Doo voor.

Die Onbewuste van die man bevat 'n komplementêr vroulike element, dié van die vrou 'n manlike element. Jung noem hulle die anima en animus.

Die anima veroorsaak buie en stemmings; die animus veroorsaak menings wat op onbewuste veronderstellings berus, bv. bewuste en doelgerigte oorweging.¹⁾ Deur sy anima te aanvaar kan 'n man meer ontvanklik word of hy kan sy intuïsie en gevoel ontwikkel. Enigiemand wat kennis van sy anima of animus het, sal kennis van hom- of haarself inwin asook kennis van die kragte wat ander mense motiveer.²⁾

Omdat die beeld van die vrou 'n argetipe van die Kollektiewe Onbewuste is, bevat dit sekere attribute wat deur die eeue verskyn. Die anima bevat 'n tydlose kwaliteit — sy lyk altyd jonk, hoewel daar soms die aanduiding van jare van ondervinding agter haar is. Sy bevat wysheid en word baie maal met die aarde of water geassosieer. Sy bevat twee aspekte — lig en donker, wat verband hou met die verskillende tipes vrou: aan die een kant die pure, goeie, adellike en godinagtige figuur; aan die ander kant die prostituut, verleidster of heks. Die anima is so onbestendig as die vrou in wie se vorm sy altyd verpersoonlik word.³⁾

Die anima kom in die man tevoorskyn, nie net in projeksies op vrouens of in kreatiewe aktiwiteit nie, maar in fantasieë, buie, emosionele uitbarstings en voorgevoelens.⁴⁾

Die animus kant van die vrou hunker na mag en wanneer haar animus kant opgewek word, kan sy tirannies en aggressief word. Tog het die animus ook 'n positiewe funksie. Dit kan 'n vrou aanspoor om na kennis en waarheid te soek en kan

1) Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 56

2) Ibid., p. 59

3) Ibid., pp. 53 en 54

4) Ibid., p. 55

haar ook inlei in nuttige aktiwiteit.

Die anima en animus is bemiddelaars tussen die Bewuste en Onbewuste. "The animus and the anima should function as a bridge, or a door, leading to the images of the collective unconscious, as a persona should be a sort of bridge into the world."¹⁾

In Sewe Dae by die Silbersteins is Salome, die "legendariese skoonheid",²⁾ Henry se anima figuur, en soos J.C. Kannemeyer daarop wys, is Henry se enigste leidraad in sy soektog na haar, die feit dat sy "donker oë"³⁾ het. In die loop van sy besoek word hy telkens met donkerogige meisies gekonfronteer.⁴⁾

"Die dubbelduidigheid bly egter nie alleen tot haar moontlike verskynings beperk nie; daar is ook 'n dubbelduidigheid, en daarmee 'n dubbelkantigheid, in die figuur self aanwesig. 'n Mens sien dit reeds in die aanduiding aan die begin van die roman dat sy 'donker oë' het, 'n verwysing wat die suggestie wek van 'n romantiese geliefde, maar ook van 'n duister, onheilspellende figuur. Dié onsekerheid oor wie en wat Salome presies is, word nog verder bevestig deur die dubbelduidigheid in haar naam, wat die moontlikheid skep van sowel 'n goeie as 'n bose figuur.'

'Die dubbelkantigheid van die figuur sluit besonder nou aan by die hele problematiek van goed en kwaad waarin Jock vir Henry inlei In die eerste hoofstuk beskrywe een van die 'vaal Misses Silberstein' Salome as iemand wat 'hou van blomme en die veld', wat 'soos 'n nimf oor die vlei' wandel en wat 'soos 'n nagtegaal' sing (p. 15), terwyl die 'wagter in die donker' (p. 140) aan die einde van die sesde dag 'met liefde en met tranes in haar oë' (p. 139) na Henry kyk. Hierdie goeie beeld van Salome — iemand, dus, wat vir Henry geluk sal bring — kry ons telkens in die loop van die roman. Daarteenoor skep die moontlike Salomes wat hy op die partytjies ontmoet, dikwels die indruk van sedelike losheid of berekendheid. Dit is bv. die geval met sommige donkerogige meisies wat hy in die dans ontmoet (bv. p. 20), wat hom bespot en vir hom giggel (pp. 32-33; p. 149), en met die meisie wat met haar 'berekende afsydigheid'

1) Jung, C.G.: Memories, Dreams, Reflections, Glossary, p. 411

2) AZ., p. 39

3) SD., p. 13

4) Kannemeyer, J.C.: Op Weg na Welgevonden, p. 18

(p. 55) langs hom aan die tafel sit en later 'n 'beskaafde' gesprek met hom op die partytjie voer. Ook die skraal meisie van die sesde hoofstuk met haar 'wit gesig' en haar 'oë so donker dat mens nie weet of hulle donkerblou of donkerbruin is nie' (p. 120), wek tydens sy seksuele inisiasie vir 'n vlugtige oomblik die moontlikheid dat sy wel Salome kan wees."¹⁾

In die beeld van Salome word dus klem gelê op die goeie kwaliteite wat sy besit, maar terselfdertyd word die suggestie gewek dat sy ook bese kwaliteite bevat. By die partytjie die eerste aand op Welgevonden moet Henry die koek sny en bo-op die koek is twee figuurtjies — manlik en vroulik — "twee gesiglose poppies wat Salome en Henry voorstel."²⁾

In Die Derde Oog vind ons 'n soortgelyke figuur in Iole, die "beeldskone madonna."³⁾ Iole is "slank, donker en beeldskoon."⁴⁾ "Die feit dat seksuele perversiteit en allerhande verdorwenheid in verband met die ondermynende groep genoem word, is moeilik te versoen met haar madonna-voorkomste en grootse ideale."⁵⁾ Sy is 'n "onverstaanbare kontradiksie — die moderne, hoogs gesofistikeerde vrou met die grimeringsmasker van 'n maagd: wit lippe, donker oë en lang hare wat om haar skouers hang."⁶⁾ (my kursivering)

Soos in die figuur van Salome word die maagdelike en goeie aspek van Iole die sterkste beklemtoon, met die onderliggende suggestie van die moontlike bese kwaliteite wat sy ook kan besit. Nadat Iole deur Gudenov aangerand is, lê sy "omring deur Fra Angelico, Fra Filippo Lippi en Piero della Francesca — 'n Maria-boodskap, 'n Madonna en Kind, en 'n Kruisiging — die oorblyfsels van 'n vergange Renaissance."⁷⁾

As Gudenov aan Iole dink, is sy "die onverstaanbare stilte, die rondheid, die vogtigheid, die stil, wit maan, die goue oë, die soet geur van heilighed, en die vurigheid en die drif, en iets wat brand en alles wat teenstel-

1) Kannemeyer, J.C.: Op pad na Welgevonden, pp. 20 en 21

2) SD., p. 23

3) DO., p. 49

4) DO., p. 51

5) DO., p. 51

6) DO., pp. 51 en 52

7) DO., p. 135

ling is — en sy kom soos die maan,¹⁾ oor die vlaktes en oor die berge en oor die bome en deur die silwer lig tussen die oostelike heuwels...."²⁾

In Gudenov vind Iole haar animus en deur Iole word Gudenov met sy anima versoen. "Dis asof sy, as jong vrou, met oneindige wysheid in haarself die dieper betekenis begryp, 'n groter waarheid, jy is ek; ek is jy."³⁾

Salome en Iole stem in baie opsigte met mekaar ooreen en albei verpersoonlik die maagdelike attribuut van die anima. Daar is ook nuwe-karakters in albei betrokke romans wat 'n parallel met Salome en Iole vorm. Lady Joan Mandrake vorm 'n parallel met Salome, en Katy, Gudenov se "vrou", het baie met Iole gemeen.

Lady Joan Mandrake se grimering is 'n pragtige masker en amper elke keer as sy in Sewe Dae by die Silbersteins verskyn, word daar van haar masker melding gemaak. Sy het 'n beeld van haar man as "die manjifieke enkeling"⁴⁾ geskep, en selfs na sy dood behou sy slegs een beeld van hom as "jong esteet."⁵⁾ Volgens Lady Mandrake glo sy en Sir Henry aan "die rykdom van alle lewende dinge, die magiese proses van groei, verandering en rypwording, die weemoed van 'n tyd verby en in die proses van verbygaan, die warmte gebore uit liefde

1) Volgens J.E. Cirlot: A Dictionary of Symbols, pp. 204 en 205: "The moon not only measures and determines terrestrial phases but also unifies them through its activity: it unifies, that is, the waters and rain, the fecundity of women and of animals, and the fertility of vegetation Rene Guénon has confirmed that, in 'the sphere of the moon', forms are dissolved, so that the superior states are severed from the inferior; hence the dual rôle of the moon as Diana and Hecate — the celestial and the infernal Because of its passive character it (the moon) is equated with the passive or feminine principle The metal corresponding to the moon is silver (vergelyk "die silwer lig tussen die oostelike heuwels" DO., p. 139)(my kursivering) In alchemy, the moon represents the volatile (or mutable) and feminine principle." Op p. 207 wys Cirlot daarop dat die Tarotkaart wat die maan verteenwoordig "seeks to give instruction upon the 'lunar way' (of intuition, imagination and magic) as distinct from the 'solar way' (of reason, reflection, objectivity); but at the same time it is pregnant with negative and fatal significance. In the negative sense, it alludes to error, arbitrary fantasy, imaginative sensitivity, etc."

2) DO., p. 139

3) DO., p. 165

4) SD., p. 32

5) SD., p. 146

vir alles wat lewe."¹⁾

Na Sir Henry se dood, sit Lady Mandrake in die helder lig, met Sir Henry se kop op haar skoot, "verlig deur kennis (aards en geestelik)"²⁾ en sy roep 'n reeks beelde van Sir Henry as 'n jong man op.

Na die Heksesabbat, bly Henry en 'n onsigbare waarnemer, vermoedelik Salome, in die saal agter. Die wagter in die skaduwee is "'n meisie met donker oë wat die jongman 'n onsigbare stryd sien stry teen iets Sy het alreeds haarself vernietig in volkome oorgawe. Sy het 'n beeld geskep waaraan sy alles gegee het. Sy kyk nou met liefde en trane in haar oë na die jongman. Hy leef nou vir haar soos sir Henry vir lady Mandrake geleef het. (my kursivering) Sy sal soos 'n tierwyfie veg om die beeld behoue te laat bly."³⁾

Op die laaste dag wandel Henry op sy eie rond en in die verte sien hy 'n vrouefiguur. "Dis 'n vrou, gesigloos soos in jou drome, en 'n samestelling van alle vroue. As dit Salome moet wees, dan is hierdie naderende ontmoeting soos hy verwag het, 'n stadige uitkristallisering, die geboorte van vorm uit die vormloosheid."⁴⁾ Hy herken Lady Mandrake as sy nader kom. Dit is duidelik dat Lady Mandrake 'n parallel vorm met Salome.

Katy, Gudenov se "vrou", toon baie ooreenkomste met Iole, Katy se ewebeeld van vyftien jaar vantevore. As jong meisie in Riviersonderend was sy "die kil sybokkiemaagd"⁵⁾ wat armsvol aronskelke in die skemer op die vlei gepluk het.⁶⁾ Katy put genot uit haar stille lyding en jare van eensaamheid en sy straf Gudenov met seksuele afsydigheid. Daar is die suggestie van 'n verhouding wat sy moontlik met Gudenov se beste vriend, Neuman Nessos, gehad het. Nessos is per ongeluk deur Gudenov op safari geskiet en Katy gebruik sy bloedbevlekte japon om Gudenov openlik uit te tart. As Katy vir Iole onthaal, is alles aan haar "'n growwe namaaksel van die jeug se natuurlike bates; in na-

1) SD., p. 61

2) SD., p. 114

3) SD., pp. 139 en 140

4) SD., p. 145

5) DO., p. 53

6) Vergelyk Salome wat "soos 'n nimf oor die vlei" wandel (SD., p. 15) en van veldblomme hou.

bootsing word sy meteens 'n geplooië heks."¹⁾ Sy stuur Iole terug na Gudenov met die wete dat niks sal help nie. "Sy oorwin die argumente van die meervoudige animus, die ex cathedra-wysheid van misleidende wysgere in haarself, en behaal 'n groter oorwinning as wat sy besef.'

'Sy sal hom straf met onselfsugtige liefde."²⁾

Katy besluit om die jupon na Gudenov te stuur.".... dit sal sy laaste kans wees om hom, ter wille van homself, te herstel."³⁾ As Gudenov sterf, troos Katy se vriendinne haar en wys haar op die nuwe lewe wat vir haar voorlê, "waar sy die man se rol sal moet vervul; waar sy haar toevlug tot die voorvaderlike wysheid sal moet neem om in die toekoms as skeppende figuur die plek van haar man te vul; waar sy deur die oneindige verskeidenheid van hierdie kragbron haarself tot diens van die maatskappy moet stel."⁴⁾ Haar vriendinne laat haar "die lig sien in die gloed van die tycoon wat brand."⁵⁾ Beide Katy en Iole oorwin die animus in hulself en kom tot versoening daarmee.

In al drie romans kom verskeie karakters voor wat die anima as verleidster, heks en prostituut verpersoonlik. Dit vorm 'n teenstelling met Salome, Iole, en in 'n mindere mate Lady Mandrake en Katy, wat die goeie, maagdelike en rein aspek van die anima verteenwoordig.

In Sewe Dae by die Silbersteins verpersoonlik die slank Mrs. Silberstein die verleidelike aspek van die anima. As Henry en J.J. van Eeden op Welgevonden aankom, is sy geklee in 'n swart aandrok, "haar borste half ontbloot, haar oë verlig deur intense plesier as sy met uitgestrekte arms J.J. nader en haarself om sy hand drapeer."⁶⁾ Sy en J.J. het 'n verhouding met mekaar en as Henry deur die teleskoop in die kamers van die huise loer, sien hy hoe Mrs. Silberstein agter J.J. staan, met haar gesig teen sy nek.

1) DO., p. 60

2) DO., p. 61

3) DO., p. 136

4) DO., p. 164

5) DO., p. 164

6) SD., p. 11

Die eerste aand op Welgevonden lê Henry en hy hoor sagte voetstappe in die gang. Hy maak sy deur oop en sien die been van 'n meisie en 'n gedeelte van 'n arm. Hy is net op die punt om die deur weer toe te maak, toe hy die slank Mrs. Silberstein in 'n deurskynende nylon-nagrok die gang sien ophardloop. Jock, bloedrooi in die gesig, staan en wag vir haar en hy skree "Lilith" vir haar.¹⁾

By een van die partytjies gesels Mrs. Silberstein met Henry oor die feit dat hy aan Salome so min aandag skenk en sy sê dat die seksuele, die "man-vrou-intimiteit"²⁾ die persoonlikste kontak is wat daar ooit tussen twee mense kan bestaan.

By die Heksesabbat speel J.J. die rol van Swart Jan. Agter hom verskyn 'n slank naakte vrouefiguur wat 'n bok ry. Sy klou 'n horing in een hand en swaai 'n kat aan sy stert met die ander. Die woord "slank" laat vermoed dat dit Mrs. Silberstein is wat die rol van 'n heks speel.

In Een vir Azazel is Mrs. Silberstein geset en vierkantig, maar nog steeds verleidelik. Sy amuseer haarself met 'n ligte flirtasie met De Goede wat op niks uitloop nie.

'n Karakter wat 'n parallel vorm met Mrs. Silberstein is die tuinier se kleindogter, die witgesig hoer met die oë wat so donker is dat mens nie weet of hulle donkerblou of donkerbruin is nie. Dit is sy wat Henry seksueel inisieer.

As Henry op die laaste dag by die asbesdakhuis aandoen, is die meisie besig om in die tuin blomme te pluk en Henry verlaat hulle "terwyl die prentjie tipies bly: die huisie, die tuintjie, die ouma en kind — die goeie laaste herinnering."³⁾ Maar as Henry omkyk, lig die meisie se rok op en sy dra niks daaronder nie. Soos die wind waai, verskyn verskillende beelde voor hom "van die maagd en die blomme, die slet en die blomme, die moeder en maagd, die heks en heksekind."⁴⁾

1) Sien voetnoot 2 op p. 69 van hierdie verhandeling vir verklaring van die naam Lilith.

2) SD., p. 41

3) SD., p. 142

4) SD., p. 143

Die witgesig hoer se dogter, Lila, is in Een vir Azazel die ewebeeld van haar moeder wat op die ouderdom van agtien met Lila se geboorte gesterf het. Lila was ook agtien toe sy vermoor is. Soos Jock dit stel: "'n Moeder en dogter van gelyke leeftyd met dieselfde voorkomste en dieselfde verlede." ¹⁾

Dat Lila ook die bose kant van die anima verteenwoordig, blyk uit die beskrywing van Adam Kadmon se succubus—"sy Lila-leman-larua sal verskyn met haar bleek gelaat en hom byt met haar sterk wit tande terwyl sy kreun van genot." ²⁾

Sy het ook donker swart oë. ³⁾ Tog word Lila, die hoer, deur die gemeenskap tot maagd verhef en soos regter O'Hara dit stel: "Die woede van die gemeenskap is tot die uiterste ontstoke wanneer die maagd, eintlik hulle beskerming teen die bose, ontmaagd word." ⁴⁾

In Die Derde Oog is Bee-Bee-Doo 'n soortgelyke figuur. Sy is ook 'n prostituut wat tot maagd verhef is. Bee-Bee-Doo, gebore Luna Cohn, die "Filia Mystica" ⁵⁾ was die kind van hulpbehoewende ouers. Op die ouderdom van dertien het sy met haar stiefpa bloedsbande gepleeg. Sy het st. 4 gedruip, as tienderjarige getrou en 'n jaar later geskei. Sy het naakmodel in die stad geword, toe die losvrou van 'n publisiteitsagent geword en as filmster in 'n Bybeldrama bekendheid verwerf. Sy is vyf keer getroud, maar kon die sekuriteit waarna sy gesmag het, nie vind nie. Sy was diep ongelukkig. Haar gesondheid het begin ingee en sy het later selfmoord gepleeg. Gudenov het 'n verhouding met haar gehad, en na haar dood het hy haar beeld ingespan en Bee-Bee-Doo geskep. Soos die man in die wit jas die retoriese vraag stel: "Was sy die verleidster, die hoer, die engel van Satan — of was sy 'n ligpunt, 'n simbool van liefde, aards en geestelik?" ⁶⁾ Hy sê verder: "Sy het willens en wetens die teenwoordigheid van die onbekende erken en opgegaan in die demoniese en die goeie, in die iets wat kranksinnig maak en tog kan wegvoer tot heerlike ekstase. Sy moes die risiko van kennis aanvaar en het ten gronde gegaan in vrees." ⁷⁾

1) AZ., p. 45

2) AZ., p. 135

3) AZ., p. 136

4) AZ., p. 72

5) DO., p. 86

6) DO., p. 88

7) DO., p. 88

Na haar dood is Bee-Bee-Doo, die verleidelike hoer, verhef tot beeld van die rein, ongerepte maagd. As die Brigadier aan die einde van die roman Gudenov se beleid oorneem, sê hy: "Daar was Bee-Bee-Doo 'n vulgêre oorblyfsel van die primitiewe, iemand wat eintlik in 'n sanatorium tuishoort. Daar was die ritueel en misterie wat vir ons gewone mense 'n bron van twyfel en suspisie geword het."¹⁾

Die twee vaal Misses Silberstein wat in Sewe Dae by die Silbersteins voorkom, is "twee muisagtige vrouetjies"²⁾ wat geen persoonlikheid het nie. Hulle is "twee herfsblaartjies vervaal deur die eerste ryp."³⁾

In Een vir Azazel stem Hope en Prudence in baie opsigte met die twee Misses Silberstein ooreen. Hope en Prudence is albei agtien jaar oud, dieselfde ouderdom as Lila en haar moeder toe hulle gesterf het. Een is inwoner en die ander familie. "Hulle voel ewe sag, hulle is ewe warm en hulle geklets is ewe leeg."⁴⁾ Hope is 'n "jammerlike nimfomaan wat die gedurige onbevrediging allenig ly."⁵⁾

In Die Derde Oog speel Hope 'n veel belangriker rol en sy verteenwoordig die bose, verleidelike aspek van die anima. Hope is met De Goede getroud en hulle het vier aangenome kinders. Al is haar vernaamste behoeftes bevredig, bly sy ontevrede met haar lot. Sy besef dat "haar verlange gegrond is in haar eie tekortkomings; dat een soort bevrediging heel moontlik die ander soort uitsluit."⁶⁾

As Hope vir die D-diens onthaal aantrek, wag De Goede vir sy "aanvallige" vrou "om haar soos 'n slet van Babilon klaar te verf."⁷⁾

As Hope by die D-diens betrek word, gee sy haar volkome oor aan die bekoring van die D-diens, "geboei deur 'n nuwe gedagte: 'n voller lewe, seks as 'n

1) DO., p. 169

2) SD., p. 11

3) SD., p. 154

4) AZ., p. 127

5) AZ., p. 138

6) DO., p. 12

7) DO., p. 32

soort religie, 'n betekenisvolle diensbaarheid."¹⁾ Sy word volkome geïntegreer in die beweging. "Haar funksie is meteens vir haar duidelik; sy het 'n betekenis gevind; sy het die uitweg van selfopoffering ontdek — 'n teenbeeld van narcissisme."²⁾

Tog bly Hope steeds onversadig — "die skeppingsdrang is onervulbaar."³⁾ Sy ervaar 'n onverklaarbare verlange om Gudenov te sien, en op pad na hom toe, sien sy haarself "as die uitverkore vat wat die Archon sal onthef van die lig die vroulike gees van diep en vër."⁴⁾ Tog, as sy voor Gudenov staan, stort die wêreld wat sy vir haarself geskep het, ineen. As Gudenov versteend na Hope kyk, is dit asof die vreespatrone van sy jeug herleef, "want in die skaduwees agter sien hy die beelde van Azazel en, verder terug, die demoonvrou, Lilith."⁵⁾

Sonder haar man is Hope voor Gudenov "'n allenige vrou met 'n doel wat sy nie meer behoorlik begryp nie en wat meteens banaal en betekenisloos geword het."⁶⁾

Hope sterf op ramspoedige wyse saam met haar vier aangenome kinders, groten-deels deur De Goede se toedoen.

Die vergestaltung van die goeie en bese aspekte van die anima kom dus in al drie romans in die Welgevonden-trilogie voor, en soos aangetoon is, is daar parallelle en teenstellings tussen die onderskeie karakters. Die verpersoonliking van sekere aspekte van die anima dra by tot die kerntema, naamlik dié

1) DO., pp. 35 en 36

2) DO., p. 36

3) DO., p. 95

4) DO., p. 127

5) DO., p. 131. Vergelyk die episode SD., p. 25 waar Jock "Lilith" vir Mrs. Silberstein toeskree. Volgens C.G. Jung: Symbols of Transformation, p. 248, het Adam, volgens Joodse geloof, voordat hy Eva geken het, 'n demoonvrou, Lilith, gehad "with whom he strove for supremacy. But Lilith rose up into the air through the magic of God's name and hid herself in the sea. Adam forced her to come back with the help of three angels, whereupon Lilith changed into a nightmare or lamia who haunted pregnant women and kidnapped new-born infants."

6) DO., p. 131

van individuasie, aangesien die persoon wat die individuasieproses onderneem met die verskillende argetipes, o.a. die anima, kennis moet maak en met hulle versoen moet word.

B. Die Wyse Ou Man

C.G. Jung noem die wyse ou man ook die argetipe van betekenis. Hy verskyn in verskillende vorms, as die held, koning, toordokter ens. Hierdie argetipe verteenwoordig 'n gevaar vir die persoonlikheid, want wanneer dit opgewek word, kan 'n man maklik glo dat hy die "mana", die toweragtige krag en wysheid besit. Die een wat hierdeur in besit geneem word, voel asof hy geseën is met groot wysheid, profetiese kragte ens. In hierdie argetipe is daar 'n dwingende, meeslepende krag wat die mens intuïtief aanvoel, maar nie maklik kan weerstaan nie. Sy kragte kan vernietigend wees.

"But the mana-personality is a dominant of the collective unconscious, the well-known archetype of the mighty man in the form of hero, chief, magician, medicine-man, saint, the ruler of men and spirits, the friend of God."

'This masculine collective figure who now rises out of the dark background and takes possession of the conscious personality entails a psychic danger of a subtle nature, for by inflating the conscious mind it can destroy everything that was gained by coming to terms with the anima. It is therefore of no little practical importance to know that in the hierarchy of the unconscious the anima occupies the lowest rank, only one of many possible figures, and that her subjection constellates another collective figure which now takes over her mana. Actually it is the figure of the magician who attracts the mana to himself....'

'The figure of the magician has a no less dangerous equivalent in women: a sublime, matriarchal figure, the Great Mother."¹⁾

Die argetipe van die wyse ou man word deur verskeie karakters in die drie romans vergestalt. Dit kom voor in die figure van Jock Silberstein, Henry van Eeden, Boris Gudenov, asook die Brigadier; en in 'n mindere mate, Julius Jool. Ons tref dit aan in die meturgeman-figure wat in al drie romans voorkom — dr. Johns, regter O'Hara en die gewyde eendstert. Dit kom ook voor in

1) Jung, C.G.: Two Essays on Analytical Psychology, p. 228

die figuur van die held, De Goede, en ook in die figure van Giepie Ollenwaar, Dries van Schalkwyk en die man in die wit jas wat Eee-Bee-Doo verheerlik.

Jock Silberstein is die dinamiese heerser van Welgevonden in Sewe Dae by die Silbersteins, die een wat die beleid op Welgevonden voorskryf en vir die uitvoer daarvan sorg. Hy is 'n welvarende, vooruitstrewende boer, "die goue god van Welgevonden."¹⁾ Hy bespreek sekere abstrakte begrippe met Henry, maar soos J.C. Kannemeyer daarop wys,²⁾ verklaar hy nie alles nie, met die gevolg dat Henry al hoe meer belas word met 'n warboel van teorieë en standpunte. In dié opsig is Jock slegs ten dele 'n meturgeman.

In Een vir Azazel het Jock hom aan alles onttrek en sy enigste belangstelling is Adam Kadmon. Na Lila se moord voel Jock oud en moeg, en "soos 'n ou man kan hy nie meer tot 'n slotsom kom nie."³⁾ Selfs die kamer van bieg wat hom altyd 'n antwoord en verlossing aangebied het, het sy helende krag verloor.

Die doelpunt van die individuasieproses waaraan Jock geglo het, nl. die bereiking van die insig in die Self, het Jock nooit bereik nie. Jock is "die Majofisnik-Jood wat hom in die vreemde wil aanpas deur middel van 'n sosiale en geestelike flirtasie (my kursivering), wat sy patetiese kasteel gebou het om hom 'n tuiste daar te verseker, wat gemoedelikheid straal en deur sy onbepaalde liefde nog steeds verder verdwaal."⁴⁾

"Presies teen sononder begin die geluide, die lawaai van koper en erdewerk wat gebreek word, die bevrydende verwoesting, die beskerming teen die bose in al sy vorme, die vergete ritueel van 'n Jood van Tripoli, die lawaai sub magiae praetextu, die aanslag teen die dood in jouself."⁵⁾ (my kursivering)

In Een vir Azazel is Henry van Eeden "die hardste werker en die spil waarom alles in hierdie organisasie draai."⁶⁾ Toe Henry in 'n stadium gekom het

1) SD., p. 70

2) Kannemeyer, J.C.: Op Weg na Welgevonden, p. 43

3) AZ., p. 21

4) AZ., p. 43

5) AZ., p. 22

6) AZ., p. 75

waar hy amper alles begryp het, het Salome gesterf. Henry strewe nou om die orde op Welgevonden so heg moontlik te maak omdat hy Salome se gees in die orde beliggaam sien. Hy is vol haat — maar soos dr. Johns verduidelik is dit iets veel dieper en aakliker as haat wat hy voel — iets wat hom diep binne beklem en met angs vervul en hom sy toevlug tot die Stigting laat soek het. "Dis 'n gevoel van alleenheid wat mens na die Stigting toe dryf Die hunkering en die eensaamheid. Dis nie wat hier gebeur nie, maar die moontlikheid dat iets insiggewends sal gebeur, dat mens hier weg sal kom van die onomvatbare abstraksie van die wêreld binne jou."¹⁾

Terwyl Adam Kadmon gestenig word, is dit asof Henry "'n soort versoening met die hele Stigting vind en asof Salome vir hom herleef. Daar is trane in sy oë terwyl die offer buite plaasvind — sonder sy wete maar op eienaardige wyse sy eie verantwoordelikheid."²⁾

Boris Gudenov, die skepper van Oita, die shopping centre, beeld ook die argetipiese wyse ou man uit. Gudenov word beskryf as "die ouer man wat wysheid is."³⁾ As tycoon en skepper van Oita het hy die mensdom 'n nuwe simbool vir die tyd gegee. Sy ryk is "gebou op die ydelheid en morele swakheid van die mens."⁴⁾ Gudenov self is "impotent met die impotensie van die suiwer rede — die geslaglose produk van die ongeketende gees."⁵⁾ In sy verhouding met Iole vind Gudenov die innerlike voltooiing waarna hy soek.

Gudenov het hom al dikwels deur sy argetipe in besit geneem laat word, en daardeur het hy altyd die antwoord gekry.⁶⁾ "Vir daardie oomblik was hy altyd in die hande van iets wat outonoom is, iets wat hy toelaat om beheer oor hom te neem, iets uit die diepste lae van sy psige. Deur daardie besetenheid, in daardie oorname, kry hy dan dikwels die antwoord."⁷⁾ Hy neem 'n berekende

1) AZ., p. 127

2) AZ., p. 161

3) DO., p. 135

4) DO., p. 56

5) DO., p. 80. Vergelyk met prof. Dreyer SD., p. 79 wat as "seksloos, seks-vergete, en seksontdaan" beskryf word.

6) Vergelyk met Jock wat in die kamer van bieb gewoonlik die antwoord gekry het.

7) DO., p. 134

risiko met Iole wanneer hy die prikkelstof Damian drink, maar agter sy besluit lê die belofte van bevrugting en redding. Al sterf hy op ramspoedige wyse, bereik hy tog die insig in die Self.

Die Brigadier is ook 'n soortgelyke karakter. Hy is die leier van die D-diens en word dikwels deur sy argetipe in besit geneem. Juis daarom is hy so gevaarlik en "'n ewige raaisel vir sy volgelinge."¹⁾ "Die feit dat hy soms teatraal is, maak hom gevaarlik."²⁾ Die Brigadier erken dat hy min of meer besturende direkteur van die D-diens is en dat hy dus die naaste aan 'n tycoon soos Gudenov is. "Trouens, ek is, helaas, 'n soort vader-figuur."³⁾

Die Brigadier raak baiekeer verseil onder wyse bespiegeling wat moeilik is om te volg, maar hy het 'n dinamiese persoonlikheid wat mense maklik kan meesleur. Een van die jongmense in die D-diens sien die Brigadier as Simon Magus, "die een wat regop is, die een wat hom die gesig van Zeus waan."⁴⁾ Hy gewaar 'n inflasie by die Brigadier "die besitname: die grootheidswaan, die voorwêreldlike mag sonder begin en einde wat paar met die vrou wat hoer en wysheid is."⁵⁾ Die Brigadier kan hom nie met sy anima, wat in die figuur van Hope verpersoonlik word, versoen raak nie en hy gee hom heeltemal aan homoseksualiteit oor. Geslepe en aanpasbaar, neem hy Gudenov se rol oor en in sy toespraak verwys hy na Hope as die slagoffer van 'n siekte, nimfomanie, en hy sê: "Durf ek erken dat ek self ook 'n slagoffer was? Dat ek met die opgeblasenheid van die Demiurge⁶⁾ myself as metgesel gesien het?"⁷⁾ Telkens word die Brigadier "esoteriese filosofies en moeilik om te volg"⁸⁾ en hy beskryf telkens abstrakte begrippe "met gevleuelde woordrykheid."⁹⁾

1) DO., p. 34

2) DO., p. 34

3) DO., p. 38. Volgens J.E. Cirlot: A Dictionary of Symbols, p. 98: "Just as heroism is a spiritual activity proper to the son, so dominion is the power peculiar to the father. Because of this, and also because he stands for the force of tradition, he represents the world of moral commandments and prohibitions restraining the forces of the instincts and subversion."

4) DO., p. 93

5) DO., p. 93

6) Volgens C.G. Jung: The Basic Writings of C.G. Jung, pp. 518 en 519 is die Demiurge "the perfect being."

7) DO., p. 169

8) DO., p. 42

9) DO., p. 42

Jock, Henry, Gudenov en die Brigadier is almal vergestaltings van die argetipe van betekenis, die argetipe van die wyse ou man.

Julius Jool vergestalt ook sekere aspekte van hierdie argetipe. In Sewe Dae by die Silbersteins vertel Jock van sy vriend, Julius Johnson, die groot fabrikant, wat deur 'n mal vrou agtervolg word wat sy fabriek probeer opblaas omdat sy die orde wil vernietig om die mense van die chaos bewus te laat word en aldus die hergeboorte te verhaas. Julius Jool is 'n aartskommunis en hermafrodiet wat op die uiteindelijke reaksie tot sy universele orde wag. Hy is 'n vuurvloed en word in hegtenis geneem na die moeilikheid in die natuurlike buurt. In Een vir Azazel word daar na hom verwys as voorsitter van die direkteur van Mon Repos en 'n groot liberaal met progressiewe neigings. Hy is eintlik die voorloper van die figuur van die Brigadier in Die Derde Oog.

In al drie romans kom die figuur van die meturgeman voor, wat ook 'n verpersoonliking van die argetipe van die wyse ou man is.

In Sewe Dae by die Silbersteins kom dit voor in dr. Johns en regter O'Hara wat Henry eerder verwar met teenstrydige standpunte en teorieë as om duidelike verklarings te gee. By die gemaskerde partytjie dra hulle die maskers van uile. Hulle is by elke partytjie aanwesig, maar na die Heksesabbat verskyn slegs dr. Johns, aangesien regter O'Hara ongesteld is.

In Een vir Azazel is dr. Johns die meturgeman en gids van De Goede. Regter O'Hara is seniel en dr. Johns is "'n ingekrimpte stukkie oppervlakkige wysheid wat illusies skep en vernietig."¹⁾ Dr. Johns sê vir De Goede: "Ek is 'n ou man Ek is al by die stadium verby dat ek streef om 'n bepaalde persoonlikheid op te bou. Ek is ook eintlik al verby die stadium dat ek werklik belang stel in individue. Ek is net in breë trekke nuuskierig. As ek môre, oormôre doodgaan, wil ek slegs 'n geheelprentjie hê Maar selfs dit is nie meer so belangrik nie."²⁾

Dr. Johns sê dat hy die rol van 'n soort hedendaagse Meturgeman vervul het. "Ek het slegs sekere duistere aspekte van die situasie omskryf en opgesom in 'n verstaanbare taal."³⁾ Hy sê ook: "Ek gee toe dat ek soms miskien so ver

1) AZ., p. 39

2) AZ., p. 126

3) AZ., pp. 130 en 131

gegaan het om 'n eksegetiese rol te speel."¹⁾

Tog is dr. Johns se wysheid dikwels misleidend, soos Etienne Leroux self daarop wys.²⁾ H. Ester wys daarop dat in dr. Johns se aanhoudende interpretasies, die vervreemding van die mens van sy taalgebruik en die absurditeit van hierdie taalgebruik opvallend is. "Dr. Johns se taal voldoen nie meer aan sy primêre-kommunikasiefunksie nie. Die voortdurende kontras tussen die interpretasie op mitologies-psigologiese grondslag en die werklikheid is een van die basisvorme van die roman. Ook dit is grotesk. Die orde van 'Welgevonden' soos dr. Johns dit uitlê, is 'n illusie."³⁾

In Die Derde Oog vervul die gewyde eendstert die rol van die meturgeman en hy verkondig telkens aan De Goede sy opvattinge. Hy verduidelik die nuwe radikale Christelike etiek aan De Goede. Daar is alreeds gewys op die eendstert se homoseksuele neigings en sy ooreenkoms met Hermes."⁴⁾

Al hierdie karakters wat die argetipe van die wyse ou man vergestalt, dra daartoe by om die kerntema te belig. Soos J.P. Smuts meld,⁵⁾ dien hulle in 'n groot mate die verwysingsveld in die betrokke romans.

Nog 'n karakter wat die wyse ou man verpersoonlik is die held, Demosthenes de Goede. Sy rol as held van die gemeenskap is alreeds bespreek, asook sy inflasie of besitname deur sy argetipe aan die einde van Die Derde Oog.

Drie ander nuwe-karakters wat baie ooreenkomste met mekaar toon en wat ook sekere aspekte van die argetipe uitdruk is Giepie Ollenwaar, Dries van Schalkwyk en die man in die wit jas.

In Sewe Dae by die Silbersteins is Giepie Ollenwaar die teler van die magtige bul, Brutus. By geleentheid van die oorhandiging van Brutus aan Salome en Henry lewer "die hoëpriester van teling"⁶⁾ 'n toespraak wat ingewikkeld, onsame-

1) AZ., p. 131

2) Gesprekke met Skrywers (Deel 1), p. 46

3) Ester, H.: "Die Groteske wêreld van Een vir Azazel," Standpunte 109, Jg. XXVII, nr. 7, Okt. 1973, p. 8

4) Sien p. 60 van hierdie verhandeling, vir bespreking hiervan

5) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 171

6) SD., p. 67

hangend en amper onverstaanbaar is weens die ingewikkelde terminologie wat hy gebruik. In Een vir Azazel lees ons dat Giepie deur 'n bul gedood is. Die bul is Brutus.

Dries van Schalkwyk is die sekretaris van die Rooi-Swart Ollenwaar Stoette-
lersvereniging en in Sewe Dae by die Silbersteins stel hy Brutus voor, die
tweekleurige teelbul wat in elke opsig perfek is, afgesien van 'n enkele
afwyking — die klein wit kolletjie so groot soos 'n tiekie. Dit is "die
tikkie afwyking wat perfektheid verydel."¹⁾

Dries se toespraak is 'n lofsang oor Brutus en hy lewer dit "met die wit lig
in sy oë en die liefde in sy hart, en die malheid en die totale kranksinnig-
heid wat uitbundig lewe in elke skeppingsvorm."²⁾

In Een vir Azazel het Dries van Schalkwyk Giepie se teelbeleid oorgeneem en
daarop voortgebou. Hy het 'n nuwe bulletjie geskep wat klein, skraal en skug-
ter is. Dries het die bulletjie volgens Pavlov se eksperiment gekondisioneer
om 'n senuweeinstorting te hê as hy 'n ovaalvormige voorwerp sien. "In volop
tye word die verse gedek; in skaars tye word hulle nie gedek nie."³⁾

Maar in die middel van sy toespraak verskyn Adam Kadmon en Dries sukkel om sy
toehoorders se aandag te behou. "Iets het hierdie jaar, sy jaar van triomf
verkeerd geloop 'n Matheid het oor hom gekom. Hy het sy entoesiasme ver-
loor en in die wêreld van teling is so iets fataal. As jy eers begin twyfel
aan jou roeping, dan gaan die muse in jou dood."⁴⁾ Dries neem sy toevlug na
die standbeeld van Brutus en hy sien toe die visioen van Giepie en dit verskaf
hom die nodige inspirasie. Hy gaan die teelbeleid verbeter — "'n soort matriar-
gie waar die bloedlyn van die bul tot 'n minimum beperk is, waar die bul-verskyn-
sel afgetakel sal word tot die elementêre, streng beheerde, kunsmatige insemi-
nasiedaad."⁵⁾

1) SD., p. 65

2) SD., p. 64

3) AZ., p. 82

4) AZ., pp. 83 en 84

5) AZ., p. 128

Die man in die wit jas wie se taak die verheerliking van Bee-Bee-Doo is, vorm 'n parallel met Giepie en Dries. Net soos hulle het hy geloof in sy ware. De Goede en die eendstert "kry die mannetjie in wit, uitgeput en verwese in die laaste stadium van sy taak wat hy verhef het tot iets wat betekenis het, besig om tee te brou Hulle kyk na hom terwyl hy oor die vlam konsentreer: 'n klein alchemis vervul met die gees van die anthropos; 'n klein mannetjie in die uniform van die shopping centre¹⁾ wat voor sy oë die putrifactio en mortificatio gesien het, wat vervul was met die melancholie van die een wat verstaan, wat deel geword het van die drama van dood en lyding, en wat tevergeefs wag op die hergeboorte."²⁾

"Hy het die geloof dat met elke herhaling iets nuuts op die spel sal kom Môre sal hy van vooraf, soos deur al die dae, maande en jare, die beeld van Bee-Bee-Doo verduidelik — en hy sal die relaas oordra met oorgawe en oortuiging en opregtheid en openhartigheid, al is ontnugtering en vereensaming die produk. Want hy het geloof in sy ware, in Bee-Bee-Doo wat sy eie geword het. Hy glo daarin soos sy voorvaders in hulle godsdiens geglo het. Hy sal die matriks voor die oë van almal hou totdat die bevrugting plaasvind."³⁾

Hierdie man in die wit jas stem ook in baie opsigte ooreen met die tuinier in Sewe Dae by die Silbersteins en ook met Henry van Eeden. Al drie word gerugsteun deur hulle geloof.

Dit is duidelik dat die argetipe van die wyse ou man in al drie romans van die trilogie vertakkings het en dat die verskillende karakters wat hierdie argetipe vergestalt, parallelle met mekaar vertoon.

C. Die argetipe van die groot Moeder

Hierdie argetipe kom in 'n vrou voor op dieselfde manier as wat die argetipe van die wyse ou man in 'n man optree. Enige vrou wat deur hierdie argetipe

1) Vergelyk die tuinier in Sewe Dae by die Silbersteins wat in sy "uniform vir die engele" (SD., p. 148) die komputor bewerk. "Die kamer van Ubu het 'n katedraal geword, die masjien 'n altaar, die bewegings 'n ritueel in 'n geluidlose, vormlose godsdiens." (SD., p. 103)

2) DO., p. 146

3) DO., pp. 146 en 147

in besit geneem word, glo dat sy geseën is met 'n eindelose vermoë om lief te hê en te begryp, hulp en beskerming te verleen, en sy sal haarself moeg maak in diens van ander. Sy kan ook destruktief wees omdat sy daarop aandrang dat almal wat onder haar invloed kom, haar kinders is en dus hulpeloos en afhanklik van haar is.

In verband met die argetipe van die groot Moeder sê C.G. Jung: "The qualities associated with it are maternal solicitude and sympathy; the magic authority of the female; the wisdom and spiritual exaltation that transcend reason; any helpful instinct or impulse; all that is benign, all that cherishes and sustains, that fosters growth and fertility. The place of magic transformation and rebirth, together with the underworld and its inhabitants, are presided over by the mother. On the negative side the mother archetype may connote anything secret, hidden, dark; the abyss, the world of the dead, anything that devours, seduces, and poisons, that is terrifying and inescapable like fate."¹⁾

Hierdie argetipe kry vergestaltung in die karakter van ou mev. Silberstein wat die formidabele aspek daarvan verpersoonlik. Dit kom ook voor in die tuinier se vrou, mev. Dreyer en Madam Ritchie.

Ou mev. Silberstein, "die Alice in Wonderland-hertogin"²⁾ is 'n gedugte ou vrou wat Henry gedurig in Jiddisj toesnou. "Te midde van al die onvoorspelbare mense is sy die enigste konstante voorwerp haar veragting wesenlik en konsekwent Hy (Henry) voel eienaardig gerusgestel deur die eenvoud van haar enkele obsessie. Hier is ten minste iets wat ongekompliseerd en begryplik is."³⁾

Ou mev. Silberstein wil die rasegtheid van die Silbersteins behou en daarom is sy so gekant teen Henry se troue met Salome. Die volgende woorde: "Die hertogin loer na alles met die wreedheid en wysheid van die grootmoeder"⁴⁾ (my kursivering) dui beslis daarop dat sy die formidabele aspek van hierdie argetipe verpersoonlik. Sy is die "Yiddishe Mamma"⁵⁾ wat haar aan die einde rustig

1) Jung, C.G.: The Basic Writings of C.G. Jung, pp. 333 en 334

2) SD., p. 11

3) SD., p. 22

4) SD., p. 125

5) SD., p. 152

oorgee aan die onvermydelike.

Die tuinier se vrou is gedurig besig om te brei.¹⁾ Haar oë is "vriendelik, die moedertjie wat alles verstaan"²⁾ en sy kontrasteer dus met die ou mev. Silberstein, maar as Henry haar en haar kleindigter verlaat, kom die beeld van 'n heks en heksekind by hom op.

Mev. Dreyer, die gesette, mollige vrou van professor Dreyer, wat met Jock Silberstein owerspel pleeg, tree in Een vir Azazel as die Orakel van Delphi op — "die beste fortuinverteller in die hele Republiek."³⁾ In Die Derde Oog het haar roem toegeneem en mense kom van orals om haar voorspellings te hoor. Die "legendariese mev. Dreyer, die waarsegster,"⁴⁾ vergestalt die attribuut van wysheid wat in die argetipe van die groot Moeder voorkom.

In Een vir Azazel verpersoonlik Madam Ritchie ook sekere aspekte van hierdie argetipe. Sy is die moeder wat Hope en Prudence heeltemal oorheers en domineer. In Die Derde Oog is sy 'n seniele inwoner op die Stigting en sy vorm in sekere opsigte 'n parallel met ou mev. Silberstein, byvoorbeeld haar opmerkings in Jiddisj.

3. Samevatting

In die loop van die bespreking tot dusver is die vernaamste argetipes opgenoem en bespreek. Soos gesien kan word, vergestalt die hoofkarakters 'n kernetema wat in al drie romans voorkom nl. die individuasieproses. Die newe-karakters verteenwoordig sekere argetipes of sekere attribute wat die argetipes bevat en dit hou ook verband met die kerntema. Omdat die karakters sekere eenskappe verpersoonlik, bly hulle tipes en groei nie tot volledigheid of rondheid uit nie. By die newe-karakters is daar geen sprake van 'n sterk ontwikkelingslyn nie, aangesien hulle hoofsaaklik die draers is van die verwysingsveld van die betrokke roman waarin hulle voorkom. Hulle is staties in die sin dat hulle elke keer as hulle verskyn, op dieselfde manier optree.

1) Vergelyk die wagter in die skaduwees in Sewe Dae by die Silbersteins.
"Sy brei vir hom in haar drome ook 'n mantel met alle denkbare kleure."
(SD., p. 140)

2) SD., p. 142

3) AZ., p. 116

4) DO., p. 27

Die sikliese aspek bestaan daarin dat karakters in elke roman parallelle het met ander karakters in dieselfde en ook in die ander romans.

Die karakters in die Welgevonden-trilogie is dus nie konvensionele karakters nie. Hulle dien eerder om die agterliggende tema in die drie romans te illustreer en te belig.

F.I.J. van Rensburg wys daarop dat Sewe Dae by die Silbersteins met 'n hele stel nuwe karakters in Leroux se werk begin — dus 'n nuwe siklus begin. Een vir Azazel skakel met Sewe Dae by die Silbersteins deur Jock, Henry, Mrs. Silberstein, dr. Johns en regter O'Hara, maar in die roman word 'n nuwe hoofkarakter voorgestel in De Goede, en deur hom is daar weer 'n skakeling met Die Derde Oog. ".... hy is één van die hoofkarakters van dié boek, waarin die persone van Sewe Dae by die Silbersteins net 'n herinnering is. Dis 'n hand oor hand toename van siklusmomente."¹⁾

Van Rensburg wys ook daarop hoe karakters uit 'n vorige boek in 'n volgende gerelativeer word.²⁾ In Sewe Dae by die Silbersteins is Jock Silberstein Henry se gids, en in 'n mindere mate is dr. Johns en regter O'Hara ook sy mentors. In Een vir Azazel neem De Goede Henry se plek oor en dr. Johns tree as sy mentor op. In Die Derde Oog het dr. Johns as karakter verdwyn en De Goede word deur die eendstert begelei.

Sekere karakters word ook in die drie romans in die vooruitsig gestel. In Sewe Dae by die Silbersteins gewaar Henry by die herbewapeningsonthaal "'n 'gone' eendstert, wat, gans verdwaal, op 'n verkeerde partytjie beland het"³⁾ wat die gewyde eendstert in Die Derde Oog in die vooruitsig stel.

De Goede se einde as kranksinnige op die Stigting word in Een vir Azazel op ironiese wyse in die vooruitsig gestel as dr. Johns afskeid neem met die woorde: ".... ek hoop dat jy eendag, ná jou taak voltooi is, ons weer 'n besoek sal bring as gas van die Stigting."⁴⁾

1) Van Rensburg, F.I.J.: "Etienne Leroux as Siklusbouer", Standpunte, Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972, p. 25

2) Ibid., p. 25

3) SD., p. 88

4) AZ., pp. 122 en 123

In Een vir Azazel droom De Goede van 'n huis in die voorstede en hy sien hoe sy vrou, Hope, haar voor die spieël vir hom mooimaak die aand van die polisie-dans. In Die Derde Oog woon Hope en De Goede wel in 'n skakelhuisie in een van die voorstede, en daar word na die polisiebal terugverwys.¹⁾ Soos F.I.J. van Rensburg daarop wys, wen die wêreld van 'n siklus op dié manier aan ruimte.²⁾

1) DO., p. 12

2) Van Rensburg, F.I.J.: "Etienne Leroux as Siklusbouer," Standpunte, Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972, p. 25

HOOFSTUK III

Die drie romans in die Welgevonden-trilogie bestaan elkeen volkome in sy eie reg en staan heeltemal onafhanklik van mekaar. Tog kan uit die bespreking tot dusver gesien word dat daar sekere sikliese elemente in die trilogie aanwesig is wat tot die hegtheid van 'n groter struktuur bydra.

Die vernaamste sikliese element kom voor in 'n sentrale tema waarom al drie romans sentreer nl. dié van individuasie. Dit vorm 'n kerntema in elkeen, hoewel dit, soos alreeds in die bespreking aangedui is, elke keer vanuit 'n ander invalshoek benader word.

Elke roman beeld 'n ander stadium in die individuasieproses uit, sowel as die gevare wat die proses inhou. In Sewe Dae by die Silbersteins word Henry met die bose kant van sy psige, sy skadu, gekonfronteer en hy assimileer dit. Die verwagting van sy ontmoeting met sy anima, 'n ontmoeting wat móét plaasvind voordat hy die doelpunt van individuasie kan bereik, word gewek, maar soos ons in die daaropvolgende roman kan sien, kon hy nie met sy anima versoen raak nie, en hy bereik dus nie die insig in die Self nie.

In Een vir Azazel is daar nie 'n doelbewuste individuasie nie, maar wel die situasie van wat kan voorkom indien individuasie nie geskied nie: 'n sondebok word gesoek en aanvaar om die gemeenskap te reinig, maar, soos blyk uit hierdie bespreking, is dit slegs 'n tydelike oplossing en een wat herhaaldelik voltrek sal moet word. Die sirkelgang van hierdie roman suggereer dit. Die ironie is dat dit juis Adam Kadmon is wat onwetend die individuasieproses telkemale ondergaan, omdat daar so 'n noue verband is tussen hom en sy Onbewuste.

In Die Derde Oog word die tema meer ingewikkeld aangesien daar eintlik drie karakters is wat elkeen 'n verskillende stadium in die individuasieproses bereik. De Goede kan nie die donker kant van sy psige aanvaar nie en word in so 'n mate deur sy ontmoeting met die argetipes oorweldig dat hy kranksinnig word. Die Brigadier kan hom nie met sy anima, wat in die figuur van Hope voorkom, versoen raak nie en hy gee hom oor aan homoseksualiteit. Hy word heeltemal deur die argetipe van die wyse ou man in besit geneem en omdat hy hom in so 'n mate met hierdie argetipe identifiseer, kan hy nooit die insig in die Self ervaar nie. Die hoogtepunt in die trilogie, wat die kerntema betref, is Gudenov se bereiking van die insig in die Self as gevolg van sy aan-

vaarding van sy anima wat deur Iole verpersoonlik word. Hy bereik dus die doelpunt van die individuasieproses, die ervaring van die argetipe van die Self, terwyl hy brand.

Elkeen van die drie romans is 'n outonome deel wat op 'n sentrale tema betrekking het. In E. Deudney¹⁾ se ondersoek, blyk dit een van die kenmerkende eienskappe van 'n siklus te wees.

Die karakters wat in al drie romans aangetref word, is argetipiese figure, wat by die kerntema van die trilogie aansluit, aangesien enigiemand wat individuasie ondergaan, hom aan die gevare van die argetipes moet blootstel sonder om daardeur oorweldig te word. Die verskillende karakters in die romans gee gestalte aan dié hooftema.

E. Leroux het eenmaal beweer dat daar minder karakterontwikkeling in die roman van die toekoms sou wees. "Dit sal nie die konvensionele uitbeelding van die 'persona' in al sy fasette meer wees nie maar eerder 'n gebruikmaking van die karakters om 'n agterliggende tema te illustreer."²⁾

Daar is egter, wat die verskillende stadiums in die individuasieproses betref, 'n sekere mate van progressie in die tema, want daar is 'n geleidelike ontwikkeling en kulminasie in Die Derde Oog as Gudenov die argetipe van die Self ervaar. Soos E. Deudney dit stel: "Die sentrale tema van die siklus blyk telkens een te wees van wording — die wording van die mens in die algemeen, of van 'n individu in die besonder."³⁾ In die Welgevonden-trilogie tref ons ook hierdie kenmerk van wording aan — nie net wat individue betref nie, maar ook wat gemeenskappe betref, want die sentrale simbole in elkeen van die romans dui op 'n sekere stadium in die ontwikkelingsgang van 'n spesifieke gemeenskap op 'n spesifieke tydstip.

Hierdie drie simbole, die Welgevonden landgoed, die Welgevonden Stigting en

-
- 1) Deudney, E.S.: "Die Siklus as Kompositoriese Probleem, met besondere verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman," M.A. verhandeling, R.A.U., 1971, p. 75
 - 2) Smuts, J.P. en H.D. Büttner (red.): Woordwêreld: "Die Mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite" deur E. Leroux, p. 76
 - 3) Deudney, E.S.: "Die Siklus as Kompositoriese Probleem, met besondere verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman," M.A. verhandeling, R.A.U. 1971, p. 75

Oita, beeld ook die Kollektiewe Onbewuste uit, want die karakters wat in al drie voorkom, verteenwoordig sekere argetipes of attribute van argetipes wat in die Kollektiewe Onbewuste aangetref word. Ander moontlike interpretasies is ook nie uitgesluit nie. E. Raidt wys in haar artikel "Opvattings oor die literêre simbool"¹⁾ op Coleridge se bekende en samevattende definisie van die simbool. "A symbol is characterised above all by the translucence of the eternal through and in the temporal. It always partakes of the reality which it renders intelligible; and while it enunciates the whole, abides itself as a living part in that unity of which it is the representation."

In die drie sentrale "simbole" in die Welgevonden-trilogie word sekere regressiewe neigings in die gemeenskap uitgebeeld en elkeen vergestalt 'n verdere stap in die agteruitgang van die gemeenskap. Daar is dus 'n definitiewe ontwikkeling, want elke simbool beeld 'n verdere stap in die toenemende kollektiwiteit, die vervreemding van die mens teenoor sy essensiële goddelike wese, die toename van rasionalisasie en spesialisasie, die tevergeefse pogings om die orde te beskerm teen aanslae van buite en die toename van die boosheid en perversiteit. Die drie kernsimbole dra by tot 'n standhoudende kern in die trilogie.

Die standhoudende element in die trilogie word ook verkry deur sekere terugkerende woorde wat in elkeen van die romans voorkom en wat hoofsaaklik op die individuasiëproses betrekking het. Dit word ook verkry deur sekere motiewe of nowe-simbole wat telkens in die drie romans voorkom.

'n Deeglike studie van al die belangrike motiewe en nowe-simbole wat in die trilogie voorkom en wat 'n sikliese funksie bevat, is buite die bestek van hierdie ondersoek. Nieteenstaande wil ek een belangrike motief bespreek om aan te toon hoe sulke motiewe die sikliese element in die trilogie versterk.

Getalle

In 'n ondersoek van die struktuur van die drie romans, is dit opvallend dat die getal sewe belangrik is. Die handeling in Sewe Dae by die Silbersteins

1) Raidt, E.: "Opvattings oor die literêre simbool," Kriterium 2, Jg. 1, nr. 2, Julie 1963, p. 5

strek oor 7 dae en dit stem ooreen met die 7 hoofstukke. Elke hoofstuk beeld 'n dag in Henry se verblyf op Welgevonden uit, en dit hou ook verband met die 7 stappe in die alchemistiese proses. Dit word in die verloop van hierdie hoofstuk vollediger bespreek.

In Een vir Azazel word Quintilius se volgorde gebruik by die ondersoek van die moord op Lila en die roman bestaan uit 7 afdelings wat met die 7 kernvrae ooreenstem.

Die Derde Oog bestaan uit 7 afdelings wat onderverdeel word. Die 7 hoofsondes waarvan Dante in The Divine Comedy (Part 1, Hell) melding maak, vorm die grondslag van hierdie roman.

Die getal 7 wat in al drie romans voorkom is 'n uiters belangrike strukturele en sikliese element. In verband met die getal 7 sê J.E. Cirlot: "SEVEN. Symbolic of perfect order, a complete period or cycle. It comprises the union of the ternary and the quaternary, and hence it is endowed with exceptional value. It corresponds to the seven Directions of Space (that is, the six existential dimensions plus the centre), to the seven-pointed star, to the reconciliation of the square with the triangle by superimposing the latter upon the former (as the sky over the earth) or by inscribing it within. It is the number forming the basic series of musical notes, of colours and of the planetary spheres, as well as of the gods corresponding to them; and also of the capital sins and their opposing virtues. It also corresponds to the three-dimensional cross, and, finally, it is the symbol of pain."¹⁾ Dit hou ook verband met die 7 vernaamste stappe in die alchemistiese proses, nl. calcination, putrefaction, solution, distillation, conjunction, sublimation en philosophic congelation.²⁾

As ons die 7 dae wat Henry op Welgevonden deurbring, ondersoek, word dit duidelik dat hulle in baie opsigte die stappe in die alchemistiese proses volg.

J.P. Smuts bring die sewe dae van Henry se verblyf in verband met die alche-

1) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 223

2) Ibid., p. 6

mistiese proses, maar hy bespreek slegs die eerste dag volledig. Smuts wys egter wel daarop dat Henry se oom hom vergesel na Welgevonden, die Onbewuste. "Die kollektiewe onbewuste stem ooreen met die moeder, en die terugkeer na die moeder is noodsaaklik vir hergeboorte. Dit verklaar die simboliek van die drakeklopper wat soos 'n baarmoeder lyk. Jung sien die draak as die negatiewe kant van die moeder, d.w.s. as die bewaker en verdediger van die onbewuste."¹⁾

Op die eerste dag van sy verblyf op Welgevonden kry Henry vir die eerste maal in sy lewe 'n doodsbeseef en dit is belangrik want dit hou verband met die eerste stap in die alchemie.

Stap 1. Calcination — "stood for the 'death of the profane', i.e. the extinction of all interest in life and in the manifest world."²⁾ Soos J.P. Smuts dit stel, verteenwoordig dit "die aflegging van die bekende wêreld."³⁾

Stap 2. Putrefaction — "... consisting of the separation of the destroyed remains."⁴⁾

Op die tweede dag verduidelik Jock aan Henry die beleid op Welgevonden en gesels oor die verlies van die persona namate kollektiwiteit toeneem. By die gemaskerde partytjie die aand val dit Henry by "dat hy die enigste ander-soortige voorwerp is en hy beseef meteens die belaglikheid van die aangesig van normaliteit."⁵⁾ Henry begin al hoe meer uitgeslote voel te midde van al die uitbundigheid en hy voel asof daar iets met sy voorkoms verkeerd is.

Die middernagtelike swemparty hou ook verband met hierdie stadium in die alchemie. "Die hele swembad is gevul met dierekoppe sodat dit lyk asof 'n vloedgolf die oerwoud oorval het. Dis 'n tweede sondvloed, belig deur spreiligte."⁶⁾ Die beeld van die sondvloed roep die skeiding van die mens van sy innerlike

1) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 162

2) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 6

3) Smuts, J.P. Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 162

4) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 6

5) SD., p. 42

6) SD., p. 45

wese in gedagte. C.G. Jung sê: "But, in order to bring about their subsequent reunion, the mind (mens) must be separated from the body — which is equivalent to 'voluntary death' — for only separated things can unite."¹⁾ Volgens die transkripsie van Evola wat in J.E. Cirlot se A Dictionary of Symbols voorkom — met die sondvloed "the divine essence or 'inner corporeity' (which nevertheless persists within Man) suffers physical 'death'."²⁾

Stap 3. Solution — "... the purification of matter."³⁾ Dit is opvallend dat Henry op die derde dag deur Jock op 'n toer van die kelders geneem word en dat Jock die hele wynfermentasieproses in verband bring met die individuasieproses. In die kamer van bieg ervaar Henry "die grootste, die alleromvattendste kommunikasie met die Almagtige wat hy nog ooit ervaar het."⁴⁾ Hierna is hy uitgeput, maar intens gereinig. Henry en Jock verlaat die kamer in "volmaakte broederskap."⁵⁾

Stap 4. Distillation — "... the rain of purified matter, i.e. of the elements of salvation isolated by the preceding operations."⁶⁾ Die vierde dag is, volgens die sterrewiggelaar, Raphael, "die laaste dag vir die goeie"⁷⁾ wat verband hou met die vierde stap in die alchemie. Daarom stel Jock vir Henry voor aan prof. Dreyer, die "man van die nuwe syn"⁸⁾ wat net die suiwerheid in alles raaksien, en wys Henry die pronkstuk van Welgevonden, die simmetriese tuin. By die veelrassige partytjie dié aand word die albino verhef tot ideaal. By die partytjie word 'n aanduiding gegee dat die laaste dag vir die goeie wel tot 'n einde gekom het as die gegriefde tuinier die albino opsy stoot terwyl hy sy toespraak lewer. Vir die eerste keer in jare begin Jock se ligte flikker.

Stap 5. Conjunction — "symbolized the joining of opposites."⁹⁾

1) Jung, C.G.: Mysterium Coniunctionis, p. 471

2) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 97

3) Ibid., p. 6

4) SD., p. 51

5) SD., p. 52

6) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 6

7) SD., p. 70

8) SD., p. 71

9) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 6

Met die oplaaiing van die bese wat in die moeilikheid in die naturelle-
buurt kulmineer, begin Henry 'n aanduiding kry van die verstrengeldheid
van die Goeie en die Bose. Hy begin beseef hoe moeilik dit is om hulle te
onderskei. Sir Henry Mandrake sterf dié aand en hierdie vyfde stap in die
alchemistiese proses word in die sesde hoofstuk voortgesit waar Henry ty-
dens die Walpurgisnag sy skadu erken en daarmee versoen raak. Hy ervaar
die hel binne in homself.

Stap 6. Sublimation — "... symbolized the suffering resulting from the
mystic detachment from the world and the dedication to spiritual striving."¹⁾
Op die sesde dag ervaar Henry die hel binne-in homself en die reddende ek-
stase wat ten grondslag van die bese lê. Hierna begin hy 'n gevoel van
verlange, heimwee, verdriet en magteloosheid ervaar wat saamvloei "tot
iets wat hy op die oomblik nie kan bepaal nie, maar wat hy in die toekoms
in 'n toenemende mate sal voel. Die vrees van 'n rukkie gelede het gou
verdwyn, maar die naklank daarvan leef nog in hierdie gevoel. Die skerp
pyn van vrees het verbrand in die ekstase daarna, en nou, volgende op
die ekstase, is daar hierdie smeulvuur wat netnou koud sal word."²⁾

Stap 7. Philosophic Congelation — "i.e. the binding together in-
separably of the fixed and volatile principles (the male / invariable with
the female / 'saved' variable)."³⁾ Dit kom tot uiting in Henry se ver-
onderstelde ontmoeting met Salome, sy anima, op die sewende dag.

Die 7 hoofstukke in Sewe Dae by die Silbersteins kom dus in baie opsigte
ooreen met die 7 stappe in die alchemistiese proses en dit hou ook verband
met die stadium van perfektheid wat Henry veronderstel is om te bereik.

Een vir Azazel bevat 7 afdelings wat verband hou met die 7 stappe in die
ontrafeling van 'n moord, volgens Quintilius. Die titel van elkeen van
hierdie afdelings is dan ook een van die stappe in die ondersoek.

Quintilius se volgorde is, volgens dr. Johns: Wie? (Quis?); Wat? (Quid?);
Waar? (Ubi?); Met Wie? (Quibus Auxiliis?); Waarom? (Cur?); Waarmee?

1) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 6

2) SD., p. 138

3) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 6

Quomodo?) en Wanneer? (Quando?). E. Leroux wyk van hierdie volgorde af.

De Goede slaan die eerste 3 afdelings Ubi? Quid? en Cur? heeltemal oor, aangesien hy eers aan die einde van die afdeling Cur? sy verskyning maak m.a.w. die belangrike vrae in verband met die plek waar die moord gepleeg is, die feite in verband met die moord en die moontlike motiewe vir die moord, wat in enige moordondersoek belangrik is, word glad nie deur De Goede in ag geneem nie.

Die afdeling Quis? bevat 13 hoofstukke (die getal 7 staan in die middel van 13) en hierin word al die verdagtes saamgegroepeer, sodat De Goede aan hulle voorgestel kan word. Dr. Johns, De Goede se gids, is grotendeels verantwoordelik vir De Goede se uiteindelijke keuse van 'n moordenaar, want hy is De Goede se vertolker en dit is hy wat die mitologiese stryd van Herakles teen die Reuse in verband bring met De Goede se soektog na die moordenaar, die Reus, Adam Kadmon. Heel aan die begin sê dr. Johns vir De Goede: "Vir jou doel is die oppervlakkige waarheid die belangrikste Want in daardie laag is die daad gebore."¹⁾ Die daad spruit wel voort uit die diepste lae van die menslike psige, maar De Goede se ondersoek is wel oppervlakkig.

In hierdie 13 hoofstukke ontmoet De Goede die verskillende karakters. Die eerste een wat hy ontmoet is Adam Kadmon. Dr. Johns vestig De Goede se aandag op die moontlikheid dat Adam Kadmon die skuldige is en hy sê: "Adam Kadmon sal ondersoek moet word."²⁾

Daarna ontmoet De Goede Jock Silberstein, die enigste karakter wat die Reus verdedig; Mrs. Silberstein wat meld dat die Reus heelwaarskynlik eerste op die lys van verdagtes is weens sy vertraagtheid en lae I.K.; Madam Ritchie wat vir De Goede sê dat die Reus die skuldige is, en Hope en Prudence; regter O'Hara wat eers nie kan onthou wie Lila was nie, en wanneer hy onthou, sê: "Die een wat deur 'n reus verkrag is";³⁾ Henry Silberstein van Eeden wat as 'n vader sy vloek uitspreek oor die een wat die orde bedreig; professor en mev. Dreyer en die familieleden van Lila wat De Goede vertel dat Lila

1) AZ., p. 28

2) AZ., p. 42

3) AZ., p. 70

Quomodo?) en Wanneer? (Quando?). E. Leroux wyk van hierdie volgorde af.

De Goede slaan die eerste 3 afdelings Ubi? Quid? en Cur? heeltemal oor, aangesien hy eers aan die einde van die afdeling Cur? sy verskyning maak m.a.w. die belangrike vrae in verband met die plek waar die moord gepleeg is, die feite in verband met die moord en die moontlike motiewe vir die moord, wat in enige moordondersoek belangrik is, word glad nie deur De Goede in ag geneem nie.

Die afdeling Quis? bevat 13 hoofstukke (die getal 7 staan in die middel van 13) en hierin word al die verdagtes saamgegroepeer, sodat De Goede aan hulle voorgestel kan word. Dr. Johns, De Goede se gids, is grotendeels verantwoordelik vir De Goede se uiteindelijke keuse van 'n moordenaar, want hy is De Goede se vertolker en dit is hy wat die mitologiese stryd van Herakles teen die Reuse in verband bring met De Goede se soektog na die moordenaar, die Reus, Adam Kadmon. Heel aan die begin sê dr. Johns vir De Goede: "Vir jou doel is die oppervlakkige waarheid die belangrikste Want in daardie laag is die daad gebore."¹⁾ Die daad spruit wel voort uit die diepste lae van die menslike psige, maar De Goede se ondersoek is wel oppervlakkig.

In hierdie 13 hoofstukke ontmoet De Goede die verskillende karakters. Die eerste een wat hy ontmoet is Adam Kadmon. Dr. Johns vestig De Goede se aandag op die moontlikheid dat Adam Kadmon die skuldige is en hy sê: "Adam Kadmon sal ondersoek moet word."²⁾

Daarna ontmoet De Goede Jock Silberstein, die enigste karakter wat die Reus verdedig; Mrs. Silberstein wat meld dat die Reus heelwaarskynlik eerste op die lys van verdagtes is weens sy vertraagdheid en lae I.K.; Madam Ritchie wat vir De Goede sê dat die Reus die skuldige is, en Hope en Prudence; regter O'Hara wat eers nie kan onthou wie Lila was nie, en wanneer hy onthou, sê: "Die een wat deur 'n reus verkrag is";³⁾ Henry Silberstein van Eeden wat as 'n vader sy vloek uitspreek oor die een wat die orde bedreig; professor en mev. Dreyer en die familieleden van Lila wat De Goede vertel dat Lila

1) AZ., p. 28

2) AZ., p. 42

3) AZ., p. 70

Quomodo?) en Wanneer? (Quando?). E. Leroux wyk van hierdie volgorde af.

De Goede slaan die eerste 3 afdelings Ubi? Quid? en Cur? heeltemal oor, aangesien hy eers aan die einde van die afdeling Cur? sy verskyning maak m.a.w. die belangrike vrae in verband met die plek waar die moord gepleeg is, die feite in verband met die moord en die moontlike motiewe vir die moord, wat in enige moordondersoek belangrik is, word glad nie deur De Goede in ag geneem nie.

Die afdeling Quis? bevat 13 hoofstukke (die getal 7 staan in die middel van 13) en hierin word al die verdagtes saamgegroeper, sodat De Goede aan hulle voorgestel kan word. Dr. Johns, De Goede se gids, is grotendeels verantwoordelik vir De Goede se uiteindelijke keuse van 'n moordenaar, want hy is De Goede se vertolker en dit is hy wat die mitologiese stryd van Herakles teen die Reuse in verband bring met De Goede se soektog na die moordenaar, die Reus, Adam Kadmon. Heel aan die begin sê dr. Johns vir De Goede: "Vir jou doel is die oppervlakkige waarheid die belangrikste Want in daardie laag is die daad gebore."¹⁾ Die daad spruit wel voort uit die diepste lae van die menslike psige, maar De Goede se ondersoek is wel oppervlakkig.

In hierdie 13 hoofstukke ontmoet De Goede die verskillende karakters. Die eerste een wat hy ontmoet is Adam Kadmon. Dr. Johns vestig De Goede se aandag op die moontlikheid dat Adam Kadmon die skuldige is en hy sê: "Adam Kadmon sal ondersoek moet word."²⁾

Daarna ontmoet De Goede Jock Silberstein, die enigste karakter wat die Reus verdedig; Mrs. Silberstein wat meld dat die Reus heelwaarskynlik eerste op die lys van verdagtes is weens sy vertraagdheid en lae I.K.; Madam Ritchie wat vir De Goede sê dat die Reus die skuldige is, en Hope en Prudence; regter O'Hara wat eers nie kan onthou wie Lila was nie, en wanneer hy onthou, sê: "Die een wat deur 'n reus verkrag is";³⁾ Henry Silberstein van Eeden wat as 'n vader sy vloek uitspreek oor die een wat die orde bedreig; professor en mev. Dreyer en die familieleden van Lila wat De Goede vertel dat Lila

1) AZ., p. 28

2) AZ., p. 42

3) AZ., p. 70

deur 'n reus vermoor is. Die verdagtes staan dus onder geen verdenking nie. Adam Kadmon is eerder die een wat van die staanspoor af onder verdenking gebring word. Omtrent al die karakters wat De Goede ontmoet wys direk of indirek op Adam Kadmon as die skuldige.

Die laaste 3 afdelings is Quibus Auxiliis? wat in drie verdeel is en waarin die ritueel van die verkragting van die maagd weer oorgespeel word met Hope se skynbare verkragting. Aan die einde van hierdie afdeling word Lila se lyk weer opgegrawe — "'n lewende prentjie van 'n ou legende."¹⁾

Die afdeling Quomodo? beslaan ook 13 onderafdelings en handel oor De Goede se soektog na Adam Kadmon wat in die steniging kulmineer.

In die laaste afdeling Quando? sterf die Reus in die water van die stroom en 'n lofsang tot God styg op.

J.P. Smuts sê: "Die afwyking van 'n streng chronologie by die ondersoek deur 'n speurder wat self blyke gee dat hy hom stip by reëls hou (vgl. pp. 152-153), dui op De Goede se gebrekkige insig in die probleem wat hy moet hanteer en sy onvermoë om dit te kan oplos."²⁾

Die getal 7 is, wat struktuur betref, belangrik in hierdie roman. Dit dui voltooidheid aan.

Die getal 7 is ook 'n belangrike struktuurelement in die roman Die Derde Oog wat uit 7 afdelings bestaan, wat elkeen onderverdeel is. Binne hierdie 7 afdelings kom De Goede se afdaling in Oita baie nou ooreen met Dante se afdaling in die Hel in die Inferno.

Afdeling 1 — Die taak

Hierdie afdeling handel oor De Goede se opdrag van Brigadier Ornassis E. en dit het 'n sterk mitologiese grondslag.

Herakles het hom deur Eurystheus in diens laat neem en die twaalf take wat hy uitgevoer het, was in opdrag van Eurystheus. Die E. in die Brigadier

1) AZ., p. 141

2) Smuts, J.P.: Karakterisering in die Afrikaanse Roman, p. 169

se naam kan dus op Eurystheus slaan. L.S. Venter dui daarop dat Ornassis E. "in mitologiese terme ook Eumolpus, hoëpriester van die Groot Misterieë (is). Hierdie Misterieë is gehou ter ere van Demeter en Persephone; gevolglik het die D(emeter)-diens waarvan Ornassis E. die hoof is, ook 'n religieuse konnotasie."¹⁾ De Goede neem ook deel aan 'n "inwydingsorgie"²⁾ net soos ingewydes in die Eleusiniëse Misterieë ingewy moes word. Die Brigadier se opdrag aan De Goede staan gelyk aan die elfde taak van Herakles, sy reis na die onderwêreld op soek na die hond, Cerberus.

Afdeling 2 — Voorgeskiedenis

Aangesien De Goede en Gudenov teenpole van mekaar verteenwoordig, stem Gudenov ook ooreen met die Herakles-figuur, maar hy gee vergestaltung aan 'n ander aspek van Herakles se karakter. Die Voorgeskiedenis is ook gebaseer op die legendes van Herakles, maar dit is op 'n heeltemal ander siklus gebaseer as die eerste afdeling. Gudenov en Iole se hele verhouding met mekaar en Gudenov se hele agtergrond, wat in hierdie afdeling behandel word, het 'n sterk mitologiese grondslag.

"On his earlier visit to the underworld Heracles had met his friend, Meleager, who asked him to marry his sister, Deianeira, when he returned to earth. Heracles agreed, won the girl after a fight against the river-god, Achelous, who wanted to marry her."³⁾ Dit hou verband met Gudenov se wedywering met Max Auchelos van Riviersonderend om die hand van Katy.⁴⁾

Katy het blykbaar 'n verhouding met Neuman Nessos gehad, en nadat hy per ongeluk deur Gudenov op safari geskiet is, het Katy sy bloedbevleekte japon gehou. Sy besluit om dit na Gudenov te stuur. Dit het ook 'n mitologiese parallel in die Herakles siklus.

".... (Heracles) remained some while at Calydon with his father-in-law, King Oeneus. But he accidentally killed a young relative of the king and thought it best to go into exile. So he set off with Deianeira and their son Hyllus. A centaur called Nessus took travellers across the river Evenus.

1) Venter, L.S.: "Die Religieuse Motief in Die Derde Oog", Standpunte 105 Jg. XXVI, nr. 3, Feb. 1973, p. 4

2) DO., p. 44

3) Larousse: World Mythology, p. 145

4) DO., p. 53

Heracles crossed first. When Nessus had Deianeira in his boat he attempted to violate her. She called for help, and Heracles killed the centaur with an arrow. In his dying moments the latter advised Deianeira to soak a piece of cloth in his blood and make a tunic with it; if her husband should ever cease to love her, she was to dress him in this garment."¹⁾

Gudenov se verblyf in Lydia en sy verhouding met Iole toe hy teruggekeer het, stem ooreen met die volgende deel van die Herakles siklus.

"Writers have been inclined to portray Heracles as an attendant of Omphale, waiting on her, exchanging costume with her and spinning at her feet — echoes perhaps of some Lydian myth in which a goddess was waited on by an effeminate consort. The enslavement lasted three years. On his return, Heracles, who had asked the hand of Iole, youngest daughter of Eurytus, made her his concubine. Then Deianeira remembered the love-charm that Nessus had given her and decided to make use of it."²⁾

Die eerste twee afdelings van Die Derde Oog hou verband met sekere dele van die Herakles siklus, alhoewel Leroux hulle effens wysig en sy eie interpretasie daaraan gee, en dra by tot die siening van De Goede en Gudenov as teenpole van mekaar. Hulle verteenwoordig albei verskillende aspekte van dieselfde karakter.

Afdeling 3 — Die weg na die shopping centre

Vanaf hierdie afdeling begin die handeling in Die Derde Oog ooreenstem met Dante se Inferno.

In die onderafdeling "Suburbia" verdwaal De Goede in die strate van die voorstad en sy weg word versper deur 'n prostituut met "die maanhare van 'n wolf."³⁾ In Canto 1 vind Dante dat hy van die regte pad afgedwaal het en in 'n Donker Bos verdwaal het. Hy kom 'n luiperd, 'n leeu en laastens 'n wolvin teë. In verband met die wolvin staan die volgende woorde daarin, wat ook betrekking het op die prostituut in Die Derde Oog — "With many a beast she mates, and shall with more."⁴⁾ Vergilius verskyn en bied aan om

1) Larousse: World Mythology, p. 145

2) Ibid., p. 145

3) DO., p. 66

4) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 74, reël 100

Dante uit te lei, maar dit sal met 'n ompad wees wat deur Hel en die Vae-
vuur sal lei. Beatrys sal hom dan verder deur Paradys lei. "Once lost
in the Dark Wood, a man can only escape by so descending into himself
that he sees his sin, not as an external obstacle, but as the will to
chaos and death within him (Hell)."¹⁾ Die eendstert verskyn en beduie vir
De Goede dat hy 'n bus na die middestad moet haal.

In die onderafdeling "Transport" stry die buskondukteur, A.C. Theron, met
De Goede omdat hy nie die busgeld het nie en hy wil hom van die bus afgooi.
As De Goede buitekant Oita staan, kyk hy op "en sien die Gudenov-slagspreuk
bo die ingang."²⁾

In Canto 3 kom Dante en Vergilius by die hekke van Hel aan en lees die in-
skripsie bokant die hek. Hulle bereik die rivier Acheron, waar die siele
van die verdoemdes deur Charon oorgevoer moet word. Charon wil nie vir die
lewende Dante oorneem nie en Vergilius moet tussenbeide kom.

Dante en Vergilius bevind hulle in 'n deel wat die tuiste is "of the weather-
cock mind, the vague tolerance which will neither approve nor condemn, the
cautious cowardice for which no decision is ever final. The spirits rush
aimlessly after the aimlessly whirling banner, stung and goaded, as of old,
by the thought that, in doing anything definite whatsoever, they are mis-
sing doing something else."³⁾

In die derde afdeling van Die Derde Oog kyk De Goede na die "swak, negatiewe
gesigte"⁴⁾ van die mense wat in twee strome in teenoorgestelde rigtings
stap "en dis asof hulle aangejaag word deur die nuk van die wind wat deur
die straattonnels van orals kom."⁵⁾ Hy sien hoe die mense heen en weer
beweeg asof iets hulle voortdryf — "willens en in 'n sekere sin ook wil-
loos."⁶⁾

1) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 75 (Footnote)

2) DO., p. 73

3) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 89 (Footnote)

4) DO., p. 71

5) DO., p. 71

6) DO., p. 74

In Canto 4 bevind Dante en Vergilius hulle in die eerste sirkel — "the Limbo where the Unbaptized and the Virtuous Pagans dwell 'suspended', knowing no torment save exclusion from the positive bliss of God's presence."¹⁾

"After those who refused choice come those without opportunity of choice. They could not, that is, choose Christ; they could, and did, choose human virtue, and for that they have their reward The allegory is clear: it is the weakness of Humanism to fall short in the imagination of ecstasy; at its best it is noble, reasonable, and cold, and however optimistic about a balanced happiness in this world, pessimistic about a rapturous eternity."²⁾

Die onderafdeling "Limbus" handel oor Gudenov wie se gedagtes in 'n mymeringsvlug 'n wolk vorm oor die koue kern van sy rede.³⁾ "Volgens oorlewering ken hy nie die ekstase van geloofsoorgawe nie, want 'n besondere foltering is sy deel."⁴⁾ Gudenov is "impotent met die impotensie van die suiwer rede."⁵⁾

Afdeling 4 — Bee-Bee-Doo

In hierdie afdeling word die lewensgeskiedenis van Bee-Bee-Doo, die geïdealiseerde seksgodin, vertel en dit hou verband met Dante se tweede sirkel van die Hel "where the souls of the Lustful are tossed forever upon a howling wind."⁶⁾ Dit, en die volgende drie sirkels — die Sondes van die Luiperd — is die sondes van Selfbevrediging, swak wilskrag en maklike oorgawe aan begeerte en lus. Dié drie sirkels bevat die Vraatsugtiges, die Opgaarders en Verkwisters en die Boses. Die beeld in die tweede sirkel is seksueel en hou nie net verband met Bee-Bee-Doo nie, maar ook met Hope, wat seksuele omgang met al die lede van die D-diens het.

1) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 91

2) Ibid., p. 95 (Footnote)

3) DO., p. 79

4) DO., p. 79

5) DO., p. 80

6) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 97

Afdeling 5 — Die leeu

Die sesde en sewende sirkels vorm saam die eerste deel van die Laer Hel en bestaan uit die Ketterers en die sirkel van Geweld. Dit is die Sondes van die Leeu, wat verband hou met die titel van hierdie afdeling in Die Derde Oog. Volgens die omskrywing van 'n Ketter as "a man who knew what he was doing; he accepted the Church, but at the same time he preferred his own judgment to that of the Church,"¹⁾ pas die Brigadier mooi in by die beeld van 'n Ketter.

In hierdie sirkels vind ons die Minotauri en Sentours — "... demon-guardians compounded of man and brute. They are the types of perverted appetite — the human reason subdued to animal passion."²⁾ Hulle word uitgebeeld in De Goede se geveg met die modegek wat ook sinspeel op Herakles se stryd met Menoetes, die oppasser van Hades se beeste.³⁾ Die sondaars wat in hierdie twee sirkels van die Inferno voorkom, kom ook in hierdie vyfde afdeling van Die Derde Oog voor in die figure van die sadistiese ou man wat vir De Goede pornografiese foto's wys; die kandidate vir die vakbond wat elkeen 'n buurt kry om te praat" en binne daardie tydsbestek 'n beeld van onbaatsugtige dienswilligheid te versoen met persoonlike ambisie"⁴⁾; Gudenov, met sy brutale aanranding van Iole; en die afwykendes, alkoholiste en dwelmverslaafdes⁵⁾ wat De Goede in Oita teëkom.

In Canto 12 kom Dante en Vergilius by die rivier van kokende bloed aan en op Vergilius se versoek stuur Chiron, die hoofsentour, vir Nessus om hulle oor te lei. Nessus kom ook voor in die Herakles siklus, soos al aangetoon is, en dit hou verband met die onderafdeling "Die geskenk" in Die Derde Oog waarin Katy besluit om Neuman Nessos se japon aan Gudenov te stuur om hom ter wille van homself te herstel.

In Canto 13 loop Dante en Vergilius deur 'n bos wat die siele van die Selfmoordplegers huisves en dit hou verband met Bee-Bee-Doo se selfmoord in die vyfde afdeling van Die Derde Oog. In die 14de Canto kom Vergilius en Dante by die sewende sirkel uit, waar die Godlasteraars hulle bevind. In al die

1) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 132

2) Ibid., p. 146

3) Venter, L.S.: "Die Religieuse Motief in Die Derde Oog", Standpunte 105, Jg. XXVI, nr. 3, Feb. 1973, p. 3

4) DO., p. 107

5) DO., p. 116

sirkels van Geweld word die steriliteit beklemtoon — "The bloody river, the dreary wood, the harsh sand, which compose them, to some extent are there as symbols of unfruitfulness."¹⁾ Dit kom ook voor in Die Derde Oog — De Goede voel asof "hulle in 'n woestyn is"²⁾ wat verband hou met die "harsh sand". De Goede se "onmag en woede neem toe omdat hy niks kan vind nie behalwe die saaiheid, die verveeldheid, die onvrugbaarheid"³⁾; beelde van steriliteit kom ook in Bee-Bee-Doo en Hope voor.

In hierdie sewende sirkel word ook die Sodomiete en Woekeraars aangetref. "More generally, the Usurers may be taken as types of all economic and mechanical civilizations which multiply material luxuries at the expense of vital necessities and have no roots in the earth or in humanity"⁴⁾ — 'n beskrywing wat ook op Oita betrekking het.

Afdeling 6 — Die swart wolf

Hierdie eerste sewe sirkels in die Inferno beeld die 7 kardinale sondes uit. Dante het nog twee sirkels bygevoeg — die van Ongeloof en Kattewaad en daarna het hy "the Vestibule of the Futile"⁵⁾ bygevoeg, wat nie eintlik 'n sirkel is nie en wat dus nie genommer is nie.

Laer Hel 2 en 3 bestaan uit die agste en negende sirkels wat saam die Son-des van die Wolf vorm. Die agste sirkel word in 10 loopgrawe verdeel, waarin verskillende geeste hulle bevind, waarvan die meerderheid met figure in die sesde afdeling van Die Derde Oog ooreenstem.

In Oita kyk De Goede om hom "en sien al die bisarre verskynsels waarin die demoniese opgesluit is."⁶⁾ Hy sien die uittog van die dief (Bowge 7 - Thieves); hoor die lied van Bee-Bee-Doo wat gedrink het "uit die beker van fornikasie"⁷⁾ (Bowge 1 - Panders and Seducers); hoor die woorde van die man

1) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 160

2) DO., p. 118

3) DO., p. 119

4) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 178 (Footnote)

5) Ibid., p. 139

6) DO., p. 148

7) DO., p. 144

in die wit jas, die "klein alchemis"¹⁾ (Bowge 10 - Falsifiers. "This canto deals with the falsifiers of things, typified by the Alchemists (transmuters of metals)"²⁾; hoor die kandidate van die vakbond wat "luister gelukkig na griewe en temper hulle beloftes versigtig"³⁾ (Bowge 2 - Flatterers); die "politici, sakemanne, tegnoloë en amptenare"⁴⁾ (Bowge 5 - Barrators — ".... they make profit out of the trust reposed in them by the community; and what they sell is justice")⁵⁾; die ontklee-danseres (Bowge 1 - Panders and Seducers); die huwelik van die idiote (Bowge 3 - Simoniacs — "Simony is the sin of trafficking in holy things, e.g. the sale of sacraments or ecclesiastical offices A mercenary marriage, for example, is also the sale of a sacrament.")⁶⁾ De Goede veg teen "townaars, bedrieërs, ver-raaiers en almal wat besmet is met die siekte van die tyd."⁷⁾

In hierdie afdeling kom De Goede van aangesig tot aangesig met die verpersoonlikings van die sondes wat Dante in sy agste sirkel plaas.

In hierdie afdeling van Die Derde Oog kom die onderafdeling "Lupus Niger — putrifactio, mortificatio, separatio & furens" voor, wat stappe is in die alchemie. Hierdie stappe hou verband met die man in die wit jas "wat voor sy oë die putrifactio en mortificatio gesien het, wat vervul was met die melancholie van die een wat verstaan, wat deel geword het van die drama van dood en lyding, en wat tevergeefs wag op die hergeboorte."⁸⁾

Dit hou ook verband met De Goede en sy ervarings in hierdie afdeling, en dit skakel weer met Dante se Inferno. De Goede besef dat die Swart Wolf orals is en dit stem ooreen met die Sondes van die Wolf.

1) DO., p. 146

2) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 256

3) DO., p. 149

4) DO., p. 149

5) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 205

6) Ibid., p. 192

7) DO., p. 154

8) DO., p. 146

Afdeling 7 — die derde oog

Dante en Vergilius bereik die bodem van die afgrond, die diepste deel van die Hel. "The Ninth Circle is the frozen Lake of Cocytus, which fills the bottom of the Pit, and holds the souls of the Traitors."¹⁾

"A cold and cruel egotism, gradually striking inward till even the lingering passions of hatred and destruction are frozen into immobility — that is the final state of sin."²⁾ In hierdie laaste sirkel tref ons "the last state of the corruption of love; that ever devouring passion, sexual or otherwise, that sets itself against the order of God and the City, bears in itself the seeds of treachery and a devouring passion of destruction."³⁾

In die onderafdeling "Die oë van die Brigadier" kry hierdie beeld vergestaltung as hy 'n nuwe beleid aankondig en oorswaai na sy eertydse vyand se kant. Hierdie diepste dele van die Hel kontrasteer met die ekstase aan die einde van die individuasiëproses. In die afdeling "Die derde oog"⁴⁾ tref ons die mistieke brand van Gudenov aan en in die onderafdeling "Die linkeroog" kry ons Iole se besef van die dieper wysheid in haarself. J.E. Cirlot beweer: "... the eye in the forehead is linked up with the idea of destruction, for obvious reasons in the case of the single eye; but the same also applies when there is a third eye in the forehead, as with Siva (or Shiva). This is explained by reference to one of the facets of the symbolism of the number three: for if three can be said to correspond to the active, the passive and the neutral, it can also apply to creation, conservation and destruction."⁵⁾

Volgens E. Deudney is daar in die egte siklus "'n uitdruklike tydsopenvolging van die lede met betrekking tot mekaar "⁶⁾ en dit geskied ook in die

1) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 271

2) Ibid., p. 275

3) Ibid., p. 282

4) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 95: "... the third eye is symbolic of the superhuman or the divine."

5) Ibid., p. 95

6) Deudney, E.: "Die Siklus as Literêre soort." Standpunte 104, Jg. XXVI, nr. 2, Des. 1972, p. 15

Afdeling 7 — die derde oog

Dante en Vergilius bereik die bodem van die afgrond, die diepste deel van die Hel. "The Ninth Circle is the frozen Lake of Cocytus, which fills the bottom of the Pit, and holds the souls of the Traitors."¹⁾

"A cold and cruel egotism, gradually striking inward till even the lingering passions of hatred and destruction are frozen into immobility — that is the final state of sin."²⁾ In hierdie laaste sirkel tref ons "the last state of the corruption of love; that ever devouring passion, sexual or otherwise, that sets itself against the order of God and the City, bears in itself the seeds of treachery and a devouring passion of destruction."³⁾

In die onderafdeling "Die oë van die Brigadier" kry hierdie beeld vergestaltung as hy 'n nuwe beleid aankondig en oorswaai na sy eertydse vyand se kant. Hierdie diepste dele van die Hel kontrasteer met die ekstase aan die einde van die individuasiëproses. In die afdeling "Die derde oog"⁴⁾ tref ons die mistieke brand van Gudenov aan en in die onderafdeling "Die linkeroog" kry ons Iole se besef van die dieper wysheid in haarself. J.E. Cirlot beweer: "... the eye in the forehead is linked up with the idea of destruction, for obvious reasons in the case of the single eye; but the same also applies when there is a third eye in the forehead, as with Siva (or Shiva). This is explained by reference to one of the facets of the symbolism of the number three: for if three can be said to correspond to the active, the passive and the neutral, it can also apply to creation, conservation and destruction."⁵⁾

Volgens E. Deudney is daar in die egte siklus "'n uitdruklike tydsopenvolging van die lede met betrekking tot mekaar "⁶⁾ en dit geskied ook in die

1) Dante: The Divine Comedy (Part 1, Hell), p. 271

2) Ibid., p. 275

3) Ibid., p. 282

4) Cirlot, J.E.: A Dictionary of Symbols, p. 95: "... the third eye is symbolic of the superhuman or the divine."

5) Ibid., p. 95

6) Deudney, E.: "Die Siklus as Literêre soort." Standpunte 104, Jg. XXVI, nr. 2, Des. 1972, p. 15

Welgevonden-trilogie. Een vir Azazel beeld die Stigting uit 18 jaar nadat Welgevonden aan die Stigting oorgegee is en in Die Derde Oog word die Stigting net terloops genoem. Dit het heeltemal vervaag en Oita het sy plek ingeneem.

Uit my ondersoek in verband met die ruimtelike plasing in die drie romans, asook die karakters wat in elkeen van die romans voorkom, blyk dit duidelik dat die Welgevonden-trilogie 'n baie hegte struktuur het, met hoofsaaklik die volgende belangrike sikliese elemente:

- i) tydsopenvolging van die romans met betrekking tot mekaar;
- ii) die kerntema van individuasie wat sentraal staan in elkeen van die romans;
- iii) 'n duidelike fasettering in hierdie tema wat kulmineer in Gudenov se bereik van die doelpunt: die ervaring van die argetipe van die Self;
- iv) 'n standhoudende kern wat gebou word met en versterk word deur o.a. terugkerende simbole en motiewe in elkeen van die romans en selfs die herhaling van sekere woorde (wat hoofsaaklik op die individuasieproses betrekking het.)

SUMMARY

In this study of the cyclic aspects in the Welgevonden trilogy by Etienne Leroux, it is evident that:

- i) the three novels follow in a chronological sequence;
- ii) the main theme of individuation is a core in each novel;
- iii) the various facets of this theme culminate in the attainment of the goal — Gudenov's experience of the archetype of the Self;
- iv) there is a permanent core accentuated by, amongst other things, recurring symbols and motives which appear in each of the novels comprising the trilogy, as well as in certain recurring words (pertaining mainly to the individuation process.)

In Chapter I the three central symbols in each of the novels, each of which depicts a specific stage in the development of that specific society, was examined. It became apparent that collectivism, with the concomitant loss of importance of the individual; the estrangement of man from his essential religious nature; the assimilation of Good by Evil; and man's futile attempts to prevent anarchy, are carried a step further in each of the novels. Each one portrays a further step in the disintegration of society.

In Chapter II the central theme of individuation was studied and its portrayal by the main characters. It was ascertained that the minor characters represent certain archetypes, or attributes of the archetypes. They support the field of reference. The characters in each of the novels have parallels in other characters both in the same and in the other novels.

Chapter III is a resumé of these findings. The recurrence of the number seven was also discussed in order to show how certain recurring motives and symbols contribute to the cyclic characteristics of this trilogy.

BIBLIOGRAFIE

Geraadpleegde werke

1. AUCAMP, H. et al

Gesprekke met Skrywers 1,
Tafelberg Uitgewers, Kaapstad en Johannesburg, Eerste
Uitgawe, 1971

2. CIRLOT, J.E.

A Dictionary of Symbols,
Routledge and Kegan Paul (English translation), Philo-
sophical Library, New York, 1962

3. DANTE

The Divine Comedy (Part 1, Hell),
Sayers, D.L. (trans.), Penguin Books, Watson & Viney,
Great Britain, Reprinted 1971

4. _____,

The Divine Comedy (Part 2, Purgatory),
Sayers, D.L. (trans.), Penguin Books, Chaucer Press,
Great Britain, Reprinted 1969

5. DEGENAAR, J.J.; W.A. DE KLERK en M. VERSVELD

Beweging Uitwaarts,
John Malherbe Edms. Bpk., Kaapstad, 1969

6. DEUDNEY, E.S.

Die Siklus as kompositoriese probleem, met besondere
verwysing na twee siklusse van D.J. Opperman,
M.A.-verhandeling, R.A.U., 1971

7. ELIADE, M.

Myths, Dreams and Mysteries,
Mairet, P. (trans.), Harvill Press, London, 1960

8. FORDHAM, F.

An Introduction to Jung's Psychology,
Penguin Books, Middlesex, Reprinted 1954

9. FORSTER, E.M.

Aspects of the Novel,
Edward Arnold Pub., London, Pocket edition, Reprinted
1960

10. JACOBI, J.

Complex/ Archetype/ Symbol in the psychology of
C.G. Jung,
Routledge and Kegan Paul, London, 1959

11. JUNG, C.G. and C. KERENYI

Introduction to a Science of Mythology,
Hull, R.F.C. (trans.), Routledge and Kegan Paul, London,
1951

12. JUNG, C.G.

Essays on Contemporary Events,
Welsh, E.; B. Hannah and M. Briner (trans.), Kegan
Paul, London, 1947

13. _____,

Memories, Dreams, Reflections,
Winson, R. and C. Winston (trans.), Fontana Library
of Theology and Philosophy, Collins, London, 8th
Impression, 1974

14. _____,

Modern Man in search of a Soul,
Dell, W.S. and C.F. Baynes (trans.), Routledge and
Kegan Paul, London, Reprinted 1973

15. _____,

Mysterium Coniunctionis,
Hull, R.F.C. (trans.), Collected Works of C.G. Jung
Vol. 14, Routledge and Kegan Paul, London, 1963

16. _____,

Symbols of Transformation,
Hull, R.F.C. (trans.), Collected Works of C.G. Jung
Vol. 5, Routledge and Kegan Paul, London, 2nd edition,
1967

17. _____,

The Basic Writings of C.G. Jung,
Staub de Laszlo, V. (ed.), The Modern Library,
Random House, New York, 1959

18. _____,

Two Essays on Analytical Psychology,

Hull, R.F.C. (trans.), Read, H.; M. Fordham and G. Adler (eds.), Collected Works of C.G. Jung Vol. 7, Bollingen Series XX, Pantheon Books, New York, 1953

19. KANNEMEYER, J.C.

Op Weg na Welgevonden,

Academica, Pretoria en Kaapstad, 1970

20. LAROUSSE

World Mythology,

Grimal, P. (ed.), Paul Hamlyn, London, 1965

21. LEROUX, E.

Die Derde Oog,

Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, Tweede druk, 1975

22. _____,

Een vir Azazel,

Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1964

23. _____,

Sewe Dae by die Silbersteins,

Human en Rousseau, Kaapstad, 1962

24. SMUTS, J.P. en H.D. BÜTTNER (red.)

Woordwêreld,

Human en Rousseau, Kaapstad, 1963

25. SMUTS, J.P.

Karakterisering in die Afrikaanse Roman,

Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij, Pretoria, 1975

26. SPENCER, S.

Mysticism in World Religion,

Pelican Books, C. Nicholls & Co., Great Britain, 1963

27. SHULMAN, S.

Dreams,

Macdonald Unit 75, London, 1970

Geraadpleegde tydskrifte, koerante en artikels

1. DEUDNEY, E.
"Die Siklus as literêre soort," Standpunte 104,
Jg. XXVI, nr. 2, Des. 1972
2. ESTER, H.
"Die Groteske wêreld van Een vir Azazel,"
Standpunte 109, Jg. XXVII, nr. 7, Okt. 1973
3. GROVÉ, A.P.
Resensie van Een vir Azazel,
Die Vaderland, 9 Okt. 1964
4. MÜLLER, H.C.T.
Resensie van Een vir Azazel, Kriterium 7,
Jg. II, nr. 3, Okt. 1964
5. RAIDT, E.
"Opvattings oor die literêre simbool,"
Kriterium 2, Jg. I, nr. 2, Julie 1963
6. VAN RENSBURG, F.I.J.
"Etienne Leroux as Siklusbouer," Standpunte,
Jg. XXV, nr. 6, Aug. 1972
7. VAN STRATEN, A.
"Die Derde Oog sien Amerika hier by ons! (Deel 1),
Tydskrif vir Letterkunde, V:2, Mei 1967
8. _____,
"Die Derde Oog sien Amerika hier by ons! (Deel 2),
Tydskrif vir Letterkunde, V:3, Aug. 1967
9. VENTER, L.S.
"Die Religieuse Motief in Die Derde Oog,"
Standpunte 105, Jg. XXVI, nr. 3, Feb. 1973
10. VERMEULEN, H.J.
"Die Derde Oog as Ghoeroe," Standpunte 98,
Jg. XXV, nr. 2, Des. 1971